UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faculty of Theology and Religion

# Beeldsending van die liturgie: 'n Ruimtelik-liturgiese ondersoek

**deur**

**Marco la Grange**

*Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister in Teologie in die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria*

Studieleier: Prof. Cas Wepener

Departement: Praktiese Teologie

Augustus 2018

Room 4-1.7, Level 4, Building
University of Pretoria, Private Bag X20
Hatfield 0028, South Africa
Tel +27 (0)12 420 1234
Fax +27 (0)12 420 5678
Email marcolagrange@icloud.com
www.up.ac.za

Fakulteit Teologie en Religie
Lefapha la Thutatumelo le Bodumedi

**VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID**
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Die Departement Praktiese Teologie lê sterk klem op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle geskrewe werk wat vir akademiese evaluering ingedien word.

Terwyl akademiese personeel u leer hoe om verwysingstegnieke te gebruik en plagiaat te vermy, het u ook ’n verantwoordelikheid in hierdie verband. Indien u in enige stadium onseker is oor wat van u verwag word, moet u u dosent raadpleeg voordat u enige geskrewe werk indien.

U is skuldig aan plagiaat wanneer u iets uit ’n ander outeur se werk (bv. ’n boek, artikel of webtuiste) kopieer sonder om erkenning aan die bron te gee en dit as u eie werk aanbied. U is in werklikheid besig om iets wat aan iemand anders behoort, te steel. Dit geld nie slegs wanneer u werk woordeliks kopieer nie, maar ook wanneer u iemand anders se werk in ’n effens gewysigde formaat (geparafraseer) aanbied of ’n argument gebruik sonder om erkenning daaraan te gee. U mag nie werk indien wat voorheen deur ’n ander student geskep is nie. U mag ook niemand toelaat om u werk te kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

Studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat, sal geen krediet vir die geplagieerde werk ontvang nie. Die aangeleentheid kan ook na die Komitee vir Dissipline (Studente) verwys word vir ’n beslissing. Plagiaat word as ’n ernstige oortreding van die Universiteit se reëls beskou en kan tot skorsing uit die Universiteit lei.

Alle geskrewe werk wat u indien terwyl u ’n student in die Departement Praktiese Teologie is, moet van die volgende verklaring vergesel word. Geen geskrewe werk sal aanvaar word indien die verklaring nie voltooi en aangeheg is nie.

Student se volle name: Marco la Grange
Studentenommer: 10150049
Onderwerp van werkstuk: aBeeldsending van die liturgie: ’n Ruimtelik-liturgiese ondersoek


**Verklaring**

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.

2. Ek verklaar dat hierdie miniverhandeling my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit ’n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.
3. Ek het nie werk wat voorheen deur ’n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.

4. Ek het nie toegelaat en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

**HANDTEKENING**..........................................................................................................................



## Bedankings

Ek wil graag my dank en waardering uitspreek teenoor

- ons Hemelse Vader wat vir my ongelooflike geleenthede gee om meer en meer van Hom te leer en my die vermoë gee om hierdie studie aan te pak; wat besondere mense op my pad stuur om my te vorm en vir ons onvoorwaardelik lief is.
- my vrou Anika, wat altyd regstaan om my te ondersteun in al my drome en idees en wat saam met my deur die Here geroepe voel om in hierdie wêreld ’n verskil te maak. Dankie vir alles wat jy vir my doen en beteken. Jy is reeds ’n wonderlike ma.
- Prof Cas Wepener vir raad en leiding. U is iemand wat struktuur gee aan die idees van baie mense en help om dit ’n realiteit te maak. Dit bly altyd ’n voorreg om saam met Prof. te werk.
- my ouers vir raad, leiding en ondersteuning in jare se studies. Dankie dat julle my opgevoed het met ’n voorbeeld van ware Christene.
- Ida Gräbe vir die taalversorging.
- NG Gemeente Koedoeskop, wat gedien het as subjek vir hierdie studie.
- Die lidmate van NG Koedoeskop wat deelgeneem het aan die fokusgroep-gesprekke;
- Amos Schreuder, wat dien as mentor en leier in die kerk. Dankie vir al die raad, wysheid en ervaring wat Oom met ons deel.
- Danél, jy moet nog gebore word terwyl ek hier skryf, maar ek het jou reeds baie lief.

# Abstract

Over the past more or less three decades the use of multimedia resources within the church increased drastically due to technological development and the increased use of multimedia in the secular industry. In the Dutch Reformed Church of South Africa, the usage of multimedia also increased during this period. Due to the fact that symbols and rituals play a big part in the liturgy of this denomination, the need to research this phenomenon theologically has become evident.

Another phenomenon that occurs is that preachers in this specific denomination have become a luxury in some contexts. Many of the rural farming communities still have the need for a traditional church service, but do not have the necessary resources to offer this. There are multiple reasons for this phenomenon, including urbanization.

The result is that preachers have to serve more than one church at the same time, in multiple contexts and usually over big demographic areas. So how does one preacher serve more than one congregation at a time on a Sunday morning? How does one person enter two different spaces at once? How does one person participate in two different liturgies at once? It simply isn't humanly possible, or is it?

The use of modern technology to create multiple spaces for the use of one person isn't a new concept for various church denominations throughout the world. Streaming the visuals and audio of a liturgical space to another space makes it possible for one person to facilitate a liturgy in more than one space, even if the two spaces are worlds apart.

But how does this affect the liturgy? How does the absence of the preacher affect the congregation? Can the liturgy really reach its full potential without the physical presence of the liturgist?

All of this begs the question: Can multi-media be successfully implemented within the liturgical space to complement the liturgy and thereafter complete the ultimate reason for being in the space of liturgy in the first place: serving God and bringing people into a space of conversation and awe for the Lord Almighty?

## Opsomming

In die afgelope dekade of drie het die gebruik van multimediahulpbronne in die kerk drasties toegeneem weens die toename in die gebruik hiérvan in die sekulêre wêreld. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die gebruik van multimedia ook toegeneem in dieselfde tydperk. Die feit dat simbole en rituele ’n groot rol in die liturgie van hierdie kerkdenominasie speel, noodsaak die teologiese ondersoek.van hierdie verskynsel.

‘n Ander uitdaging waarmee hierdie kerkdenominasie sit, is die feit dat liturge (as tradisionele “dominees”), ’n luuksheid geword het in sommige kontekste. Baie van die afgeleë boerderygemeenskappe het steeds die behoefte aan ’n tradisionele erediens, maar het nie die nodige hulpbronne om dit te bewerk nie. Daar is verskeie redes waarom hierdie fenomeen bestaan, verstedeliking ingesluit.

Die resultaat hiervan is dat liturge meer as een kerk, of preekpunt op ‘n slag moet bedien in verskillende kontekste, en meestal in groot demografiese areas. Hoe kan dat een persoon meer as een gemeente op ’n slag bedien? Hoe kan een liturg tegelykertyd op twee plekke wees?

Die gebruik van moderne tegnologie om meer as een ruimte te skep sodat een persoon op meer as een plek kan preek, is nie ’n nuwe verskynsel nie. Dit word reeds deur baie kerkdenominasies regoor die wêreld gebruik. Oudiovisuele duitsending van een liturgiese ruimte na ’n ander maak dit moontlik vir een liturg om ’n liturgie op twee verskillende plekke te fasiliteer, al is die twee plekke wêrelde van mekaar af.

Die vraag is egter, hoe affekteer hierdie gebruik die liturgie? Hoe affekteer die afwesigheid van die liturg die gemeentelede? Die groot vraag is: Kan die liturgie werklik tot sy volle reg kom as die liturg nie teenwoordig is nie? Of anders gestel: Komplementeer die implementering van multimedia die liturgie tot só ’n mate dat die liturgie steeds kan doen waarvoor dit in die eerste plek daargestel is: om mense in verwonderde gesprek met God te bring?

**Keywords**

Liturgy

Space

Sermon

Streaming

Architecture

Koedoeskop

Focus group

Experience

History

Presence

**Kernwoorde**

Liturgie

Ruimte

Erediens

Beeldsending

Argitektuur

Koedoeskop

Fokusgroepe

Toe-eiening

Geskiedenis

Teenwoordigheid

# Inhoud

1 Inleiding ..................................................1

1.1 Motivering ..................................................1
1.2 Navorsingsvraag ..................................................4
1.3 Wat hierdie verhandeling nie behels nie ..................................................4
1.4 Struktuur van die verhandeling ..................................................5

2 Teorie en Metodologie ..................................................10

2.1 Inleiding ..................................................10
2.2 Liturgie ..................................................11
2.2.1 Argitektoniese uitleg waarbinne die liturgie gevier word ..................................................13
2.2.2 Multimedia en die liturgie ..................................................17
2.3 Die erediens ..................................................19
2.3.1 Vernuwing van die erediens ..................................................21
2.3.2 Eredienste in kleiner gemeentes ..................................................24
2.3.3 Die liturg se rol in die erediens ..................................................26
2.3.4 Tuiskom van die liturgie by die erediensgangers ..................................................27
2.4 Metodologie ..................................................32

3 Erediens, liturgie en ruimte ..................................................43

3.1 Inleiding ..................................................43
3.2 Geskiedenis van liturgie ..................................................44
3.3 Geskiedenis van die erediens ..................................................49
3.4 Ruimte ..................................................54

4 Ontwikkeling van kerkgeboue en liturgiese ruimtes deur die eeue........59

4.1 Inleiding ..................................................59
4.2 Vroeë geskiedenis van kerkgeboue ..................................................60
4.2.1 Die vroeë Christendom (eerste drie eeue) ..................................................61
4.2.2 Vierde eeu ná Christus ..................................................63

4.2.3 Boustyl van kerke ná ±324 ....65
4.2.4 Die 19de eeu ....71
4.3 Gereformeerde kerkgeboue in Suid-Afrika ....72
4.4 Geskiedenis van NG Gemeente Koedoeskop ....77
4.5 Die kerkgebou na 2000 ....82
4.6 Samevatting ....84

5 Toe-eiening van die liturgie in die NG Gemeente Koedoeskop ....85

5.1 Inleiding ....85
5.2 Empiriese ondersoek – Fokusgroepe ....86
5.2.1 NG Koedoeskop ....86
5.2.2 Verwerking van data ....89
5.2.2.1 Gesprek 1 – Koedoeskop ....91
5.2.2.2 Gesprek 2 – Rooiberg ....96
5.2.2.3 Gesprek 3 – Kromdraai ....100
5.3 Gevolgtrekking uit Navorsingsdata (fokusgroepe) ....105
5.3.1 Bevindinge vanuit die fokusgroepe ....105
5.3.2 Kernpunte uit die empiriese navorsing ....107
5.4 Konklusie ....108

6 Gevolgtrekking ....109

6.1 Inleiding ....109
6.2 Gevolgtrekking uit die literatuurstudie ....110
6.3 Gevolgtrekking van die empiriese ondersoek ....112
6.4 Antwoord op kernvraag ....114
6.4.1 Die invloed van die aanwesigheid van die liturg op die toe-eiening van die erediensganger ....114
6.4.2 Die invloed van die afwesigheid van die liturg op die toe-eiening van die erediensganger ....115
6.5 Model vir die uitsending van die liturgie ....117
6.6 Beperkings ....119
6.7 Aanbevelings ....120

6.7.1 Navorsing ........................................................................................................ 120
6.7.2 Opleiding ........................................................................................................ 121
Bronne ........................................................................................................ 122
Gemeentebronne ........................................................................................................ 130
Addendum A ........................................................................................................ 131
Addendum B ........................................................................................................ 153

*“Congregations that wish to remain relevant within the aetas digitalis must undergo a shift from being mere providers of the correct information, to becoming mentors, co-travellers and wise guides who assist one another, as well as others, to make sense of this information in order to apply it, to the glory of God and for the benefit of others.”*

*– S. Joubert en W.J. Schoeman*

# 1 INLEIDING

## 1.1 MOTIVERING

Suid-Afrika se demografie is, soos baie ander lande in die wêreld s'n, konstant besig om te verander. Die plattelandse gebiede het om verskeie redes mettertyd begin verklein. Daar is al reeds meer as 25 jaar gelede deur Smith (1992) uitgewys hoe verstedeliking in Suid-Afrika plaasvind. Hierdie verskynsel het 'n groot invloed op die NG Kerk se eie demografie in die sin dat megagemeentes in die stede ontstaan en plattelandse gemeentes krimp.

Hendriks (2012:1) wys in "Die toekoms van die klein plattelandse gemeente", hoe daar onder tien plattelandse gemeentes in Suid-Afrika in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ondersoek ingestel is om vas te stel wat die redes vir die verkleining van die gemeentes is. In hierdie ondersoek word ook uitgewys dat baie gemeentes op die platteland in Suid-Afrika verklein weens verstedeliking en 'n afname in dooplidmate.

Alhoewel kleiner plattelandse gemeentes verklein het, bestaan baie van hulle egter nog steeds daar met 'n kleiner getal lidmate. 'n Kleiner lidmaattal in die gemeente beteken uit die aard van die saak ook 'n kleiner inkomste vir die gemeente, wat die aanstel van 'n permanente predikant in baie gevalle bemoeilik. Die resultaat hiervan is dat gemeentes binne die spesifieke geografiese area 'n predikant deel. Dit wil sê dat een predikant meer as een gemeente bedien.

Finansies speel volgens Hendriks (2012:2) dus 'n rol in gemeentes wat nie meer 'n leraar kan bekostig nie. Hy lig uit dat daar in baie van die gemeentes waar daar wel nog 'n leraar is, die grootste deel van die gemeente se inkomste gebruik word om hierdie leraar te betaal, met die gevolg dat die gemeentelede hieroor skuldig voel. Hierdie verskynsel skep dadelik die indruk dat, was dit nie vir die finansiële situasie nie, was daar nie hierdie probleem van 'n tekort aan predikers t in kleiner gemeentes nie.

Dreyer (2016:156) wys daarop dat finansiële druk in gemeentes dikwels tot die bedanking van 'n predikant lei. Die kerk, wat vir die predikant 'n geloofskonteks behoort te wees, verander in 'n werkkonteks met talle frustrasies.

Hierdie verskynsel het tot gevolg dat die predikant groot afstande moet reis asook vele logistieke uitdagings rondom hoe laat daar op ’n Sondag by watter gemeente ’n erediens sal plaasvind. Laasgenoemde oplossing blyk egter nie volhoubaar te wees nie en is dit nodig om nog alternatiewe toepassings van die erediens te ondersoek.

Een oplossing wat vorendag gekom het, was die gebruik van ouderlinge, d.w.s. aangestelde kerkleiers, om eredienste waar te neem. Hierdie persone word opgelei en bemagtig met die nodige kennis en vaardighede om te kan preek. Hierdie opsie blyk ’n goeie oplossing te wees behalwe vir die feit dat ouderlinge, volgens die NG Kerkorde (2013:133), nie sakramente mag bedien nie. Daar is ook nie in alle gevalle geskikte persone beskikbaar vir die opleiding en uitvoering van die taak nie.

Nog ’n oplossing is moontlik dat die liturg by meer as een kerk op ’n slag preek, terselfdetyd. Dit bly egter menslik onmoontlik, tensy die moderne tegnologie ingespan word. Volgens (Chupungco 2010:12) word die moderne tegnologie beskou as ’n geskenk van God wat in die liturgie aangewend moet word:

“But if we regard modern technology as one of God’s greatest gifts to humankind, can we simply ignore or dismiss its entry into the domain of liturgical worship?” (Chupungco 2010:12).

Met die moderne tegnologie wat besig is om te groei teen ’n tempo wat moeilik is om te bepaal, blyk dit onvermydelik dat die liturgie van die kerk ook deur hierdie verskynsel geraak word. Multimediagebruik in die erediens is besig om toe te neem regoor die wêreld in verskeie kerkdenominasies en word reeds beskou as deel van kerkwees en die tradisie van baie kerke.

Die moderne tegnologie kan dit vir die liturg moontlik maak om by een gemeente te preek waar die liturgie opgeneem word, en lewendig gebeeldsend word na ’n ander gemeente wat dan deel het daaraan op die skerm voor in die liturgiese ruimte. Die tegnologiese toepassing van beeldsending word nie noodwendig in hierdie tesis genoem nie aangesien dit reeds ’n realiteit is.

Die vraag is egter: Watter invloed het hierdie metode op die liturgie en/of die erediensgangers? Is die aanwesigheid van die liturg nodig vir die liturgie om tot volle reg te kom en indien wel, sal die liturgie steeds tot volle reg kan kom in die liturg se afwesigheid?. Dit gaan dus oor die aard van die ruimte. Die liturgiese ruimte verskuif nou van ’n fisiese ruimte na ’n virtuele ruimte.

Om hierdie ruimte ten volle te verstaan, is dit nodig om te verken wat presies die erediens en die liturgie onderskeidelik behels. Daar word ook gefokus op tradisie, ritueel en simbole, aangesien dit wesenlik deel is van die liturgie en die erediens. Die geskiedenis en ontwikkeling van beide die liturgie en die erediens word ook betrek.

Omdat dit die liturgiese ruimte is wat wesenlik deur ’n verskynsel soos “beeldsending” geraak sal word, word daar na die geskiedenis van die liturgiese ruimte gekyk. Hierdie ruimtes het oor eeue heen ontstaan en ontwikkel. Daar word oorsigtelik ook na die geskiedenis van kerkgeboue gekyk ten einde die geskiedenis van kerkgeboue in Suid-Afrika te verken.

Hierdie studie kan gemeentes, veral in die plattelandse gebiede help om te bepaal of die moderne tegnologie in die erediens ’n moontlik oplossing kan wees vir die bediening van die Woord oor groot geografiese areas. Dit hou ook voordele in vir lidmate in gemeentes wat om bepaalde redes nie eredienste kan bywoon nie. ’n Bedlêende lidmaat kan ook die ruimte van die erediens betree deur van sy of haar rekenaar/tablet/foon gebruik te maak. Dit lyk egter asof die moderne tegnologiese metodes groot voordele vir die kerk kan inhou en daarom moet dit deeglik ondersoek word.

As die moderne tegnologie kan help om alle simbole, rituele en tradisies van een ruimte na ’n ander ruimte te projekteer, en dit die kerk kan bystaan met die demografiese uitdagings, moet dit ondersoek word. Daar is ondersoek ingestel om vas te stel of ’n studie van soortgelyke aard reeds gedoen is, maar dit blyk nie die geval te wees nie. Daar is egter n tendens onder al hoe meer akademici om “ruimte” as konsep te ondersoek.

Matthee (2015) ondersoek in sy MTh-studie die ruimte wat binne die virtuele wêreld van ’n rekenaarspeletjie voorkom. La Grange (2013) argumenteer dat daar ’n tekort is aan

navorsing op die gebied van multimedia in die erediens en kerklike ruimtes. Soos wat die wêreld ’n nuwe virtuele ruimte bekom het, blyk dit onvermydelik dat die kerk ook in hierdie ruimte inbeweeg het, of andersom, dat hierdie ruimte in die kerk inbeweeg het.

Multimedia breek ’n hele nuwe wêreld oop vir die liturgie en kan van baie groot waarde wees vir die immer reformerende Protestantse kerkradisie, waarvan die NG Kerk ook deel is. Elke nuwe simbool, teken, ruimte, ritueel of tradisie binne die kerk verdien egter om, soos hulle voorlopers, die onderwerp van teologiese nadenke te wees (vgl. Burger, et al. 2009).

## 1.2 NAVORSINGSVRAAG

Watter invloed het die fisiese aan- of afwesigheid van die liturg in die liturgie op die toe-eiening van die liturgie by die erediensgangers?

## 1.3 WAT HIERDIE VERHANDELING NIE BEHELS NIE

Die liturgie is ’n baie wye studieveld. Verskeie aspekte van die liturgie word in hierdie studie aangeraak. Die multimedia en moderne tegnologiese vooruitgang vind plaas teen ’n spoed wat niemand kan bereken nie. Om al die verskillende tegnologiese metodes in hierdie tesis uit te wys, sal egter nie moontlik wees nie.

In hierdie ondersoek gaan daar gebruik gemaak word van die semi-gestruktureerde fokusgroepmetode. Daar is dus ’n aantal vrae opgestel en ’n sekere getal kandidate is uitgesoek om aan die fokusgroepgesprekke deel te neem. Die studie is dus kwalitatief en daar is nie kwantitatiewe ondersoekmetodes in hierdie verhandeling benut nie.

Die multimedia en die gebruik daarvan vir virtuele liturgie word reeds deur verskeie kerkdenominasies gebruik. Die ondersoek gaan in hierdie studie egter net beperk word tot een denominasie. Die NG Kerkdenominasie is geselekteer vir hierdie studie en spesifiek een geselekteerde NG kerk, naamlik NG Koedoeskop.

Hierdie verhandeling handel nie oor die voorbereiding of installering van multimediahulpmiddele in die erediens nie. Alhoewel daarna verwys word, is dit net in die konteks van die spesifieke liturgiese ruimte waarin dit gebruik word, die kerkgebou ter sprake en die hulpbronne wat beskikbaar is. Daar word ook nie in hierdie tesis gekyk na verskillende tipes tegnologiese metodes, toestelle of programmatuur nie. Daar is ’n baie wye verskeidenheid opsies wat gebruik kan word om die virtuele ruimte te skep maar hierdie opsies word nie in hierdie studie ondersoek nie.

Dit is dus duidelik dat die virtuele liturgie tegnologie reeds moontlik is en dit nie nodig is om ander wetenskappe te betrek om te bewys dat dit tegnologies moontlik is om die liturgie in ’n virtuele ruimte te skep nie. Hierdie studie handel eerder oor die liturgie binne hierdie spesifieke ruimte as gegewe en die toe-eiening daarvan deur die erediensgangers.

Die studie bevat ook geskiedenis rondom die ontwikkeling van die argitektuur en liturgiese ruimte. Die geskiedenis hiervan is egter van ’n groter omvang as wat hierdie studie toelaat, en word dus net aangeraak. Dit word weergegee om sekere tendense in die geskiedenis uit te wys wat moontlik ’n invloed op die toekoms van die argitektuur van kerke sowel as die liturgiese ruimte kan hê.

Hierdie studie handel nie oor multimediaetoepassings soos televisie en radio nie. Alhoewel soortgelyke konsepte teenwoordig is en aangeraak word, is die resultate van hierdie studie moontlik ook van toepassing op hierdie terreine.

## 1.4 STRUKTUUR VAN DIE VERHANDELING

Praktiese teologie is ’n komplekse dissipline. Dit is ’n streng teologiese vakgebied wat, ten spyte van ’n unieke uitkyk op teologie en teologiese ontwikkeling, aanhoudend toevoeg tot die wyer veld van teologie en teologiese praktyke in die kerke van die wêreld (Swinton & Mowat:2016).

Praktiese teologie ondersoek die komplekse teologiese en praktiese dinamiek van spesifieke situasies ten einde die ontwikkeling te stimuleer van ’n transformatiewe en

verhelderde verstaan van wat ein die spesifieke situasie aangaan. Om hierdie rede word hierdie ondersoek binne die studieveld van Praktiese teologie gedoen; om juis te verken wat ein ’n bepaalde situasie gebeur (Swinton & Mowat:2016).

Hierdie tesis bou op ’n literatuurstudie wat die liturgie en erediens deeglik ondersoek. Ten einde te verstaan wat presies eredienshangers tydens ’n erediens vir hulle toe-eien, is dit belangrik om uit te wys wat presies tydens die erediens en spesifiek tydens die liturgie gebeur, en wat die rol van beide die liturg en eredienshangers in die erediens is.

Ná die literatuurstudie word die fokusgroepmetode gebruik om eredienshangers se indrukke van die aan- en afwesigheid van ’n liturg in die erediens te verken. Hierdie verkenning word gedoen teen die agtergrond van ’n plattelandse gemeente waarin daar reeds ’n behoefte aan drie eredienste op ’n Sondag bestaan, maar waarin daar slegs enkele predikers teenwoordig is.

Hierdie metode sal juis help om die eredienshanger se toe-eiening van die erediens en liturgie vas te vang en dit dan te analiseer om ’n groter prent te vorm. Die literatuurstudie sal daarna weer toegepas word op dit wat die empiriese ondersoek opgelewer het, ten einde by die konklusie uit te kom. In die konklusie word die resultate saamgevat om uit te wys wat presies die studie opgelewer het, watter tekortkominge daar nog in die studie is en hoe dit in die toekoms hanteer kan word.

Omdat die liturgie en liturgiese ruimte deur hierdie studie beïnvloed word, pas hierdie studie by die studieveld van Praktiese Teologie. Hierdie studie maak deel uit van die veld Liturgiewetenskap en fokus op die liturgiese ruimte. Liturgiewetenskap pas op sy beurt weer in by die Praktiese Teologie. Volgens Osmer (2008:4) is daar vier vrae wat gevra kan word tydens ’n prakties-teologiese studie:

1. Wat is aan die gang?
2. Hoekom is hierdie proses aan die gang?
3. Wat moet eintlik aan die gang wees?
4. Hoe moet ons hierop reageer?

Om hierdie vrae te beantwoord, word daar van kernnavorsingstake (Osmer 2008) van die Praktiese Teologie g gebruik gemaak:

1. Die beskrywend-empiriese taak: Dit behels die invorder van inligting wat help om patrone en dinamika in spesifieke episodes, kontekste en situasies te analiseer.

2. Die verklarende taak: Hier word die teorie van die kunste en wetenskappe ondersoek om 'n beter verstaan te kweek en te verduidelik waarom hierdie patrone en dinamiek voorkom.

3. Die normatiewe taak: Dit is die gebruik van teologiese konsepte om sekere episodes, konsepte of situasies te interpreteer en etiese norme saam te stel om die respons te lei. Hier word dus geleer uit die "goeie-praktyk".

4. Die pragmatiese taak: Om strategiese planne van aksie uit te werk wat die situasie op aanvaarbare maniere sal beïnvloed en om die respons wat daaruit voortspruit reflektief te ondersoek (Osmer 2008: 4).

Die struktuur van die verhandeling het die volgende hoofstukindeling:

1. Inleiding: Die motivering vir hierdie verhandeling asook die navorsingsvraag. Hierin word ook uitgewys wat hierdie studie presies behels en wat hierdie studie nie behels nie. Die struktuur van die werkstuk en studiemetodes wat gevolg gaan word, word ook hier uitgewys.

2. Liturgie, Erediens en Ruimte: Om te verstaan hoe die uitsending van die liturgie die erediens beïnvloed en die liturgiese ruimte verander, word daar ondersoek ingestel na die spesifieke aard van die liturgie en die rol wat die liturgiese ruimte in die erediens speel. Dit word ook in die teen die agtergrond gedoen van die kerkdenominasie wat in hierdie studie ondersoek gaan word, naamlik die NG Kerk.

3. Geskiedenis van die erediens en liturgie: Omdat die liturgiese ruimte en die rol daarvan in die erediens in hierdie studie in die kollig kom, word die geskiedenis van die liturgie en erediens aangeraak. Indien die volgende historiese verandering in die liturgiese ruimte die uitsending van ’n virtuele liturg sou wees, moet daar gekyk word hoe die liturgie en erediens deur die eeue verander het om op hierdie punt te kom. Hierdie onderwerp is ’n baie wye studieveld waarvan daar slegs kernpunte aangeraak word.

4. Ontwikkeling van kerkgeboue en liturgiese ruimtes deur die eeue: Die hoofstuk handel oor hoe kerkgeboue deur die eeue ontwikkel het. Ten einde by die punt uit te kom dat kerkgeboue konstant besig is om te verander namate die liturgie/wêreld/lidmate se behoefte verander, word daar gekyk hoe kerkgeboue argitektonies verander het. Daar word kortliks na die verskillende kerkgeboue oor die eeue verwys om ook by die kerkgeboue in Suid-Afrika uit te kom. Omdat dit die Suid-Afrikaanse konteks is wat hier bespreek word, word die meeste klem gelê op kerkgeboue in Suid-Afrika en hul verandering deur die eeue.

5. Die empiriese ondersoek: In hierdie hoofstuk gaan die resultate van die semi-gestruktureerdefokusgroepe uitgelê en ondersoek word. Die vrae wat gebruik word sal volledig bespreek word asook die resultate wat die fokusgroepe opgelewer het. Daar sal dan sekere afleidings daaruit gemaak word. Die konteks waarbinne die empiriese navorsing plaasvind word ook volledig bepreek.

6. Gevolgtrekking: In hierdie hoofstuk word die finale resultaat van die studie aangedui, hoe dit tot die navorsing binne die groter dissipline van Praktiese

Teologie bydra en watter verdere navorsing oor die onderwerp nodig is. Hier word ook ’n model vir die uitsending van die liturgie voorgestel.

Hierdie struktuur sal die studie lei na ’n antwoord op die vraagstuk of ’n virtuele liturgie wel die toe-eiening van die liturgie deur die erediensgangers sal beinvloed, al dan nie. Dit sal help om in die literatuur sowel as die praktyk deur empiriese waarnemings te bepaal of die liturgie in die virtuele ruimte tot reg sal kom, en of die virtuele ruimte die liturgie enigsins beperk.

# 2 TEORIE EN METODOLOGIE

## 2.1 INLEIDING

Omdat hierdie studie onder liturgie as studieveld en vakgebied binne die Praktiese Teologie ressorteer, is dit noodsaaklik om liturgie te ondersoek en te definieer. Onder die liturgie val die onderwerp van die erediens aangesien dit juis dié ruimte is waar die liturgie tuiskom. Die erediens, soos dit binne die spesifieke konteks van hiérdie studie ondersoek word, gaan ook beskryf en verduidelik word. Ten einde die ondersoek binne die erediens en liturgie toe te pas, word daar na die metodologie gekyk om uit te wys hoe te werk gegaan is om die kernvrae te beantwoord.

Chupungco (1997:5) wil uitwys dat die uiteindelike doel van die liturgie is om eer aan God te bring sowel as die "heiligmaking" van dié wat dit vier. Met hierdie stelling in gedagte en die wete dat hierdie studie juis ingestel is op die viering van die liturgie, die manier waarop hierdie heiligmaking plaasvind, is dit belangrik dat die konsep "liturgie" onders**o**ek word.

Die liturgie het verskeie elemente wat deur hierdie ondersoek aangeraak word. Omdat die liturgie in die erediens tuiskom, word die erediens ook deur hierdie studie aangeraak en op die voorgrond geplaas. Beide die liturgie en die erediens is onderwerpe wat ver te omvattend is vir hierdie studie om dit ten volle te ondersoek. Daarom word sekere van die fasette van die liturgie en erediens geïdentifiseer om deel uit te maak van hierdie studie.

Ten einde die liturgie te ondersoek, word daar na mense se toe-eiening van die liturgie en erediens gekyk en daarom word die metodologie wat gebruik word vir hierdie ondersoek ook in hierdie hoofstuk bespreek. Daar word uitgewys watter metode gebruik word vir die empiriese ondersoek en die rede waarom hierdie spesifieke ondersoekmetode die beste sal wees om hierdie studie te voltooi.

## 2.2 LITURGIE

McGrath (2007:491) verwys na die liturgie as die geskrewe teks en ingestelde vorm van publieke eredienste. Noordmans (1939:20) noem dat die liturgie in die klassieke Grieks gebruik word as ’n term om sekere dienste wat deur die burgers vir die staat verrig is, te beskryf. Die Septuagint gebruik ook die term “liturgie” om tempeldiens te beskryf en so kom dit ook voor in die Nuwe Testament. Liturgie is egter ’n baie gelaagde begrip aangesien hierdie konnotasie met tempeldiens net gedeeltelik behoue gebly het.

Die woord “liturgie” is etimologies afgelei van die Griekse woord λαος (mense) en εργον (werk). Dus is die direkte vertaling van die saamgestelde woord in Grieks (λειτουργια), publieke werke of staatshandelinge. Gedurende die Hellenistiese periode het die woord ’n wyer betekenis gekry, naamlik van “werk wat ’n slaaf vir ’n meester gedoen het of vir ’n vriend” (Chupungco 1997:3).

Die woord “liturgie” kom honderd en sewentig keer voor in die Septuagint om die Levitiese kultus te beskryf. Hoe “liturgie” presies van ’n sekulêre woord verander het in ’n woord wat rituele handelinge beskryf, is nie seker nie. Dit het moontlik te doen met die oorspronklike betekenis van die woord wat dui op diens (Chupungco 1997:3).

Hierdie verstaan van die liturgie is ook hoe dit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in Suid-Afrika gesien word. Die liturgie is die ontmoeting wat die erediensgangers met God het. Hierdie gesprek/dialoog word gelei deur die liturg met bepaalde liturgiese handelinge. Volgens *Die Handleiding van die Erediens* (Clasen et al: 2010:3) word die erediens en liturgie beskryf as die ontmoeting tussen God en sy gemeente. Dit is meer as net ’n gesprek, dit is ’n groter liggaamlike gebeure. “God nader tot die gemeente en die gemeente nader tot God”. Hierdie boek word deur die NG Kerk en ook ander kerke gebruik as basis waarvolgens die liturgie gevier word.

A.C. Barnard (1981) noem in sy boek, *Die Erediens*, dat die handelinge tydens en inrigting van die erediens gebaseer is op die alles bepalende uitgangspunt dat God die middelpunt moet wees. Alles wat in die erediens gedoen en gesê word draai om God soos die planete om die Son draai. As die liturgie dus beskou word as die absolute

strewe na God as teologiese vertrekpunt en bestemming van die liturgie, moet die liturgie deurgaans vernuwe word, met elke uitsig op God gefokus (Beukes 1987:9).

Wepener en Bartlett (2014) lig uit in die artikel getiteld "Die erediens as fees of die fees as erediens?: ’n Andrew Murray pryswenner ’n kwarteeu later herlees", dat die Liturgiek of Liturgiewetenskap in Suid-Afrika ’n besonder klein dissipline is. Daar is min teoloë wat oor die jare oor hierdie spesifieke onderwerp gewerk het.

Müller (1987:34) noem dat die liturgie baie keer verwar word met die blote verloop of orde van die erediens. Die liturgie is baie meer as net die orde; dit is diens aan God sowel as medegelowige. Barnard (1981:486) noem dat die liturgie se groei nie bepaal word deur ’n raad of sinode nie maar dat dit saam met die kerk groei. Die liturgie is die manier waarop die gemeente optree wanneer hulle aanbid. Dit is wat medegelowiges doen wanneer hulle saamkom om hulle God te ontmoet.

Volgens Barnard (1981:45) is daar drie verskillende uitgangspunte wanneer op die vakgebied van liturgie navorsing gedoen word. Die bestudering van hierdie vakgebied rus dus op hierdie drie beginsels en alle ander punte word hieruit afgelei of herlei na hierdie punte:

1. Beginsels afgelei uit die tradisie: Die tradisie is baie ryk aan inhoud van alles wat "eenmaal was" en wat gegroei het tot "altyd was". Die bekende en geliefde tradisie is ’n baie belangrike aspek van die liturgie. Alhoewel hierdie tradisie baie belangrik is, mag dit nooit die bron wees waaruit beginsels geneem word nie. Dit is mensewerk en die reaksie van mense op die openbaring van God.

2. Beginsels afgelei uit die empiriese werklikheid: Die werklikheid van die moderne lewe behels al die kennis, insig, vermoëns en tegnieke. Hierdie tegnieke is egter ook mensgemaak en al word die beste empiriese tegnieke gebruik, bly dit steeds ’n opinie vanuit die mens. Daarom kan hierdie beginsel ook nie die finale bron wees waaruit die liturgie afgelei word nie.


3. Beginsels afgelei uit die skrif: Ten spyte van baie dwaalleringe en verwarring, bly die Skrif die enigste ware bron waaruit die liturgie afgelei kan word (Barnard 1981:46).

Die *Conciliar Constitution* van die Rooms-Katolieke Kerk noem dat die liturgiese handelinge aksies is wat die kerk as publieke handelinge interpreteer. Dit sluit die sakramente, Nagmaal, rituele en feeste in wat in die openbare kerk plaasvind. In hoofstuk 9 van die Konstitusie word egter aangedui dat die liturgie nie die volle werk en aktiwiteite van die kerk aandui nie. Die spirituele lewe is ook nie beperk tot die deelname aan die liturgie nie (Chupungco 1997:8).

### 2.2.1 Argitektoniese uitleg waarbinne die liturgie gevier word

Omdat hierdie studie die uitleg van die erediens ook op ruimtelike wyse ondersoek, is dit nodig om kortliks te kyk na die argitektoniese uitleg van die liturgie. Die Christendom is baie ryk aan tradisie wat kerkgeboue aanbetref en so ook die NG Kerk. Daar is verskeie NG Kerkgeboue in Suid-Afrika wat meer as 100 jaar se stories vertel van aanbidding. Indien beeldsending van die erediens enigsins oorweeg kan word, is dit nodig om ook te oorweeg of dit prakties moontlik sal wees en hoe dit resoneer met die geskiedenis en die huidige uitleg van die liturgiese ruimte.

Voordat daar na die meer moderne liturgiese ruimte gekyk word, is dit belangrik om te kyk hoe die tempel gelyk het in die tyd toe Jesus as mens op aarde geleef het. Die rede hiervoor is dat hierdie voorbeeld moontlik ook reeds ’n aanduiding van ’n liturgiese ruimte is. Hierdie ruimte het verskeie vlakke gehad waar persone volgens die sosiale status nader aan die Allerheiligste ruimte kon kom. Die illustrasie van Edersheim (1874: 23) illustreer hoe hierdie ruimte gelyk het en watter persone in watter ruimtes mag gekom het:




COURT OF THE GENTILES.

Jones (1992:528) noem dat daar nie 'n spesifieke tipe argitektoniese basis is vir die Christelike geloof nie. Omdat die geloof nie noodwendig rondom 'n kultiese objek of altaar draai nie, word verskillende vorme van geboue aangeneem as 'n ruimte van aanbidding. Daar is dus soepelheid in die Christelike geloof wat die uitleg van die liturgiese ruimte aanbetref. Volgens die boek van Handelinge word daar in die vroegste vorm van kerk in mense se huise bymekaar gekom. Soos wat gemeentes gegroei het, het die behoefte ontstaan om in 'n meer permanente gebou te vergader wat spesifiek bedoel was vir aanbidding.

Volgens Barnard en Wepener (2007) word godsdiens wettig in ongeveer 312/313 n.C. en 'n staatsgodsdiens in die jaar 380. Die oomblik toe die Christendom 'n staatsinstelling geword het, het al hoe meer mense Christene geword, wat tot gevolg gehad het dat die aansien van biskoppe toegeneem het. Die Christendom onder Konstantyn het 'n nuwe argitektoniese ontwerp vereis wat van 'n hoër orde sou wees, van uitspattige materiaal en met 'n ruim uitleg (Cobb 1992:529).

Hierdie vereiste het tot gevolg gehad dat die kerk die basilikavorm oorgeneem het (*Fig 1)*. Hierdie tipe gebou het bestaan uit drie gange. Die dak van die middelste gang was hoër is as dié van die sygange. Die altaar was voor in die kerk in 'n ruimte wat as heilig beskou is. Hierdie tipe kerkgebou verskil drasties van die Middeleeuse kerke wat verskeie vertrekke gehad het, elkeen my sy eie altaar (Cobb 1992:535).





*Fig 1*

In die NG Kerk word daar kerke gebou wat ook op 'n spesifieke tradisie geskoei is. Die kerke wat tot en met die sewentigerjare gebou is se ontwerp is geërf van die kerkboustyl van Europa. Vier verskillende boustyle is volgens Beukes (1994:101-103) aangeneem: die Neo-Gotiese styl, Ou Rynse styl, Neo-Bisantynse styl en die Kappiekerkstyl.

Daar is ook in die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika sekere riglyne gevolg (Beukes 1994:105) vir die inrig van die liturgiese ruimte. Hierdie ruimte is die sentrum van die kerkgebou en die res van die kerk moet vanuit hierdie ruimte ontwerp word. Van Selms (1954:47) stel die volgende vereistes aan die liturgiese sentrum:

- Die preekstoel, Nagmaaltafel en die doopvont moet vasstaande meubels in die kerkgebou wees.
- Alle handelinge wat vanaf die liturgie sentrum/ruimte plaasvind moet vir almal in die kerk goed hoorbaar wees;
- Alle aktiwiteite wat vanaf die liturgiese ruimte plaasvind moet vir die hele gemeente sigbaar wees.
- Die liturgiese ruimte moet ook op natuurlike wyse hoër wees as die res van die kerkbanke ten einde alles wat daar plaasvind goed hoorbaar te maak.

Daar word dan uitgewei oor liturgiese voorwerpe, soos die kansel en doopvont in die liturgiese ruimte en hoe daardie items gebruik moet word. Daar word uitgewys hoe die kerkgebou moet lyk en van watter materiale gebruik gemaak moet word. Hierdie voorbeelde bewys dat daar in die verlede vaste riglyne was vir die struktuur van ’n kerkgebou omdat dit op sy beurt die liturgie beïnvloed.

Müller in Wepener & Bartlett 2014 wys daarop dat die kerkgebou ’n materiële uitdrukking is van hoe ’n gemeente sigself en die erediens verstaan en hoe die gemeente haar betrokkenheid in die wêreld rondom haar verstaan. Die erediens is ’n kommunikasieproses wat die totale mens betrek en die ruimte waarin die erediens plaasvind beïnvloed elke element van die erediens. Müller wys op die inrigting en beplanning van die kerkgebou waar daar meer gefokus word op die funksionele as op die estetiese. Daar is volgens hom plek vir die kuns en simboliek solank dit nie op sigself die aandag begin aftrek nie.

Dit is dus duidelik dat die argitektuur van die kerkgebou regdeur die geskiedenis ’n rol in die liturgie gespeel het. Die ontwerp van die kerkgebou is deur die liturgie beïnvloed en ook andersom. Alhoewel die gebou nie op teologiese vlak spesifiek gebonde is aan die Christelike geloof nie, is dit vir seker tradisioneel en histories wesenlik deel van die Christendom.

### 2.2.2 Multimedia en die liturgie

Die liturgiese ruimte beskik oor ’n lang geskiedenis. Die eerste Christelike kerke was kamers in privaat huise. Voorbeelde van hierdie tipe liturgiese ruimte dateer vanaf die derde en vierde eeu. Hierdie tipe kerke is opgegrawe in Dura, Europa in Sirië en in Lillington Romeinse Villa in Kent. Die Romeinse staat het die Christendom in die vierde eeu as die staat se geloof aanvaar en aparte kerkgeboue is in hierdie tydperk opgerig (Yates 2008:3).

Joubert (2009:53) wys daarop dat die vroeë kerk nie naastenby so sterk ingestel was op vaste formele strukture, ordes en institusionele ordes soos vandag se kerke nie. Die vroeë kerk was nie ’n instansie nie, maar eerder ’n beweging. Die vroeë kerk is nie aan strukture en kerkgeboue uitgeken nie. In die tyd van Konstantyn het daar meer vorm en formaliteite in die kerk ingetree.

La Grange (2015:21) wys daarop dat daar nie noodwendig vandag binne die NG Kerk tradisie baie kerke gebou word nie. Wat wel gebeur, is dat bestaande kerke aangepas word om by die mode van liturgie aan te pas. Namate die liturgie verander en ook verskillende vereistes aan die liturgiese ruimte van die kerkgebou stel, word die kerkgebou aangepas. Die liturgiese ruimte is dus afhanklik van die liturgie en andersom. Omdat die liturgie voortdurend binne die dinamiese interaksie van die kultus en kultuur ontwikkel, ontwikkel die liturgiese ruimte saam (Long 1989:65).

Volgens La Grange (2015:34) is dit moeilik om te bepaal presies wanneer die multimedia-industrie sy saad in die erediens begin plant het. Wat wel duidelik is, is dat amultimediagebruik in die erediens saam met die tegnologie gegroei het. Soos wat daar beter toestelle en hulpmiddels die lig gesien het, het sommige kerke ook daarby aangepas.

Van Wyk (1986:13) noem dat daar reeds vroeg in die gebruik van multimedia in die erediens daarop kritiek gelewer is. Daar is melding gemaak van die feit dat die geloof nie grafies voorgestel kan word nie. Die vrees was dat die “Goddelike

Openbaringswoord” beroof sal word van sy goddelikheid indien dit ’n grafiese aard aanneem.

’n Tweede en derde vlaag kritiek het gevolg wat daarop gewys het dat die Rooms-Katolieke Kerk se gebruik van skilderye om Bybelse verhale te vertel, reeds vroeg deur die Protestantse hervormers gekritiseer is. Volgende is daar onderskeid gemaak tussen die kerklike en die wêreldse. Die visuele multimedia en tegnologie is glo “wêreldse” konsepte wat nie met die “kerklike” gemeng moet word nie (Van Wyk 1986).

Van Wyk (1986:15) wys dan op die twee verskillende maniere waarop die visuele in die erediens kan funksioneer. Eerstens funksioneer dit as onderrigmiddel (*instructional medium*). Dit behels die gebruik van ’n visuele medium om die hele boodskap te vertel. Volle aandag word aan die visuele gegee en dit dien as die alleenbron van die boodskap. Die medium staan dus op sy eie en kan sonder enige ander ondersteuning ’n boodskap bring of ’n verhaal vertel. ’n Voorbeeld hiervan sal die kanselkleed of kruis wees. As tweede vorm word die visuele gebruik maar dit word ook deur verbale onderrig ondersteun.

Dit is dus duidelik dat die liturgie en die multimedia die laaste paar dekades paaie gekruis het en dat die twee verskynsels nie gaan ophou om saam te groei en in mekaar te groei nie. La Grange (2015) wys hoe die gebruik van multimedia al hoe meer in eredienste gebruik word. In hierdie studie word daar ondersoek ingestel onder verskeie ouderdomsgroepe om te bepaal of die multimedia enigsins binne die erediens ’n plek behoort te hê en indien wel, tot watter mate. Die uitslag van die studie was dat die multimediamateriaal in die erediens verwelkom word.

## 2.3 DIE EREDIENS

Omdat hierdie studie die erediens as sodanig in sy wese aanraak, is dit gepas om ook hierdie hoofstuk in die verhandeling te plaas. As daar eerstens teruggekyk word na waar die erediens begin het, skryf Barnard (1981:153) dat daar vir 'n bepaalde tyd na die Nuwe Testament min gegewens oor die erediens as sodanig in geskrifte bestaan. Die rede hiervoor is dat die erediens vir die gewone lidmate van daardie tyd vanselfsprekend was en hulle geen rede gehad het om dit te beskryf of op te teken nie. Die enigste opskryf van die erediens is gedoen wanneer daar afwykings was van die normale gebruike.

Daar kan eerste gekyk word na wat die erediens is. Van der Merwe (2009:148) *Ontdekkings in die erediens* noem nege lense wat gebruik kan word om na die erediens te kyk ten einde meer daarvan te verstaan:

Die erediens

1. maak ruimte vir die ervaring van God se teenwoordigheid en misterie
2. het beplande pogings om gasvry teenoor die vreemdeling te wees
3. maak die inhoud van die evangelie in die liturgie sigbaar
4. het musiek en gemeentesang wat pas by die genre en styl van die gemeente
5. vind plaas in 'n ruimte wat kreatief ingerig is om die eredienssgebeure te komplementeer;
6. maak duidelik wat die aspekte is van die erediensgebeure en van die gemeente se missionêre bediening na buite
7. beskik oor n relatief vaste orde maar het ruimte vir alternatiewe ritmes en afwisseling
8. bied ruimte vir vreugdevolle lof en viering
9. word gelei deur sterk leiers wat spreek van liefde en entoesiasme

Hierdie lys gee ’n aanduiding van hoe die erediens min of meer lyk, alhoewel die erediens ’n komplekse gebeurtenis is wat nie hierin vasgevang kan word nie. Daar kan nou gekyk word na die redes waarom ’n erediens belangrik is.

In *Ontdekkings in die erediens* lig Burger (2009:17) uit dat daar tans negatiewe statistiek sowel as probleme en vrae oor die erediens bestaan. Hy vra die vraag oor die belangrikheid van die erediens in die hedendaagse konteks en lig dan sekere punte uit wat beklemtoon waarom die erediens in die Christendom belangrik is:

- Vir Protestante is dit belangrik dat die Bybel verskeie stukke inligting oor die erediens verskaf. In beide die Nuwe en die Ou Testament word verskillende vorme van die erediens uitgebeeld.
- Gelowiges wat saamkom is wesenlik deel van die Christendom. Die verhouding tussen God en die gemeente is fundamenteel, selfs meer as tussen God en die indiwidu. Hierdie twee moet nie teenoor mekaar gestel word nie. In die vorige eeu was daar ’n toename in individualiteit by Westerlinge en dus ook die gevoel dat geloof ’n persoonlike saak is. Vandaar ook ’n afname in erediensbywoning.
- Die erediens is die draer van die evangelie. Alhoewel die evangelie deur baie indiwidue op verskeie maniere verkondig is, bly dit binne die breër kerk.
- Vir die oordrag van geloof van een generasie na ’n volgende speel die geloofsgemeenskap ’n wesenlike rol.

Hierdie punte wys uit dat die erediens steeds vandag ’n relevante en belangrike aspek van enige geloofsgemeenskap van die Christendom is. Dit is wesenlik deel van die Christelike geloof om aan ’n groter gemeenskap te behoort wat dieselfde God dien en dieselfde evangelie na buite uitdra.

Vos (2010:1) wys op die erediens as die plek waar God ontmoet word. Dit is juis die verlange na God wat die grondmotief vir die erediens is. Dit is ook die verlange na God wat mense aantrek na die erediens toe. Erediensgangers kom egter met ’n bepaalde verwagting na die erediens toe. In hierdie verwagtings is beelde wat van vroeg af deur die kerk in mense se lewens gevorm is. Indien hierdie beelde en of verwagtings

aangeraak word, het dit ’n bepaalde invloed op die toe-eiening van die liturgie deur die erediensganger.

### 2.3.1 Vernuwing van die erediens

Beukes (1987:1) skryf in die tagtigerjare dat daar in die laaste aantal jare ’n liturgiese beweging ontstaan het wat hom besig gehou het met die besinning oor die erediens in die algemeen en oor die vernuwing van die erediens in die besonder. Daar is dus al baie jare gelede lank in die Afrikaanse kerktradisie nagedink oor die vernuwing van die erediens. Die twee redes wat in hierdie tyd aanleiding gegee het tot hierdie vernuwingsdenke oor die erediens, is onderskeidelik die groot Kirchentag van Dortmund in 1963 en 1968. By hierdie geleenthede is eksperimentele eredienste vir die eerste maal bekend gemaak. In 1963 word by die Tweede Vatikaanse konsilie ook opdrag gegee om eredienste te vernuwe. Daarna toon die vergadering die Wêreldraad van kerke in 1968 by Uppsala se verslag ook hoe hierdie strewe na vernuwing die wêreld vol versprei het (Beukes 1987:1).

Van hierdie punt af is die vernuwing van die erediens deurgaans belangrik in die Protestantse kerktradisie. Die verslag van Uppsala se vergadering, getiteld “Sources of Change”, wys op die volgende punte van vernuwing:

- Die taal, musiek, gebede en preke moet sodanig ingerig word dat dit vir die moderne mens verstaanbaar is. Dit moet ingerig wees om in te pas by die situasie van die mens en moenie tyd- of lewensvreemd wees nie.
- Die gewone leek moet geleentheid gegun word om meer betrokke te wees by die erediens. Die leke neem dus deel aan die liturgie en nie net predikante alleen nie.
- Ander genres word aangewend in die erediens, soos drama en visuele kunsvorme.

- Die gebruik van die Nagmaal moet heroorweeg word sodat almal dit kan gebruik, selfs buite die erediens (Beukes 1987:2).

Faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie vernuwing van die erediens is onder andere: sekularisasie, moderner teologiese denke, ontwikkeling in die onderwys, verstedeliking, ontwikkeling in die natuurwetenskappe en die media. Daar het ook bepaalde kritiek teen die erediens ontstaan. Een van die hoofargumente wat regdeur die kritiek gevolg kan word, is die bewering dat die erediens nie meer die moderne mens aanspreek nie. Daar word dan kritiek gelewer op verskeie aspekte van die liturgie wat nie ooreenstem met dit waaraan erediensgangers gewoond is nie. Die taal van die prediking, die musiek wat gesing word en die deelname van die erediensganger aan die erediens is verouderde gebruike en nie meer toepaslik vir die erediensgangers nie (Beukes 1987:3).

Niemandt (2007:73) maak dit duidelik dat kerkwees baie meer is as bloot ’n uur se saamwees een maal per week of ’n byeenkoms op Sondae. Post-moderne gelowiges wil juis die modernistiese dualisme tot niet maak wat Sondag en Maandag van mekaar skei. Alhoewel die kerk baie meer is as net ’n erediens op ’n Sondag, is hierdie erediens een van die kernkomponente wat ’n belangrike rol in die kerk speel. Juis daarom is dit ook die erediens wat moet vernuwe ten einde sy impak in die kerk en samelewing voort te sit (Van Tonder 2010:244).

Dit word dus duidelik dat die meeste punte van kritiek op die aanbieding van die erediens gemik is. Moderne tegnieke en hulpmiddels word nie gebruik nie. As Beukes (1987:3) reeds in die tagtigerjare die erediens op hierdie manier beskryf het, hoeveel te meer is dit nie nodig om dertig jaar later aandag te gee aan die vernuwing van die erediensinkleding nie. Dit is nou, selfs meer as voorheen, tyd om “buite die boks” te dink wat die erediensaanbieding betref.

In plaas van vernuwing, sal ons eerder praat van hervorming (Beukes 1987:28). Die praktyk van die kerk moet ooreenstem met dit wat die kerk ooreenkomstig sy wese behoort te wees. In elke tydvak sal die kerk moet gaan kyk wat in daardie spesifieke tyd

die prinsipiële en historiese gegewens van die erediens is en dit so verwerk dat die erediens sinvol is vir die mens van hier en nou.

Dit is duidelik dat die erediens in die Protestantse tradisie deurentyd moet vernuwe. ’n Kerk waarvan die hervorming so wesenlik deel is van haar identiteit kan nie anders as om te reformeer nie. Hierdie reformasie is ook van toepassing op die eredienste van vandag in die NG Kerk en ander Protestantse denominasies. Om werklik te ondersoek hoe die prinsipiële en historiese gegewens lyk en hierdie gegewens met die situasie en konteks van die dag te verbind, is van kardinale belang.

Daar is egter reeds tekens dat Protestantse kerke in Suid-Afrika agter is met hierdie proses van hervorming. Die huidige konteks vereis eredienste op afgeleë plekke in plattelandse omgewings waar daar nie die nodige hulpbronne is om dit aan te bied nie. Daar is dus kontekste waarin die erediens nie vernuwe is nie en bloot doodgeloop het.

Volgens Ray (2000:15) moet hierdie uitdagings nie gesien word as struikelblokke of mislukkings in die kerk nie. Dit moet eerder beskou word as kreatiewe en strategiese geleenthede om te reformeer. Daar moet egter beslis word wat die basis is van die erediens. In die NG Kerktradisie is die erediens se basis Skrifgebonde. Alles van die erediens word opgemeet met die skrif (Dressel 1988:1). In 1962 verskyn daar vir die eerste keer in die NG Kerk ’n verslag getiteld *Rondom die Erediens*, wat liturgiese riglyne bied vir die vernuwing van die erediens. Hierdie verslag het daadwerklike verskille getoon in die eredienste van die NG Kerk. In 1976 verskyn *Die Kerkboek* waarin daar hersiene klassieke liturgiese formuliere, alternatiewe formuliere en ordes vir die verskillende dienste in die kerk verskyn. Ook in 1976 verskyn *Die Erediens, Handleiding by die Kerkboek*, wat historiese, prinsipiële en praktiese leiding gee vir die inrigting van die erediens (Barnard 1981:382).

Hierdie verslae en handleidings vir die inrigting van die erediens is duidelike tekens dat die kerk erns maak met die orde van die erediens en met pogings om die erediens verantwoordelik te vernuwe. Die konteks en tradisie word met mekaar verbind om sodoende vernuwing in die erediens te bring met bepaalde vryheid maar tog ook orde.

### 2.3.2 Eredienste in kleiner gemeentes

In Suid-Afrika word daar by baie plattelandse gemeenskappe die tendens waargeneem dat gemeentes op ’n punt kom waar hulle minder as of net meer as ’n honderd lidmate het. In die spesifieke gemeente wat in hierdie studie ondersoek word, is daar byna vierhonderd lidmate maar drie bedieningspunte. Dit het tot gevolg dat twee van die drie bedieningspunte baie minder as honderd lidmate het. Volgens Ray (2000:12) is gemeentes wat minder as ’n honderd lidmate het die tipe bediening wat nog die meeste afgeskeep is in die literatuur. Gegewe die feit dat minstens twee derdes van alle Protestantse gemeentes minder as ’n honderd lidmate het, en nie werklik die potensiaal het om groter as dit te groei nie, is daar ’n groot leemte in die literatuur wat klein gemeentes aanbetref (Ray 2000:13).

Danie Mouton dien in 2014 as Skriba van die dagbestuur van die Sinodale Kommissie van die Sinode van Oos-Kaapland. Hy skryf in ’n artikel in *Kruisgewys* dat 12% van die NG Kerk se gemeentes op klein plattelandse dorpe geleë is. Baie van hierdie gemeentes het weens ontvolking of om ekonomiese en sosiale redes tot só ’n mate verklein dat daar nie meer ’n permanente leraar vir die gemeente bekostig kan word nie.

Die meeste literatuur wat oor gemeentewees bestaan, neem nie werklik die gemeente se grootte in ag nie. Hierdie aspek maak op die oog af nie ’n verskil aan die bediening nie. Maar tog het ’n gemeente met vierduisend lidmate baie meer hulpbronne tot sy beskikking as een met ’n honderd of minder. So ’n groot gemeente se sangbediening, jeugbediening, sorgbediening en enige ander bediening lyk heelwat anders as dié van die kleiner gemeente, hoekom sal die erediens nie ook anders lyk nie (Ray 2000:13)?

Die dinamiek van kleiner gemeentes verskil ook per lidmaat. In die 1980s is daar ’n studie gedoen oor die korrelasie tussen kerklidmaatskap en erediensbywoning. Daar is gevind dat die kerk baie beter bygewoon word by ’n kerk waar daar net vyftig lidmate is. Vier en tagtig persent van die lidmate het weeklik eredienste bygewoon. ’n Gemeente wat meer as ’n honderd lidmate het, se persentasie was in die omgewing van dertig persent (Ray 2000:13).

Hierdie statistiek bring volgens Ray twee belangrike vrae na die tafel rakende die grootte van gemeentes: eerstens word daar gevra: Waarom doen kerke soveel moeite en word alle hulpbronne gebruik om te verseker die gemeente groei in getalle, wanneer dit ’n negatiewe effek op die lidmate self het? Tweedens word gevra: Wat presies is die rede waarom daar ’n groter apatiese reaksie is by lidmate wat aan ’n groter kerk behoort? ’n Moontlike antwoord op hierdie vrae kan lê in die feit dat ’n klein gemeente waar daar minder lidmate op ’n slag aan die liturgie deelneem as in groter gemeentes, hierdie deelname baie meer intiem en kwalitatief is. Elke lidmaat kry geleentheid om aktief deel te neem aan die liturgie. Daar is nie werklik ’n ander keuse nie aangesien daar nie baie mense aan die liturgie deelneem nie. Hierdie verskynsel veroorsaak dat elke lidmaat werklik deel van die liturgie voel, ongeag die rol wat die persoon in die samelewing speel (Ray 2000:13-14).

Ray (2000:14) noem wel dat daar soms ’n swak selfbeeld by kleiner gemeentes bestaan omdat ons in ’n wêreld woon waar alles groter, sterker en beter moet wees. Baie gemeentes kry dit egter reg om te groei tot hierdie sosiale verskynsel van groter en beter en dan vergelyk kleiner gemeente hul outomaties met die grotes. Megagemeentes is ’n realiteit in baie stedelike gebiede, maar kleiner gemeentes behoort te besef dat hulle nie altyd na groter en beter hoef te streef terwyl meer effektiewe en produktiewe bediening by kleiner gemeentes moontlik is nie.

Daar is egter ’n aantal uitdagings wat ontstaan wanneer ’n gemeente se ledetal tot onder ’n honderd val (net soos wat daar uitdagings by megagemeentes ontstaan). Die klein kerk kan moontlik nie ’n voltydse gelegitimeerde predikant bekostig nie. Ray (2000:15) noem dat ten minste een derde van alle Protestantse kerke nie ’n voltydse predikant nie het.

Die volgende uitdaging is die kerkgebou. In baie Protestantse tradisies is die kerkgebou ’n baie belangrike deel van die liturgie. Baie kleiner gemeentes moet aanbid in kerke wat lank gelede vir groot gemeentes gebou is (Ray 2000:15). In Suid-Afrika is dit ook die geval. Gemeentes het verklein maar nie kerkgeboue nie. Dit het tot gevolg dat ’n gemeente wat minder as ’n honderd lidmate het, in ’n kerk aanbid wat maklik driehonderd mense kan huisves. Hierdie verskynsel het in Suid-Afrika die gevolg gehad

dat baie kerkgeboue aan ander denominasies of besighede verkoop is. Of gemeentes smelt saam om te verseker dat die groot lidmaattal behou word.

Dit lyk egter asof die tendens van gemeentes wat groot lidmaattalle gehad en nou gekrimp het, nie net in Suid-Afrika voorkom nie. Regoor die wêreld is die tendens dat groter gemeentes nog groter word en dat kleiner gemeentes krimp. Dit lyk dan asof dit sleg gaan met hierdie kleiner gemeentes en dat die bediening nie meer so goed en so effektief is soos in die verlede nie. Hierdie vermoede plaas ’n demper op kleiner gemeentes wat weeklik moet sien hoe leeg is die enorme kerkgebou is wat hulle eens elke Sondag vol gesit het.

### 2.3.3 Die liturg se rol in die erediens

Indien die moontlikheid ontstaan om die liturgie te dupliseer na ‘n ruimte, waar die liturg nie fisies teenwoordig is nie, deur gebruik te maak van moderne tegnologie soos bv. beeldsending, is dit belangrik om uit te wys wat presies die rol van die liturg in die erediens is. As hierdie verkenning en beskrywing van die liturg bekend is, kan daar deeglik ondersoek word of daardie rol steeds vervul word wanneer die liturg nie fisies teenwoordig is in die erediens nie maar wel virtueel.

Willimon (1981:22) noem dat die liturg binne die spesifieke konteks moet funksioneer. Indien die erediens ingerig wil word om mense werklik met die Woord van God te bedien, moet die prediker nie net ‘n prediker wees nie maar ook pastor. Die liturg moet dus op twee plekke ten volle funksioneer: as ‘n Bybelse kenner en navorser, en ‘n pastor teenwoordig in die lewens van die gemeentelede. Dit is juis binne die gemeenskap van die gemeente waar die pastor ten volle die konteks sal kan begin verstaan om sodoende ook die bediening in te rig.

Uitsending van preke oor die radio en televisie is egter ‘n baie goeie verskynsel. Dit is dienste wat baie behulpsaam is en in sommige gevalle goeie in diepte Bybelse prediking. Die probleem is egter dat die persoon wat die woord bedien slegs ‘n prediker

is en nie ‘n pastor nie. Die prediker is nie teenwoordig in die spesifieke konteks van die betrokke persone in die gemeente se lewens nie en daarom kan hy ook nie die diepste behoeftes van die gemeente aanspreek nie (Willimon 1981:22).

Hierdie is ‘n baie belangrike punt in hierdie studie. Indien die beeldsending slegs sou plaasvind na afgeleë gemeentes en gemeenskappe sonder dat die prediker by geleentheid die gemeentelede van die spesifieke gemeente besoek en pastoraal versorg, sou daar ‘n baie belangrike deel van die bediening verlore gaan.

Daar is reeds verskeie radio en televisie dienste wat in Suid-Afrika beskikbaar is vir verskeie kerkdenominasies. Maklik bekombare eredienste is vir die NG Kerk lidmaat maklik bekombaar op selfs die mees afgeleë plekke in Suid-Afrika. Die probleem bly egter dat daardie dienste juis nét dít is. Dit is slegs ‘n erediens, waar daar geen verhouding gebou word met medegelowiges nie. Die gemeenskap van gelowiges is honderd persent afwesig asook die pastorale aanslag van die prediker op die lidmaat se spesifieke lewe en konteks.

Indien daar in kontekste waar twee of drie buur gemeentes een predikant deel van beeldsending gebruik maak, kan daardie predikant steeds die pastor rol vir die spesifieke kontekste vervul. Die voorbeeld van ‘n gemeente wat later in die studie empiries ondersoek gaan word wys juis op hierdie verskynsel waar drie gemeentes van een predikant gebruik maak. Hierdie drie punte beskik elk oor sy eie konteks, sy eie sosiale uitdagings en probleme. Elk beskik oor sy eie behoeftes en begeertes. Die behoefte is dus iemand wat pastoraal die gemeente kan versorg maar ook op al drie die bedieningspunte die Woord bedien in die tradisionele Sondag erediens styl.

### 2.3.4 Tuiskom van die liturgie by die erediensgangers

Een element in die erediens wat sekerlik in die NG Kerk as baie belangrik beskou word, is die preek. Alhoewel ons weet dat hierdie bloot een van die boublokke van die liturgie uitmaak, is dit in baie gevalle vir baie mense die belangrikste element, of te wel boublok

van die liturgie. Omdat die erediens met alle elemente deur die beeldsending geaffekteer word, en daar juis binne die empiriese navorsing van hierdie studie ondersoek word hoe die erediensganger die liturgie toe-eien, word daar nou gekyk na die tuiskom van die boodskap in die erediens.

Thomas Long (2001:13) het gevind dat die hoofstroom gemeentes in die VSA sekere beginsels volg en hierdie eienskappe handhaaf. Hierdie nege lense word weer uitgelig:

- Daar word gedurende die erediens ruimte gemaak vir ervaring van misterie
- Daar is noukeurig beplande gasvryheid teenoor vreemdelinge
- Daar is ruimte om die drama van die Christelike erediens duidelik te maak
- Die gemeentesang is baie goed en in styl met die genre
- Die atmosfeer en ruimte van die erediens word op kreatiewe wyses aangepas
- Klem word in die erediens gelê op die doel van die gemeente en aanbidding van God
- Daar is kontinuïteit in die liturgie
- Daar word na vreugdevolle en feestelike ervarings beweeg na die einde van die diens
- Die leraar of liturg is sterk charismaties

Van der Merwe (2009:148-164) werk met hierdie waarnemings van Long in die “Nege lense op die erediens”. Hierdie nege lense word kortliks bespreek aangesien dit juis hierdie bevindings is wat kan help om ‘n sinvolle liturgie in ‘n gemeente te implementeer sonder dat die liturg fisies teenwoordig is. Hierdie nege punte stem baie ooreen met dié wat Long uitgewys het, maar is deur Burger et al. (2009) gekontekstualiseer vir die Afrikaanse tradisie.

Die lewende erediens

1. maak ruimte vir die ervaring van God se teenwoordigheid. God se teenwoordigheid kan nie deur die mens tot stand gebring word nie;die prediker kan hoogstens die struikelblokke uit die weg ruim wat verhoed dat mense God ontmoet. Daarom moet die liturg en gelowiges glo dat God teenwoordig is.

- sluit beplande pogings in om gasvry teenoor die besoeker in die erediens te wees
- maak die dramatiese inhoud van die evangelie bekend en sigbaar binne die liturgie
- se musiek is van ’n baie hoë gehalte en pas aan by die styl en genre van die liturgie en erediens
- se ruimte en omgewing word kreatief ingerig om die liturgie en erediensgebeure te komplementeer
- trek duidelike lyne tussen wat in die erediens gebeur en die missionêre plan van die gemeente
- is eredienste waarin daar ’n tipe van vaste diensorde bestaan. Hierdie orde is egter, waar nodig, buigbaar vir afwisseling in die liturgie
- is eredienste waarin daar vreugdevolle lof en viering is, veral na die einde van die liturgie
- Lewende eredienste word gelei deur sterk, liefdevolle, entoesiastiese en wyse leiers (Malherbe: 2009).

Hierdie nege geïdentifiseerde eienskappe illustreer duidelik die tuiskoms van die liturgie in die erediens. HJC Pieterse (1991:23) het ’n empiriese ondersoek gedoen waarin hy uitwys wat die twee verskillende maniere is waarop die gemeente ingerig word en die boodskap van die preek by die erediensganger tuiskom:

1. Die herder-kudde-model:

    a. Die predikant is die hoof en leier in die gemeente. Volle vertroue word in hom geplaas deur die gemeente en hy word gevorm. Die kerklike lewenswyse is dus afhanklik van die predikant.

    b. Die predikant is alleen verantwoordelik vir die geestelike lyding van die gemeente en alles wat die gemeente hoor. Geen insette is afkomstig van die gemeente nie.

    c. Die prediking van die predikant word gedoen onder die sambreel van "So sê die Here". Hierdie aanname skep afstand tussen die gemeente en die predikant. Dit gee baie gesag aan die predikant wat min word bevraagteken.

    d. Die prediker dien dus as herder van die kudde. Hy alleen sorg vir en beskerm die gemeente, soms ten koste van homself.

2. Die liggaamsmodel:

    a. Die gemeente is deurlopend deelnemend aan die boodskap.

    b. Die gemeente is aan Christus en mekaar verbonde.

    c. Elke lidmaat is teenwoordig om 'n spesifieke diens te lewer, volgens elkeen se gawe en talent.

    d. Hierdie soort gemeente toon ook die eienskappe van die herder-kudde-model, maar hier is Christus die Herder en middelpunt.

    e. Die boodskap van die preek word korporatief verstaan.

    f. Verskeidenheid word in hierdie model verwelkom; verskeidenheid van gawes, bedieninge en persoonlikhede.

g. Die gemeentelede is afhanklik van mekaar en daar is ruimte vir koinonia (Malherbe:2009).

Hierdie twee verskillende modelle word uitgewys omdat dit moontlik die twee modelle is wat in die meeste NG-gemeentes in Suid-Afrika te siene is. Die gemeente wat in hierdie verhandeling ondersoek word, is ’n plattelandse gemeente wat sedert 2011 reeds oorbeweeg het van die herder-kudde-model na die liggaamsmodel. Alhoewel laasgenoemde model op papier op sekere wyses beskryf word, is elke gemeente steeds anders en uniek en word die model verskillend in elke gemeente aangepas en toegepas..

Daar word nou verder in hierdie hoofstuk verwys na metodologie. Die metodes wat gebruik word om eredienste, liturgiese ruimtes en gemeentemodelle na te vors, word nou verder bespreek.

## 2.4 METODOLOGIE

Omdat die erediens ’n geleentheid is waar mense bymekaarkom en ’n bepaalde belewenis van die liturgie het, word daar in hierdie studie van die fokusgroepemetode van ondersoek gebruik gemaak. Daar word op grond van die kernvrae wat hierdie studie vra inligting ingewin ten einde by ’n konklusie uit te kom. Op hierdie punt is dit belangrik om uit te wys presies hoe te werk gegaan is om hierdie studie uit te voer, watter persone betrokke was en hoe elkeen se antwoorde op die vrae tot die bydra.

Dit is eerstens belangrik om onderskeid te tref tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing ten einde uit te wys watter een van die twee in hierdie studie gebruik gaan word asook die rede vir die keuse te skets. Swinton en Mowat (2016:43) lys die eienskappe van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing as volg:

Kwantitatiewe navorsing:

- Soeke na algemene wette en empiriese reëlmatighede
- Objektiwiteit as ideaal
- Pogings om die eksperimentele situasie te simuleer
- Voorspelling van gebeure, optrede en houdings
- Grootskaalse ondersoeke
- Deduksie
- Klem op getalle

Kwalitatiewe navorsing

- Soek na menings, veral in sosiale en kulturele kontekste.
- Subjektiwiteit is van belang.
- Het ’n natuurlike ingesteldheid.

- Verstaan en interpreteer redes vir die waarneembare.
- Doen kleinerskaalse studie met onderhoude en fokusgroepe.
- Maak van induksie gebruik
- Plaas die klem op woorde.

Osmer (2008:49) identifiseer vyf hoofredes vir navorsing:

- *Basiese navorsing*. Dit behels navorsing wat kennis toevoeg tot die fundamentele kennis en teorie.
- *Toegepaste navorsing.* Hierdie soort navorsing wys op ’n spesifieke probleem.
- *Summatiewe evaluering*. Hier word ondersoek ingestel na ’n spesifieke program se effektiwiteit.
- *Formatiewe evaluering.* – Dit is navorsing met die doel om ’n program te verbeter.
- *Aksienavorsing.* – Dit beskryf navorsing wat daarop uit is om ’n spesifieke probleem op te los.

Hierdie studie gebruik meer as een van bogenoemde vorme van navorsing. Die studie poog om toegepaste navorsing te doen ten einde ’n spesifieke probleem uit te wys gevolg deur aksienavorsing om ’n oplossing vir die probleem te ondersoek.

Osmer (2008:63) wys die verskillende strukture van data-insameling uit:

- Gestruktureerd: Vrae wat dui op geslote vrae in enige volgorde.
- Ongestruktureerd: Oop vrae wat in geen spesifieke volgorde nie gevra word.

- Semi-gestruktureerd: Beide oop en geslote vrae wat en in ’n spesifieke volgorde gevra word, maar aangepas kan word volgens die studie.

Daar is verskeie metodes wat gevolg kan word wanneer daar navorsing oor die liturgie gedoen word. Die onderwerp van die studie bly egter per slot van sake die hoofbepaler vir die tipe metode wat gebruik word. Die liturgie word volgens Wepener (2005) gesien as ’n komplekse samestelling van simbole en rituele wat die boublokke van die liturgie uitmaak. Daar word dus van ’n kwalitatiewe studiemetode gebruik gemaak om hierdie boublokke te ondersoek.

Wepener (2009:13) wys ook uit dat die liturgie, as ’n prakties teologiese handeling, gemik is op die feesviering of *doksa* van die gemeente. Die liturgie vind uitdrukking in die feesviering en aanbidding in die gemeente om sodoende die evangelie so effektief moontlik te verkondig. Om erediensgangers se belewenis van hierdie feesviering, die manier waarop hulle die erediens toe-eien, te verken, word die antropologie ook by hierdie studie betrek.

Babbie en Mouton (2001) en Neuman (2000) beskryf die navorsingsontwerp as die plan of bloudruk van die manier waarop die navorser te werk sal gaan om die navorsing te doen. Dit is dus ook die metode wat gevolg sal word. Babbie en Mouton (2001) verwys weer na die navorsingsontwerp as riglyne wat die navorser help antisipeer watter navorsingsbesluite ’n sinvolle bydrae tot die maksimalisering en geldigheid van die navorsingsresultate gaan lewer.

Osmer (2008:4) wy uit oor die verskillende stappe in prakties-teologiese ondersoeke. Die empiriese studie behels ook hierdie stappe waartydens inligting uit die praktyk versamel word om sodoende na die volgende stap in die metode oor te beweeg.

Soos reeds in die inleiding genoem, stel Osmer (2008:4) in sy prakties-teologiese interpretasie die volgende vier vrae:

1. Wat gaan aan? (Die beskrywend-empiriese taak)
2. Hoekom gebeur dit? (Die interpretatiewe of hermeneutiese taak)
3. Wat is veronderstel om te gebeur? (Die normatiewe taak)
4. Hoe reageer ons daarop? (Die pragmatiese taak)

Hierdie vier vrae is nie in hierdie studie apart gestel nie maar is wel met mekaar verweef. Dit maak deel uit van die kernvrae om eerstens te identifiseer wat besig is om te gebeur, hoe dit gebeur, hoe dit veronderstel is om te gebeur en wat die mense se reaksie daarop is. Hierdie reaksie van die mense, oftewel toe-eiening, word deur middel van semi-gestruktureerde datanversameling gedoen.

Die vraag wat rakende die effektiwiteit van kwalitatiewe navorsing gevra word en wat ook oor hierdie studie gevra kan word, is: Hoe kan hierdie spesifieke konteks se navorsingsuitslae in ’n ander konteks ’n verskil maak? Wanneer daar na die NG Gemeente Koedoeskop (in hierdie studie gebruik as fokuspunt van die probleem) gekyk word, verskil elke ander gemeente wat dieselfde probleem het se konteks van hierdie gemeente se konteks. Die resultate van hierdie studie is nie repliseerbaar nie maar die metodologie word deeglik beskryf sodat hierdie metode ook op ander kontekste toegepas kan word.

Swinton en Mowat (2016:44) wys uit dat veralgemening nie die verantwoordelikheid van die navorser is nie. Die verantwoordelikheid lê bloot daarby om ’n ryke en uitgebreide beskrywing te bied van die spesifieke konteks en situasie, wat weer op sy beurt ander navorsers in hulle kontekste geleentheid gee om die data toe te pas.

Toegepas op die praktyk: Wanneer ander NG gemeentes of selfs ander gemeentes uit ander denominasies ’n soortgelyke probleem as die een wat in hierdie studie uitgewys

word wil aanspreek, moet die resultate gekontekstualiseer kan word vir die spesifieke gemeente en nie veralgemeen word nie.

’n Metode wat deur Wepener (2005) in die artikel *Researching Rituals* vir die ondersoek van rituele voorgestel word, is die PAR- (participatory action research) metode. Hierdie metode werk goed om verskeie persone se gevoel oor ’n sekere saak in ’n bepaalde erediens deur kwalitatiewe navorsing te toets. Hierdie metode sal dus uit fokusgroepe bestaan waarby die persone wat aan die fokusgroepe deelneem ook die spesifieke rituele en simbole sal beleef.

Metodologies gesproke is die doel van hierdie ondersoek om vas te stel of beeldsending van die liturgie ’n moontlike alternatief kan wees vir klein en afgeleë plattelandse gemeentes wat nie oor ’n geordende prediker beskik nie. Dit vereis dat ope opinies (deur semigestruktureerde vrae) rakende hierdie onderwerp gevra word.

Hans George Gadamer laat die soeklig val op die verstaanproses wat by die erediensganger moet plaasvind. “Verstaan is die bemiddeling tussen hede en verlede in die vorm van ’n horisonsversmelting” (Gadamer 1975:286-290). Dit wat die erediensganger beleef, oftewel toe-eien, is wat tydens hierdie ondersoek se empiriesenavorsingsgedeelte waargeneem moet word.

Ten einde die feesviering en toe-eiening van die lidmaat te meet waarna Wepener (2009:13) verwys, gaan die fokusgroepmetode gebruik word.

Daar is aanvanklik beplan om van die semigestruktureerdevraelysmetode gebruik te maak ten einde oop vrae aan lidmate te stel en op hierdie wyse die inligting in te win. Na deeglike ondersoek hierdie metode se werkswyse en manier waarop die resultate bekom word, blyk dit dat die fokusgroepmetode beter resultate vir hierdie studie sal lewer. Liamputtong (2011:2) lig ook uit dat die gebruik van fokusgroepe kwalitatiewe navorsing lewer wat teen ’n lae koste en in ’n kort tydperk komplekse inligting verskaf.

Volgens Christenson (2015:9) gee die fokusgroepmetode die gespreksgroep geleentheid om vrylik oor ’n onderwerp te praat terwyl daar ’n moderator optree wat die

gesprek telkemale op ’n spesifieke onderwerp fokus. Hierdie navorsingsmetode hou, onder meer, die volgende voordele in:

- Die houding en emosie van die gespreksdeelnemers kan getoets word.
- Die gesprek lewer diepte-inligting op.
- Die gesprek bring subjektiewe inligting na vore wat die deelnemer se manier van dinkontbloot.
- Die gesprek verskaf die presiese inligting wat die navorser nodig het.
- Daar word ’n relatief hoë responskoers verkry.
- die inligting is bruikbaar vir die hipotesetoetse tydens die navorsing

Christenson (2015:9).

Liamputtong (2011:2) lig uit dat die fokusgroepmetode baie populêr geword het in bemarking sowel as in die sosiale wetenskappe. Wanneer daar empiriese bemarkingsnavorsing gedoen word, sal ’n meer gestruktureerde aanslag gevolg word as in ’n sosiaal-wetenskaplike ondersoek, soos wat daar ook in hierdie studie ’n semigestruktureerde metode gevolg is.

Stewart (2015:57) wys daarop dat fokusgroepe ’n spesifieke tipe inligting by ’n spesifieke groep indiwidue versamel. Dit beteken dat die indiwidue wat aan die studie deelneem beide in staat en gewillig moet wees om die inligtingte verskaf. Die indiwidue moet ook goeie verteenwoordigers wees van die populasie/groep wat ondersoek word.

Fokusgroepe is nie net ’n groep mense wat bymekaar gebring is om oor ’n sekere onderwerp te praat nie. Dit is ’n spesifieke tipe mense wat gekies word op grond van die rede, grootte, samestelling en prosedures rakende die ondersoek. Die rede vir die fokusgroep is om uit te vind hoe die spesifieke groep oor ’n sekere saak voel en dink Dit gaan dus oor die insameling van opinies (Krueger& Casey: 2015).

Volgens Morgan (1997:15) is daar twee tipes metodes waarvolgend die navorser kwalitatiewe data in sosiale omstandighede kan insamel:

- deur fokusgroepe wat uit ’n groep tegelyk deelnemende persone bestaan en
- ope onderhoude wat ’n enkele individu op ’n slag gevoer word.

Omdat die erediens deur groepe mense in ’n bepaalde ruimte bygewoon word, gaan die fokusgroepmetode ’n beter opsie wees om inligting in te win as die individuele onderhoud.

Edmunds (1999:1) lig uit dat fokusgroepe uit agt tot tien persone bestaan wat kwalifiseer om aan die gesprek deel te neem en wat van aangesig tot aangesig die spesifieke onderwerp bespreek. Hy wys uit dat groepe wat uit meer as tien persone bestaan, minder effektief is terwyl die gesprek vir die moderator moeilik word om te beheer.

Edmunds (1999:4) wys ook uit dat ’n fokusgroep ’n nuwe idee of produk goed kan evalueer en kan uitwys waar die probleme of tekortkomings is. Dié metode is dus ideaal vir hierdie ondersoek omdat die erediensgangers juis in die NG Kerkkonteks ’n nuwe maspek van die liturgie moet evalueer.

Fern (2001:11) skryf dat die getal fokusgroepgesprekke wat moet plaasvind van een studie na die volgende verskil. In sommige studies kan een fokusgroep uitstekende resultate lewer waar ’n ander ondersoek weer nodig het om verskeie groepe se resultate teen mekaar op te weeg en te vergelyk. In hierdie studie gaan daar vier fokusgroepgesprekke plaasvind om ’n breë verskeidenheid opinies oor hierdie onderwerp te toets.

Grady (1998:26) gebruik die term “data saturation” om uit te lig dat ’n ondersoek in ’n bepaalde stadium versadig raak aan data. Dit beteken al die data wat nodig is om ’n konklusie te vorm is ingesamel. In die geval van fokusgroepe sal die deelnemers op ’n

punt kom waar sekere opinies oor en oor herhaal word. Wanneer hier punt bereik word, is die data-insameling voltooi.

In die *SAGE Encyclopedia of Qualitative Research Methods* word “data saturation” ook beskryf as die punt in die empiriese navorsing wanneer daar nie meer nuwe data na vore kom nie. Wanneer hierdie punt nog nie bereik is nie, is die data-insameling nie volledig nie en kan die navorsing nie as afgehandel beskou word nie. Eers wanneer die punt van “data saturation” bereik is, kan volledige gevolgtrekkings gemaak word (Given 2008:195).

Osmer (2011:3) wys op vier metateoretiese uitdagings wat uitdprakties-teologiese navorsing voortspruit:

- *Die praxis-teorie-verhouding.*Dit behels die wisselwerking tussen die filosofie, sosiale teorie en/of teologie en die praktyk en weer op sy beurt die teorie.
- *Bronne van regverdiging.* Dit dui op die wyse waarop die navorser tradisionele bronne soos tradisie, Skrif, rede en ervaring toepas.
- *Modelle van interdissiplinêre werk.* Dit is die taak om twee of meer dissiplines bymekaar uit te bring en in gesprek met mekaar te bring. Dit sluit in die wyse waarop dialoog gekies word sowel as hulle verhouding tot die teologie.
- *’n Teologiese rasionaa*l. Dit behels die onafhanklike teologiese oortuigings wat verduidelik waarom ’n navorser op sekere maniere te werk gaan. Dit berus dikwels op ander metodologiese verbintenisse of bepaal die manier waarop ’n navorser te werk gaan.

Theron (2015:5) wys in die artikel “Coding and data analysis during qualitative empirical research in Practical Theology*”* op Saldaña (2013:21-22) se vrae wat die navorser in gedagte moet hou wanneer data geanaliseer word:

- Wat is die mense besig om te doen? Wat wil hulle bereik?

- Hoe doen die mense dit? Watter strategieë word gebruik?
- Hoe praat die mense oor dit wat gebeur?
- Watter afleiding maak die mense?
- Wat is aan die gang? Wat leer die navorser uit die aantekeninge?

Theron (2015:6) wys op vyf verskillende maniere waarop die data in kwalitatiewe navorsing geanaliseer kan word. Hy gebruik Poggenpoel (1998) om sy werk te ondersteun:

- Lincoln en Guma se metode het vier fases:
    - Vergelyking van eenhede wat inpas by verskillende kategorieë
    - Integrasie van kategorieë en hulle eienskappe
    - Vereenvoudiging van die konstruksie/resultate
    - Weergee van die konstruksie/resultate

- Huberman en Miles noem 'n metode met drie fases:
    - Datavermindering
    - Weergee van data
    - Konklusievorming en verifikasie

- Morse en Field wys in hul metode vier kognitiewe fases uit:
    - Begryp/verstaan van data
    - Sintetisering

    - Teoretisering
    - Herkontekstualisering

- Marshall en Rossman breek hul metode af tot vyf fases:
    - Organisering van data
    - Skep van kategorieë, temas en patrone
    - Toetsing van die ontluikende hipotese
    - Soeke na alternatiewe verduidelikings
    - Skryf van die resultate

- Tesch volg ’n metode met agt stappe:
    - Lees deur alle data en kry ’n geheelbeeld.
    - Die navorser neem een dokument op ’n slag en identifiseer die tema waaroor die dokument handel.
    - Nadat stap 2 met al die betrokke dokumente gedoen is, word al die temas saamgesit
    - Daar word dan aan elke tema ’n kode toegeken en kodes word in die data ingebring op relevante plekke.
    - Ken die mees beskrywende woorde toe aan die onderwerpe wat in kategorieë begin verander.
    - Gee afkortings aan elkeen van die kategorieë en plaas dit in alfabetiese volgorde.

- Plaas al die data in die verskillende kategorieë en doen ’n voorlopige analise.
- Indien dit nodig is, word die bestaande data weer gekodeer.

Marshall en Rossman se metode is moontlik die metode wat die beste by hierdie studie pas en die meeste gebruik word. In die empiriese hoofstuk van hierdie tesis word hierdie metodes prakties toegepas ten einde by moontlike resultate uit te kom.

Daar sal in hierdie ondersoek na drie verskillende fokusgroepgesprekke verwys word waarvan die derde gesprek die fynste dopgehou sal word vir die punt van dataversadiging”. Indien die derde fokusgroep nog nie hierdie punt bereik het nie, sal ’n vierde fokusgroepgesprek gedoen word. Riazi (2016:82) lig uit dat die hierdie metode gevolg word om te verseker dat die ndataversadigingspunt bereik word.

# 3 EREDIENS, LITURGIE EN RUIMTE

## 3.1 INLEIDING

Dit lyk asof die hedendaagse konteks besig is om so te verander dat alternatiewe bedieningsmetodes benodig word. Omdat hierdie studie juis sulke alternatiewe bedieningsmetodes ondersoek, word die liturgie direk aangeraak. Dit is egter nodig om na die geskiedenis van die liturgie sowel as die erediens te kyk ten einde uit te wys hoe dit ontwikkel het tot die punt waar dit vandag is. Alleen met hierdie ontwikkeling en geskiedenis in gedagte kan daar oorweeg word om die volgende stap te doen in die immer ontwikkelende en reformerende tradisie van die liturgie en erediens.

In hierdie hoofstuk word die geskiedenis van die liturgie aangeraak asook die geskiedenis van die erediens wat nou hiermee verband hou. Met die terugkyk op die verlede van die erediens en liturgie word ’n beter prent geskets hierdie twee konsepte se ontwikkeling. Dit wys ook uit dat hierdie twee konsepte aanhou ontwikkel en nie stagneer nie. Dit het tot gevolg dat die erediens en liturgie van elke era ten nouste bestudeer moet word om te verstaan in watter rigting hierdie konsepte ontwikkel.

## 3.2 GESKIEDENIS VAN LITURGIE

Alhoewel die liturgie baie ryk is aan geskiedenis en dit onmoontlik is om alle tydvakkee, aspekte en gebeure te lys, word daar deur Wainwright & Westerfield Tucker (1992:62) ses hoofmomente in die geskiedenis van die liturgie aangedui:

1. Apostoliese era

Die primêre bron van hierdie tydperk is die Nuwe Testament. Die inligting lyk gefragmenteer en moet geïnterpreteer word in die lig van latere praktyke in die geskiedenis. Hierdie era is dus ’n baie vae tydperk wat steeds baie vrae wek. Wepener (2009:73) noem ook dat hierdie tydperk ’n relatiewe vrye tydperk was waartydens daar nie ’n vaste stel reëls was die liturgie in die erediens was nie.

2. Patristiese era

In die tweede en derde eeu was die kerk ’n betreklik private gemeenskap wat gedurig onder keiserlike vervolging gebuk gegaan en gedurig die einde van die wêreld verwag het. Eredienste het hoofsaaklik in huise plaasgevind en daar kan van Justin Martyr afgelei word hoe die basiese erediens ingerig is. Namate die tweede eeu na die derde eeu oorgaan, kan daar van Tertullianus ook sekere inligting rakende die liturgie en die erediens afgelei word. Toe Konstantyn se tydperk verby is, het die kerk ’n publieke instansie geword en is daar van ongeveer die middel van die vierde eeu af genoeg inligting beskikbaar om ’n volledige prentjie van die liturgie te skep.

In hierdie tyd word daar ook onderskei tussen verskillende sondes en hoe die boetedoening vir hierdie sondes by die verskillende gemeentes gelyk het. Kerkeenheid was baie belangrik en die vryheid wat in die Apostoliese tyd teenwoordig was, was nie meer so sigbaar nie (Wepener 2009:75).

3. Middeleeue

In hierdie tyd begin die kerk goed vorm aanneem en daar is verskillende verwikkelinge in die ontwerp van kerkgeboue. Daar is nou afskortings en gordyne wat geestelikes skei. Hulle ontmoet mekaar slegs op die hoogs heilige momente in die erediens soos wanneer daar uit die Bybel gelees word. Die kerk het egter verstrengel geraak in onbenullige liturgiese handelinge. Die Nagmaal is aangebied vir die leke en nie gevier nie. Wepener (2009:78) lig ook uit hoe hierdie tydperk steeds 'n formele tydperk was wat die liturgie aanbetref.

4. Die Reformasie en daarna

In hierdie tyd is daar nagedink oor elke vorm en element van die erediens. Daar is gekyk na elke element en dit is gereduseer tot die kern waarvoor daardie element bestaan. Dit het tot gevolg gehad dat die Eucharistie die Nagmaal geword het, die ordening het handoplegging geword, ensovoorts. Alhoewel hierdie redusering nodig was in die kerk, het dit teen 'n prys gekom. 'n Deel van die sakramentele dimensie het verlore geraak.

Hierdie tyd het ook aanleiding gegee tot, onder leiding van die reformatore natuurlik, 'n baie meer eenvoudige liturgie wat baie meer verstaanbaar was vir die algemene leek. Daar is weggedoen met die komplekse maniere van bieg en skuldbelydenis en dit is vereenvoudig sodat die lidmaat dit makliker en meer gereeld kon doen (Wepener 2009:82-83).

5. Die Teenreformasie en barokera

Hierdie tyd word gesien as die onwrikbaar uniforme tydperk. Kuns, musiek en klere was baie belangrik en die erediens was 'n besondere gebeure om na te kyk en te luister. Hierdie tendens het voortgeduur tot en met die tweede Vatikaanse konsilie. Die liturgie was in sy geheel gefokus op die periferie.

6. Die moderne en kontemporêre era

In baie gevalle is die negentiende en die begin van die twintigste eeu ’n baie stil tydperk wat die liturgie aanbetref. Daar was wel strominge wat begin vlam vat het en in die latere twintigste eeu posgevat het. Na die Tweede Wêreldoorlog is baie liturgiese handleidings hernu om aan te pas by die nuutste liturgiese strominge. Die grootste nuwe effek het egter gekom by die Tweede Vatikaanse Konsilie met die bekendmaking van die Konstitusie van die Heilige Liturgie (Wainwright 1992:62-66).

In die NG Kerk is dit byna onmoontlik om uit te wys hoe die liturgie op die huidige oomblik lyk. Die liturgie is so divers dat elke gemeente sy eie riglyne het wat binne die spesifieke konteks tuiskom. Hierdie verskynsel is volgens Wepener (2009:84) in pas met die wêreldwye tendens.

Dit blyk duidelik dat die liturgie vanaf Nuwe-Testamentiese tye reeds ’n baie ryk geskiedenis het. Die liturgie van vandag is sterk geskoei op dit wat beide Barnard (1981) en Wainwright (2006) uitlig. Die geskiedenis van die liturgie oefen ’n groot invloed uitop dit wat vandag in die liturgie gebeur. Die tradisie word deurentyd gesien in die geskiedenis van die liturgie sowel as die Woord wat betrek word, by baie momente in die geskiedenis, om die hoofuitgangspunt vir die liturgie te wees, alhoewel dit nie altyd die geval was nie.

In die NG Kerk van Suid-Afrika sou mens ongeveer vyf en veertig jaar gelede op ’n Sondagoggend by enige kerk in die land kon instap en presies weet wat om te verwag. Die Algemene Sinode se eredienskommissie het ’n ordeboek van die erediens voorgeskryf en die meeste kerke het streng by daardie ordes gehou. Oor die afgelope twintig na vyf en twintig jaar is daar in die NG Kerk ook nuut gedink oor die liturgie. Nuwe kreatiewe momente het by verskillende kerke ingetree (Wepener 2009:70).

Vandag blyk dit dat elke NG Kerk die liturgie binne die spesifieke konteks laat inpas en ’n mens sal ’n wye spektrum van liturgieë by dié instellings raakloop. Die NG Kerk wend egter deurentyd pogings aanom riglyne te bied sodat die breë kerk riglyne het virf ’n goeie en egte gereformeerde teologie (Wepener 2009:70).

La Grange (2013:7) noem dat König (2006:305) die volgende beskrywing aan die liturgie toeken: “Die woord (Liturgie) word gebruik vir die inrigting van die erediens. Daar is groot verskille tussen denominasies en soms ook binne dieselfde denominasie. Oor die algemeen volg die historiese kerke ’n baie vaster en formeler liturgie (orde van diens) sodat daar selfs groepe is wat die gebede voorlees, terwyl ander soos die Pinkster-Charismatiese tradisie en die Baptista baie vry is in die inkleding van die diens en soms baie variasie inbou.”

Die invloed van die Liturgiese Beweging het rondom die 1950’s in Suid-Afrika gearriveer. Dit was teoloë soos Pellissier, Du Toit, Barnard en B.A. Müller wat begin het om vanuit die teologiese en historiese herbronning die Gereformeerde liturgie op een lyn met die Gereformeerde tradisie te bring (Wepener & Bartlett: 2014).

Spesifiek vir hierdie studie is dit belangrik om te identifiseer hoe die liturgiese landskap vandag lyk, veral ook in die NG Kerk. Wepener en Bartlett (2014) noem dat die liturgie in Suid-Afrika sekere elemente van die sosiale landskap bevat wat uitstaan, naamlik konvergensie-liturgie, klassiek-gereformeerde, charismatiese of pentekostalistiese liturgies, dienste, soos adoramus en mediatatiewe dienste en ritueel-liturgiese bewegings buite-om die kerkgebou.

Barnard en Wepener (2012:3) wys op vyf breë aspekte wat geïdentifiseer kan word wanneer dit by die liturgie kom:

- Liturgie se doel is om transformasie van optrede te bring midde-in die wete dat God se genade die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus bewerk het.
- Die liturgiese ritueel is gemik op die welstand en welvaart van die deelnemers.
- Liturgie se doel is om aanbidders te maak.
- Die kerkdiens waarbinne die liturgie tuiskom is daarop uit om lede van die publiek in te nooi.
- Aanbidding in die liturgie moet spirituele genesing en emosionele herstel bring.

Met hierdie doelwitte in gedagte, is dit duidelik dat die liturgie in Suid-Afrika ook verander namate die sosiale landskap verander. Bogenoemde elemente wys daarop dat die liturgie by die veranderde kontaks aangepas word. Met die nodige aanpassings in die liturgie, volg die liturgiese ruimte se aanpassings.

De Klerk (1999:311) meen dat die liturgie oor twintig dekades betrokke was by (of die onmiddellike oorsaak was vir) die mees ingrypende kerklike skeurings en of gebeure sowel as hervormings. Hierdie argument wys juis uit dat die kerk oor baie jare verskeie veranderinge en gedaantewisselinge ondergaan het en dat die liturgie wesenlik daarby betrokke was of selfs die oorsaak daarvan was. Die liturgie is dus altyd besig om te verander en dit het ’n bepaalde invloed op meer as net die liturgie self.

## 3.3 GESKIEDENIS VAN DIE EREDIENS

In hierdie gedeelte kan gekyk word na die geskiedenis van die erediens. Omdat dit juis die erediens is wat aangeraak word deur veranderinge in die liturgie en veranderinge in die litugiese ruimte. Die liturgie se geskiedenis verskil van dié van die erediens. Die aksie wat plaasvind word uitgelig en nou ook die ruimte waarbinne dit geskied.

Die erediens kry reeds vanaf die Ou Testament vorm en ondergaan verskeie vernuwings en verandering deur die eeue. Dit is belangrik om na die geskiedenis van die erediens te kyk om ’n volledige beeld te skep van waar die erediens vandaan kom en hoekom die erediens ingerig word soos wat dit vandag in die verskeie kerktradisies ingerig is. Ten einde die liturgie te verstaan en ook by die punt uit te kom waar daar nuut gedink word oor die inrig van die erediens en die liturgie, word die geskiedenis van die erediens nou vlugtig bespreek.

“Die wortels van die Christelike erediens moet gesoek word in die erediens, soos beskryf word in die Ou Testament en in die sinagogale erediens” (Beukes 1987:9). God is die eerste Een in die dialoog; dit is Hy wat die inisiatief neem in die erediens. God beveel die volk om saam te kom en hoe die samekoms moet plaasvind. God se dade word gesien as die middelpunt van die erediens. In die Ou Testament is die erediens ingerig volgens die herdenking en danksegging met betrekking tot die skepping, verbondsluiting en heerskappyvoering van die Koning.

Hierdie vorm van erediens in die Ou Testament het ook duidelik sigbare ruimtelike eienskappe gehad. Die ontmoeting met God het op ’n afstand plaasgevind. Die volk kon byvoorbeeld nie verder as die voorhof van die tempel gaan nie. Die priesters mag in die heiligdom ingegaan het en die hoëpriester in die allerheiligste een maal per jaar. Dit is duidelik dat daar reeds van die eerste vorm van erediens af ’n aanvoeling was vir die spesifieke ruimte en tyd waarin die erediens plaasvind (Beukes 1987:9).

Volgens Malherbe (2009) wys Wagner-Ferreira (2008:115) op verskeie invloede wat die Ou Testament op die erediens uitoefen:

- Daar is gebruike direk oorgeneem, byvoorbeeld die indeling van die week en jaar. Belangrike feeste soos Paasfees is ook oorgeneem.
- Die belangrike rol van die Psalm in die Christelike erediens.
- Die gebruik van die Ou-Testament in die erediens.
- Die manier waarop gebid word
- Die effektiwiteit van versoening.

In die vroeë Christelike kerk is die erediens gesien as die hart van die Christelike gemeente se bestaan. Die presiese verloop van die vroeë kerk se erediens is egter nie bekend nie maar dit is wel duidelik dat daar 'n verloop was wat gevolg is en waarin die liturg dan die inhoud ingevul het. Daar is wel ook bewyse dat daar eenheid was oor sekere dinge, soos die bediening van die Woord en die bediening van die Nagmaal. Al die ander elemente van die erediens is rondom hierdie elemente ingewerk (Beukes 1987:12).

Dreyer (2016:154) wys daarop dat in kerke waar die heersende denke institusioneel bepaal word, die geordende predikant 'n belangrike rol in die kerk en erediens speel. Die rol van die predikant is veral in die reformatoriese tradisie steeds sentraal. Van predikante word feitlik alle verantwoordelikheid vir die bediening van die evangelie verwag. Hierdie verskynsel plaas geweldige druk op predikantestem ooreen met die rede vir hierdie studie: die verkondiging van die Woord op verskeie preekpunte op 'n Sondag plaas geweldige druk op leraars.

De Klerk en Leuschner (2007:67) dui aan dat daar in die eerste tydperk na die Nuwe Testament min duidelike gegewens oor die eredienste is. Die erediens was so wesenlik deel van die gemeentes dat dit nie nodig was om te beskryf of te verduidelik nie. Daar is tog enkele bronne wat uitgelig kan word wat inligting oor die gestaltegewing van die

erediens in hierdie tydperk bied. Die hoofbronne om te noem is: die brief van Klemens van Rome aan die Korintiërs (95 na Christus), brief van Plinius aan Keiser Trajanus (112 na Christus), sewe briewe van Ignatius van Antiogië (110-117 na Christus), die Didaché (ongeveer 100 of 150 na Christus), tweede Klemens-brief (middel tweede eeu) en die apologie van Justinus die Martelaar (150 na Christus).

Volgens Barnard (1981:166) het die erediens in die eerste eeue van die Christelike kerk as volg gelyk:

Synaxis

- Groet en antwoord
- Lesing, of psalmmelodie
- Preek deur die biskop
- Gebed vir die nood in die Christendom
- Wegsturing van die kategumene
- Kollekte

Nagmaal

- Groet en antwoord
- Vredesoen
- Offertorium
- Eucharistiegebed
- Breking van die brood en kommunie
- Wegsturing van gemeente

Baie van hierdie elemente het behoue gebly deur die eeue en word vandag nog in die Protestantse kerke waargeneem. Alhoewel die deelname van die lidmate aan die erediens korporatief was, was die bedoeling reeds toe al dat die hele gemeente aan die erediens moet deelneem.

Volgens Beukes (1987:12) kry die erediens geleidelik ’n vaste patroon as gevolg van die voortdurende gevaar van sektariese groepe. Daar het ’n geleidelike verandering gekom in die erediens wat tot gevolg gehad het dat die erediens in Roomse en Oos-Ortodokse Kerke tydens die Middeleeue nuwe eienskappe gehad het. Die eenvoudige en duidelike erediens het verander in ’n diens met ’n oorvloed woorde en handelinge. Die preek is nie meer die middelpunt van die erediens nie en verdwyn feitlik. Die Nagmaal word die nuwe sentrum van die erediens en beskik oor ’n lang liturgie met baie liturgiese handelinge. Die preekstoel is nie meer die middelpunt van die kerkgebou self nie maar die altaar word sentraal. Die Nagmaal word bloot nie meer net gesien as ‘n sigbare verkondiging van die woord nie maar as ’n offer handeling waartydens die brood en wyn deur gebed letterlik in die liggaam van Christus verander. Feitlik elke aspek van die erediens word beskryf met presiese riglyne. Die erediens word ook nie meer in die taal van die gemeenskap of gemeente aangebied nie, maar in Latyn (Beukes 1987:13)

Die Kerkhervorming het ’n groot verandering met betrekking tot die erediens meegebring. Die vyf *solas* (*sola scriptura, sola gratia, sola fide, sola Christus, soli Deo Gloria*)*,* het die nuwe uitgangspunt van die erediens geword. Hierdie beweging was ’n verset teen dit wat die Roomse kerk gedoen het en die erediensfokus is teruggedraai na die inhoud in plaas van die vorm van die erediens. Dit het beteken dat daar heelwat meer Christelike vryheid was maar die kerk het besef dat daar tog ’n vorm van orde in die erediens moet wees. Die klem het nou baie sterk op die prediking geval, so sterk dat by die sinode van Dordrecht die prediking beskou is as die enigste element in die erediens wat werklik ’n ware betekenis gehad het (Beukes 1987:13).

Wat die wese van die erediens aanbetref, beskryf De Wet (1983:2) die erediens as ’n onderlinge byeenkoms van die gemeente wat deur die kerkraad vasgestel is sodat die gemeente in die openbaar ’n ontmoeting met God kan hê. Die erediens is dus ’n gesprek tussen God en die gemeente met die spreke en handelinge van God deur sy

sigbare en onsigbare woord asook die antwoord van die gemeente deur sang, gebed en belydenis.

Beukes (1987:19) noem dat die erediens ten volle plaasvind tot eer van God en die uitleef en uitbouing van die geloof en gemeente. As die erediens antroposentries ingerig word, gaan dit bloot oor die mens en die mens se behoeftes en begeertes. Die skriftuurlike en historiese gegewens wys daarop dat die erediens by uitstek nie oor die mens gaan nie, maar oor God. Hierdie tendens heers steeds in Suid-Afrika onder die Protestantse kerke.

Beukes (1987:23) noem die baie belangrike stelling wat ook ’n sterk motivering vir hierdie studie is: “Omdat dit bepaalde mense is wat op bepaalde tyd erediens hou, is dit nodig dat daar ook gekyk word na die mens van hier en nou. Dit is nodig dat ’n praktyk ontwerp word wat vir die mens van die dag sinvol is.” In ag genome dat die erediens deurentyd verander het om by die behoeftes van die hedendaagse mens aan te pas, is dit juis ook vandag in ’n tegnologies gevorderde wêreld nodig om die erediens daarvolgens in te rig.

Barnard noem reeds in 1981 dat waar die Christelike geloof nie opnuut geïnterpreteer word in die ruimtebewuste tyd nie, dit verwoestend kan wees vir die geloof en vir die hele erediens (p 26). Hierdie uitspraak is reeds 36 jaar gelede gemaak op ’n tydstip toe daar nie naastenby soveel tegnologiese verwikkeling in die wêreld was soos vandag nie.

Dit is duidelik dat die erediens deurgaans ná die hervorming in die Protestantse tradisie verander het ten einde aan te pas by die wêreld en konteks van die dag. Die erediens is in sy wese ’n menslike handeling wat bestaan nie vir die mens nie maar vir God. Alhoewel die Bybel nie direkte aanwysings gee vir die inrigting van die erediens nie, is daar kernaspekte van die erediens waaroor die Bybel duidelikheid gee, boustene waarop die res van die erediens gebou word. Hierdie kernaspekte was van die heel vroegste vorm van kerkwees al sigbaar en baie daarvan het tot vandag toe behoue gebly. Die vorm, kleur en smaak word bloot aangepas by die konteks van die dag.

## 3.4 RUIMTE

Die antieke Grieke het reeds begin nadink oor ruimte en spesifieke betekenis daaraan geheg. Die Griekse woord "*chora*" het oorspronklike gedui op 'n oop spasie of land maar is ook deur iemand soos Plato geïnterpreteer as 'n medium waarin die kosmos geskep is. Die Grieke het aan ruimte 'n vroulike konnotasie gegee om ook iets te wys van die gewer van lewe (Cilliers 2011:3).

Chupungco (2000:2) wys daarop dat Jesus Christus God self is wat ruimte op aarde binnegedring het om Sy Woord bekend te maak en sy menslike lewe as offer te bring. Daarom dat mense ook in ruimte bymekaarkom op 'n spesifieke tyd en ruimte, om ontmoetings met God te hê.

White (2000:85) beskryf die samekoms van gelowiges as 'n gemeenskap wat behoefte het om in 'n ruimte saam te kom. Die liturg het ruimte nodig om oogkontak te maak met die lidmate en dan ook vrylik te kan praat en sy arms beweeg. Daar is ruimte nodig vir interaksie op horisontale vlak tussen mens en mens, en die vertikale vlak tussen mens en God. White noem ook dat hierdie ruimte basies enige plek kan wees. Met die gedagte dat God oral teenwoordig is, is al wat nodig is om te aanbid, kontak met jou medemens. Onder die plekke waar daar in die Christelike geloof aanbid word, lig White ses liturgiese ruimtes uit waar aanbidding plaasvind en drie tot vier liturgiese sentrums. Die ses verskillende liturgiese ruimtes is die volgende:

- *Plek van samekoms*. Hierdie plek is waar die gemeente, die liggaam van Christus bymekaarkom. . In elke tydperk van die Christelike geloof is daar 'n vorm van samekoms en 'n afsondering van die gemeenskap buite die gemeente.
- *Beweegruimte*. Ten einde die mense na 'n spirituele vlak te verplaas, is dit nodig om hulle fisies te beweeg. Die mense wat bymekaarkom neem hul plekke in, maar tydens troues, begrafnisse, doop, offerandes en Nagmaal is daar beweging binne die ruimte.
- *Gemeenteruimte.* Hier val die fokus op die feit dat God daar teenwoordig is waar die gemeente teenwoordig is, is sy meerdere of mindere vorm. Waar die

gemeente besig is om verskeie elemente van die liturgie te vier, waar twee of meer in die naam van die Here bymekaar is (Matteus 18:20), daar is God teenwoordig.

- *Koorruimte.* Hierdie is ’n moeiliker ruimte om saam te vat aangesien die rol van die koor van een gemeente na ’n ander verskil. Hierdie ruimte kan deurcdie koor of selfs instrumente en dansers gebruik word.
- *Doopruimte*. Hierdie ruimte word dikwels verwar as die ruimte net by die doopvont in die hoek van die liturgiese ruimte, terwyl die hele gemeente deel het aan die doopseremonie. Elkeen teenwoordig word herinner aan sy/haar eie doop en het deel aan die gemeenskaplike betekenis van die doop
- *Altaartafelruimte*. Dit is moontlik wat meestal bekend staan as die liturgiese ruimte. Hierdie ruimte word dikwels misverstaan as ’n ruimte wat domineer in plaas van dien. Hierdie ruimte is afgesonder en word selde deur die mense in die gemeente genader.

Die drie verskillende liturgiese sentrums in die erediensruimte is:

- *Die doopvont*. Hierdie item is nodig in die liturgiese ruimte om die blote rede dat die water wat tydens die bediening van die doop as simbool dien, ’n houer benodig. Die houer kan ’n bak op die grond wees of kan deel vorm van ’n staander in die kerk. Indien die water nie iewers teenwoordig is nie, sal die liturg nie met die doopsakrament kan voortgaan nie.
- *Die kansel*. Die kansel lyk op die oog af soos ’n luuksheid eerder as ’n noodsaaklikheid. Daar is egter sekere aspekte van die kansel wat wel tot die liturgie bydra. Wanneer die Woord wat die prediker bring gesien word as ’n nuwe, veranderende boodskap, moet die ruimte vanwaar dit kom iets daarvan verkondig. Die kansel ondersteun die Bybel wanneer dit gelees word sodat die liturg se hande vry is. Die kansel stal ook die Bybel uit wanneer daar nie gelees word nie.

- *Die Nagmaaltafel*. Die tafel in die liturgiese ruimte moet nie gesien word as deel van die kerk se argitektuur of deel van die simbole in die kerk nie. Dit is bloot teenwoordig om, soos wat die doopvont water hou en die kansel die Bybel se neersitplek is, die Nagmaalsimbole te hou tot dit gebruik word (White 2000:86-89)

Hierdie ruimtes is almal binne die kerkgebou geïnkorporeer. Die Christendom het nie, soos baie ander gelowe, ’n ruimte wat gesien word as die belangrikste ruimte nie. Pelgrimstogte na’ ‘n spesifieke plek is nie ’n moet vir die Christelike geloof nie. Alhoewel baie Christene na plekke toe reis wat met Jesus en die verhale in die Bybel geassosieer word, word hierdie besoeke nie vereis nie. In die Christendom word daar ’n rituele ruimte geskep die oomblik wanneer ’n groep Christene bymekaar is om die Woord en sakrament te vier (Ramshaw 2009:47).

Ramshaw (2009:47) wys ook uit dat mense van nature sekere ruimtes van mekaar skei. Hy gebruik die voorbeeld van ouers wat kinders leer om nie in die bed te eet nie. Daar is spesifieke ruimtes vir elkeaktiwiteit. Wanneer dit kom by die rituele wat ook elkeen ’n spesifieke plek gegee word, kan hierdie verdeling van ruimtes ook op sy beurt gesien word as ’n vorm van ritueel. Christene het deur die eeue geboue aangeneem wat prakties sal kan werk vir aanbidding. Die vroeë Christene het huise geneem, in die vierde eeu is tafels en stoele in die liturgiese ruimte ingebring en meer onlangs word megakerke gebou om soos teaters te lyk.

VanSlyke (2010:1) noem dat die Christendom nie meer vandag die dominante geloof in die Weste nie. Wanneer daar oor die Christendom in die post-moderne era, post-Christendom of bloot net in ’n ander tyd as in die verlede gedink word, word daar nuwe vrae oor ruimte gestel. Daar word in die rigting gedink van gasvryheid en bekombaarheid van die rituele ruimtes vir mense. Daar word selfs gedink hoe kuns, argitektuur en ruimte ons teologiese sieninge kan beïnvloed.

Müller (1991:46) skryf dat die kerkgebou ’n materiële uitdrukking geword het van die wyse waarop die gemeente homself en die erediens verstaan. Die gebou word ook die uitdrukking van die manier waarop die kerk sy betrokkenheid by die wêreld rondom hom

verstaan. ’n Voorbeeld hiervan is ’n statige ou tradisionele klipkerk wat die middelpunt van ’n klein plattelandse dorp vorm, teenoor ’n onopsigtelike gemeente in’ ’n dienssentrum van ’n moderne voorstedelike gemeente.

Die fisiese boublokke van die gemeente begin op hul beurt invloed uitoefen op hoe die gemeente homself sien. Daar is dus gedurig wisselwerking tussen hierdie twee elemente. Die mens beïnvloed sy omgewing en die omgewing beïnvloed op sy beurt weer die mens. Dit is om hierdie rede dat die ruimte wat ’n kerkgebou skep meestal belangriker is as wat ons besef. Die aard van ’n gemeente se erediens sal dus die ontwerp van die kerkgebou beïnvloed. Sodra die kerk gebou is, sal dit weer ’n bepaalde invloed op die erediens se verloop hê (Müller 1990:46).

Cilliers (2011:2) wys daarop dat dit belangrik is om te onthou dat ruimte deur ’n kultuur bepaal word. Soos wat elke kultuur sy eie konsepte van ruimte vorm, is daar ook verskeie interpretasies van die ruimte. Hy wys op Matthews (2003:12) se stelling:

*“physical space is continuously redefined by human presence and individual interpretation of the ideology of place”.*

Hieruit volg dat ruimte vir verskillende kulture en indiwidue verskillende betekenisse kan hê. ’n Ruimte word byvoorbeeld anders gesien deur ’n boer as deur ’n hawelose persoon. Die kwaliteit of potensiaal van ruimte word bepaal deur, onder andere, die persoon se houding, perspektief en verwagting. Persepsie van ruimte word ook saamgestel deur die wyse waarop die ruimte benader word.

Ruimte word deur sosiologiese studies in drie kategorieë geplaas:

- *“Firstspace.”* “Firstspace” dui op die fisies-geografiese ruimte, soos Kaapstad of Jerusalem.
- *“Secondspace”* Hierdie beskrywing dui op verbeelde ruimte. dit is konsepte of prentjies van hoe die ruimte moet wees, met ander woorde geïdealiseerde ruimte.

- *“Thirdspace.”* Hier word verwys na die werklike, onmiddellike en ware ruimte waarbinne mense hulself elke dag bevind. Hierdie ruimte word herken aan estetiese en simboliese items, soos meubels of skilderye sowel as kulturele items, soos monumente (Cilliers 2011:3).

Kloppers (2017:2) wys op die 5 *solas* (*sola Christus, sola gratia, sola verbo, sola scriptura en sola fide*) wat ’n invloed gehad het op Protestantse kerke oor die tema “ruimte”. Die gedagte dat slegs Christus, slegs genade, slegs deur die Woord, slegs op grond van die Skrif en slegs deur geloof sentraal staan (terwyl alle ander dinge bysake is), het ’n invloed uitgeoefen op die wyse waarop daar oor ruimte vir die erediens gedink is. Martin Luther het in sy preek op 1544 met die inwyding van Torgau beklemtoon dat die kerkgebou nie belangrik is nie. God se Woord kan op enige plek verkondig word.

Mense is deesdae geneig om na kerkgeboue te verwys as die “kerk” of “die huis van die Here”. Dit word egter slegs metafories bedoel aangesien die fisiese gebou slegs die ruimte is waarin die kerk tuiskom. Dit skep die ruimte van geloof en vir geloof; ruimte om geloof in uit te leef en geloof sigbaar/hoorbaar te maak vir die wêreld (Kloppers 2017:3).

(Nel 2015:5) verwys na die liturgiese ruimte as ’n ruimte waarin ’n gelowige of groep gelowiges doelbewus met God in kontak kom. Die tuin, saal, kantoor, binnekamer of kerkgebou kan dien as die liturgiese ruimte indien die teenwoordiges gestalte daaraan verleen. Wanneer die ruimte op ’n sekere wyse ingerig word, het die inrigting daarvan ’n invloed op die toe-eiening van die aanwesige persone.

# 4 ONTWIKKELING VAN KERKGEBOUE EN LITURGIESE RUIMTES DEUR DIE EEUE

## 4.1 INLEIDING

Omdat die kerkgebou in Suid-Afrika, soos in die meeste lande in die wêreld, ’n ryk geskiedenis het, speel die kerkgebou en die spesifieke elemente in die kerkgebou ’n bepaalde rol in die tradisie. Die simbole wat in kerke gebruik word vorm deel van die liturgie en rituele wat deur die eeue uitgevoer is. Soos wat die liturgie I en so ook die rituele ontwikke het, het die vorm van die kerkgebou ook verander. Die behoeftes van die liturgie het verander en die kerkgeboue het saam verander.

Wescoat en Ousterhout (2012:152) dui aan dat die meeste burgers van ’n land, in die antieke tyd sowel as in die hede, op soek is na visuele en verbale tekens wat die fondasie van die staat uitroep en regverdig. Hierdie tekens word opgemaak uit die heilige komponente van die verlede wat saam die identiteit van ’n gemeenskap skep. Met hierdie verskynsel in gedagte, word dit duidelik dat kerkgeboue en objekte wat daarmee gepaard gaan ’n belangrike rol in die geskiedenis speel. Duisende kerkgeboue regoor die wêreld maak deel uit van duisende gemeenskappe se identiteit.

Hierdie studie ondersoek, onder andere, ook die volgende stap in die verandering van ’n gedeelte van die kerk en meer spesifiek die liturgiese ruimte. Wanneer daar gepoog word om die liturgie met beeldsending na ander ruimtes te stuur, sal dit die liturgiese ruimte in der waarheid wesenlik beïnvloed. Dit is dus noodsaaklik om in hierdie hoofstuk te kyk na die geskiedenis en ontwikkeling van die kerkgebou voordat daar gepoog kan word om moontlike veranderings vir die toekoms voor te stel.

Om die geskiedenis in ag te neem, en meer spesifiek ook die geskiedenis van die NG Kerk wat deur hierdie studie ondersoek word, word ’n beter begrip verseis waarom by hierdie punt van ondersoek uitgekom word. Die kerk se geskiedenis, selfs die NG Kerk se geskiedenis en die NG gemeente wat in hierdie studie ondersoek word, is te breedvoerig om volledig te bespreek. Daarom word kernpunte aangeraak.

## 4.2 VROEË GESKIEDENIS VAN KERKGEBOUE

White (2000:82) noem dat elke Christengemeenskap ’n plek nodig het om die Een wat opgestaan het te aanbid. Dit maak nie saak waar die spesifieke plek is nie, solank as wat daar net ’n plek is wat die liggaam van Christus sien as ’n ruimte van samekoms. Mettertyd het hierdie ruimtes mure en dakke begin kry ten einde die ruimte vir die aanbidders meer gerieflik te maak. Hierdie kuns om ruimte te organiseer staan bekend as “argitektuur”.

Kieckhefer (2004) beskryf die instap by ’n kerkgebou as ’n metafoor vir die ingang van ’n spirituele proses; ’n proses van deelname, gesprek of dialoog. Dit is duidelik dat kerkgeboue van die ontstaan van die kerk af reeds ’n belangrike rol in toe-eiening van die erediens gespeel het. Daar is iets spesiaals aan die ruimte binne die kerk wat maak dat mens reeds iets van die liturgie toe-eien alvorens die liturg met die liturgie begin het.

White (2003:28) noem dat daar binne-in die kerkgebou sekere elemente wat by die erediensgangers ’n sekere ervaring meebring. Daar kan byvoorbeeld deur middel van die inlating van natuurlike lig in die kerk reeds effek geskep word. Sekere simbole of objekte word in die kerk geplaas om ’n sekere atmosfeer te skep en dan op hierdie wyse ’n emosie te ontlok en die gemoed van die erediensganger aan te raak.

Die diens van God by ’n bepaalde heiligdom is ’n baie ou gebruik. Kain en Abel het offers aan die Here gebring terwyl mense soos Noag, Abraham en Salomo elkeen bepaalde plekke gehad het, of opgerig het, waar hulle God vereer het. Hierdie Ou-Testamentiese heiligdomme word deur Van Selms uitgewys as plekke wat nie dien as die voorlopers vir Christelike kerkgeboue nie (in Beukes 1994:93).

### 4.2.1 Die vroeë Christendom (eerste drie eeue)

Fisiese kerkgeboue was nie teenwoordig in die eerste vorme van Christelike kerke nie. Daar is in huise bymekaargekom, moontlik die meer gegoede lidmate se huise, en die verrigtinge van die geleentheid het in die huis geskied. Hierdie verskynsel word in die Nuwe Testament raakgelees. Volgens White is dit ’n uitdaging om die tydperk tussen hierdie “huiskerk” en die oprig van die eerste basilikakerkstrukture te identifiseer (White 1990:19).

Torgerson (2007:8) beweer dat die eerste gemeentes waarvan ook in die Nuwe Testament gelees word, nie werklik klem gelê het op die boustyl van die aanbiddingsruimte nie. Die tempel was steeds teenwoordig in Christus se tyd maar die klein groep gelowiges was met die oog op hul gereelde byeenkomste tevrede met dit wat reeds in die huis bestaan het.

Daar speel drie groot geleenthede in die NuweTestamentiese huiskerkruimte af:

a. die Avondmaal (Markus 14:12-26),

b. die verskyning van Jesus aan die apostels na sy opstanding (Johannes 20:14-29) en

c. die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 2).

By laasgenoemde word daar beskryf hoe die handeling plaasgevind het; hoe daar van huis tot huis gegaan is om bymekaar te kom en saam ste eet (vers 46). Daar word ook in Handelinge 12 melding gemaak van ’n huis in Jerusalem waar verskeie Christene bymekaar gekom het om te bid (Foster 1972:1).

Norman (1990:8) dui op die tyd nadat die eerste kerkbyeenkomste in huise plaasgevind het. Aan die begin van die Christendom was die gemeentes klein en kon daar maklik op enige plek vergader word. Die gelowiges is ook vervolg en daarom dat daar meestal in die geheim vergader is. Daar was nie kerkgeboue soos ons dit vandag ken nie. Baie van hierdie plekke waar daar aan die begin bymekaar gekom is, is later in kerke omskep.

Op plekke waar daar martelare ter wille van die Christelike geloof aangehou is, is kerke opgerig. Toe die Heilige Helena, die moeder van Konstantyn, driehonderd jaar later terugkeer na hierdie plekke waar daar vir die eerste keer kerk gehou is, het sy gevind dat die tradisie nog sterk aan die gang is. Die koms van Konstantyn het ’n nuwe ere vir kerkargitektuur beteken. Daar is nagedink oor kerkgeboue en die b asilika het gedien as riglyn vir verskeie van die eerste kerke. Die eerste kerke was almal geskoei op die Romeinse tradisie en daar is selfs afvalmateriale gebruik wat van Rome afkomstig was (Norman 1990:8).

Ruimte speel dus hier ’n belangrike rol. Wat word in watter ruimte gedoen en hoeveel waarde/toe-eiening word daaraan geheg? Wepener noem in *Liturgie en versoening vóór die Reformasie: 60-312AD (2003a)*, ses verskillende versoeningsrituele wat ontstaan tydens die ontwikkeling van die eerste kerke. Hy lig uit dat hierdie praktyke mettertyd ontwikkel het afhangende van die konteks en teologie. Praktyke soos die doop, Nagmaal, prediking, boetedoening, “maak van heiliges” en pelgrimstogte vorm binne ’n bepaalde konteks, en ontwikkel soos die tyd en konteks dit vereis. Reeds hier in die eerste paar eeue is dit duidelik dat kerke aanpassings maak, tot op teologiese vlak, ten einde by die omstandighede en behoeftes van die dag te pas. Wepener (2003b) argumenteer verder dat, alhoewel die geskiedenis van ruimte en liturgie nie in hierdie era baie aandag geniet het nie, dit duidelik word dat tyd, plek en ruimte ’n belangrike rol speel in mense se ontmoeting met God.

Die Christelike kerk was vir die eerste drie eeue ná Jesus se geboorte die minderheid in die wêreld en die Christene is dikwels misken en vervolg. Hierdie posisie van die kerk in die wêreld het aan die erediens ook ’’n bepaalde vorm en inhoud gegee. In die vierde eeu kom daar egter ’n drastiese verandering in die Christelike geloof in die wêreld en syfer hierdie verandering ook na die erediens toe deur. In 313 ná Christus verleen Konstantyn en Licinius aan die Christene deur die Edik van Milaan die vryheid om te aanbid. Die erediens word verder beïnvloed deur groot gebeurtenisse en draaipunte in die kerk, soos die Konsilie van Nicea (325 ná Christus) en toe Keiser Theodosius in 380 die Christelike geloof tot staatsgodsdiens verklaar (De Klerk & Leuschner 2007:69).

In die Nuwe Testament is daar geen bewyse of planne vir die optrek of bou van kerkgeboue nie. Die algemeenste byeenkomsplekke was privaat huise, in die besonder die bovertrek van die huis. Die gemeente het ook by riviere (Handelinge 16:13,16) en ’n skool (Handelinge 19:19) bymekaar gekom (Beukes 1994:93).

### 4.2.2 Vierde eeu ná Christus


Op hierdie stadium het die kerk nog in huise bymekaar gekom en was dit voldoende, maar nadat die kerk as staatsgodsdiens verklaar is, stroom die massas na die eredienste. Die bymekaarkomplekke was te klein en moes vernuwe word. Nuwe kerke is gebou of bestaande bymekaarkomruimtes vergroot. Daar word deur White (1990:13) voorgestel dat die basilika sy ontstaan te danke het aan die Romeinse “atrium house”. Dit wil sê, dat die eerste kerkgeboue se ontwerp gebaseer is op dit wat in die huiskerk beleef is. Verskeie dele van die huis waarin verskillende elemente van die byeenkoms plaasgevind het, is oorgeplaas na die boustyl van die eerste kerk.

Op hierdie stadium verander die erediens van ’n geheime byeenkoms in ’n openlike en openbare geleentheid wat oop is vir enige iemand om by te woon. Daar was, omdat die kerkgeboue nou staatsgeboue sou word, finansiële steun vir die bou van groot en indrukwekkende kerke. Daar word besondere aandag gegee aan details soos ligte, goud, skilderye, edelgesteentes en mosaïek om ’n atmosfeer van verwondering te skep. Items soos die altaar, wat voorheen kon rondskuif ter wille van die Nagmaal, word nou ’n permanente plek gegee waarop “heilige voorwerpe” geplaas kan word. In hierdie nuwe kerkgeboue is die erediensruimte gebou om die atmosfeer van so ’n aard te maak, dat die grootheid van God in die argitektuur sigbaar word. (De Klerk & Leuschner 2007:70-71).

Volgens Wepener (2011:259) is daar voor hierdie tyd nog nie waarde geheg aan simbolesoos die kruis waarvan daar vanaf die vierde eeu eers melding gemaak is nie. Die kruis het in hierdie tyd nog n betreklik negatiewe konnotasie van doodstraf vir kriminele en slawe gehad. Konstantyn het ’n belangrike rol gespeel in die gebruik van


die kruis as simbool in die kerk. Hy het 'n openbaring gehad dat die kruis 'n simbool van oorwinning sal wees en die kruis op die skilde van soldate aangebring. Konstantyn het hierná verskeie oorwinnings behaal en die gebruik van die kruis in die liturgie het toegeneem. Dit is juis die gebruik van die kruis as simbool in die kerk wat later in die argitektuur opgeneem sou word om kerke se boustyl te beïnvloed.

Die ontwerp van die sesde-eeuse basiliek was 'n langwerpige gebou met die apsis teenoor die ingangsdeure, met drie vleuels waarvan die middelste een gewoonlik 'n hoër dak gehad het. Beukes (1994:94) noem hierdie hoër dakke, "skepe" wat met pilare aan mekaar verbind was.




Beukes (1993:51) lig uit dat die persoonlike karakter van die erediens grootliks verdwyn het sodat die erediens 'n meer openbare karakter gekry het. Die owerheid het verlang dat eredienste oral in al die kerke dieselfde moet wees, wat daartoe gelei het dat elke handeling en elke woord vasgestel moes word.

*Die deursnee van die basiliek (Beukes 1994:95)*



### 4.2.3 Boustyl van kerke ná ±324

Ongeveer in 324 ontstaan die Bisantynse boustyl en is daar ook ander boustyle van hierdie tyd af te sien, soos die Romaanse, Gotiese, Renaissance- en Barokboustyl. Hierdie boustyle duur vir ongeveer ’n duisend vierhonderd jaar voort tot die hervorming ’n groot draaipunt in verskeie fasette van die kerk in die wêreld, asook in die argitektuur teweegbring. Daar word nou kortliks na elkeen van hierdie boustyle verwys:

*Die Bisantynse boustyl (324-1500)*. Nadat Konstantyn die Christelike geloof aangeneem het, het Konstantinopel die hoofsentrum van die Romeinse Ryk geword. In hierdie tyd was dit, soos reeds genoem, die gebruik om groot, indrukwekkende geboue op te rig. Geboue uit hierdie tyd wat uitstaan is die Hagia Sophia, San Vitale en Sint. Markus kerk.

Hierdie boustyl word beskryf as ’n tipe “sentraalbou”. Die hele gebou het gedraai om die middelpunt. Die middelpunt se dakgedeelte het dan ook ’n massiewe koepel oor gehad. Weens hierdie groot koepel is daar nie ’n toring opgerig nie. Die hele konsep van hierdie ontwerp draai om die gedagte dat die middelpunt die “graf” is wat dan deur die

res van die gebou bewaar word. Daar is ook ’n gedeelte van die binneruim afgeskort met beelde of skilderye om ’n beeldewand (*iconostasis*) te maak (Beukes 1994:96)



*Foto van die Hagia Sophia in Konstantinopel (Pecklers 2012:73)*

- *Die Romaanse boustyl (8ste tot 12de eeu).* Hierdie boustyl ontstaan ongeveer drie eeue ná die val van die Romeinse Ryk. Die nuwe strominge het uit die Weste gekom (bv. vanKarel die Grote). Hierdie boustyl het in baie opsigte met die vroeg-Christelike boustyl ooreengestem. Net soos by die basiliek, is daar drie dele wat elkeen sy eie dak het met die middelste deel se dak wat hoër is.

Daar was ook groot verskille, soos die feit dat die dak nou nie meer ’n staandak was nie maar eerder ’n rondeboogdak wat gewels gevorm het. Die kerk is ook so gebou dat die kerk vanaf die Weste binnegegaan word en dan direk na die oste wys waar die aktiwiteite plaasvind.

Die term, Romaanse boustyl het in die tiende en elfde eeu ontwikkel om te wys dat hierdie geboue op die oorspronklike boustyl van die Romeinse basiliek gebaseeris. Met ’n wye middelgang en twee gange wat weerskante volg, het hierdie boustyl goed gewerk vir die Romeinse liturgie met die vele prosessies (Pecklers 2012:110).



*Sint Vincentiusbasiliek*

Dit is hier baie duidelik hoe die Romaanse boustyl met die boustyl van die basiliek ooreenstem. Die middelste dak is hoër as die buitenste twee dele s'n *(Pecklers 2012:110).*

- Die Gotiese boustyl (1150-1500). Die Pous het teen 1200 baie mag gehad en groot rykdom bymekaar gemaak. Dit het veroorsaak dat lande se kerklike owerhede teen mekaar gekompeteer het vir die grootste en mees indrukwekkende gebou. Ook hierdie kerke het die drie dele van die skip gehad met die middelste deel wat hoër was. Die kerkontwerp het sterk horisontale en vertikale lyne gehad en 'n misterieuse atmosfeer.



Volgens Pecklers (2012:114), het die Romaanse boustyl nie baie lank gehou voordat die Gotiese boustyl ingetree het nie. Hierdie boustyl het gekom met die konstruksie van die Sint Deniskerk in die noorde van Frankryk.

Met hierdie kerk is daar meer geëksperimenteer met die binneruim van die kerk en die kerk is hoër gebou, met groter vensters. Die groter vensters kon met gebrandskilderde glas Bybel-tonele uitbeeld, soos wat die geval was met skilderye in die Romaanse tyd.

Hierdie foto toon die binneruim van die Sint Denisabdykerk (Pecklers 2012:114).

- Die Renaissanceboustyl (1420-1600). In hierdie tydperk word die mens se vermoëns uitgebeeld in die boustyle van kerke. Kerke het gewys watter besondere gawes mense gehad het om die kerke kunstig te versier. Die skipbeginsel begin om hier weg te val namate die liturgiese sentrum nie meer geskei word van die res van die kerk nie. [1]

[1] https://www.radford.edu/rbarris/art216upd2012/15th%20century%20architecture%20Brunelleschi%20to%20Alberti.html (20 Junie 2018)



Santa Maria Novella word gesien as een van die kerke wat die pas aangegee het vir kerkargitektuur in die Renaissancetyd. ’n Meer harmonieuse en wiskundige benadering is gevolg met die ontwerp van hierdie kerk.

- Die Barokboustyl (1600-1750). In hierdie tyd word daar klem geplaas op die mens se emosies en dit wat deur die sintuie waargeneem kan word. Die estetika van die kerk is belangriker as die funksionaliteit. In hierdie tyd is kerke opgerig vol beelde en skilderye van Bybelse tonele. Hierdie neiging tot uiterlike skoonheid het gelei na ’n ronde of ovaalvorm kerk.

Dit is ook gedurende hierdie tyd wat daar ’n groot draaipunt in die kerk se geskiedenis gekom het, by name die hervorming of reformasie. Ná die reformasie moes baie Kerkhervormers egter voortgaan om bestaande kerke te gebruik en daar is voor in die kerk ruimte gemaak vir die preekstoel en Nagmaaltafel (Beukes 1994:100).

Hier sien ’n mens weereens dat die kerk, soos wat die behoefte van die lidmate verander, by die lidmate aanpas. In hierdie geval was daar ’n groot verandering in die teologie van die lidmate, en moes die kerkgebou dienooreenkomstig aanpas.




Pecklers (2012:138) beskryf die Sint Pieter- Vatikaanse Basilika as ’n goeie voorbeeld van ’n kerk uit die Baroktydperk wat bedoel was om ’n fees vir die oog te wees.

Met die klimaks van die hervormingsgebeure op 31 Oktober 1517 het daar nie dadelik kerkgeboue vir die toe nuwe kerkbeweging sverrys nie. Daar is ’n groot verskeidenheid kerke, katedrale en kapelle wat omskep is in plekke van aanbidding vir die Protestantse kerk. Mure is ingebring en sekere dele van geboue is uitgelaat om by die liturgie en behoeftes van die gemeente aan te pas. Waarskynlik is die eerste doelgerigte nuwe kerkgebou spesifiek vir die Protestantse kerk eers in 1544 in Torgau gebou (Whytock 2018:3).

#### 4.2.4 Die 19de eeu

Daar is in die 19de eeu meer kerke gebou as enige tyd voor of ná hierdie era. In Europa vind daar drastiese ’n bevolkingstoename plaas en in die res van die wêreld vind aggressiewe sendingwerk plaas. Daar was egter nie ’n spesifieke styl vir die kerk in die 19de eeu nie. Baie kerke het teruggeval op dit wat in die verlede ontwerp is. Die mees populêre styl was die Neo-Gotiese styl. Dit het herinner aan die tyd toe die Christendom op sy sterkte en suiwerste was (Norman 1990:252).

Die eerste veertig jaar van die twintigste eeu het nie werklik enige nuwe kerkontwerpe opgelewer nie. Selfs die invloed van die eerste wêreldoorlog het nie ’n groot uitwerking op bestaande of selfs nuwe kerke gehad nie. Die Neo-Gotiese styl het voortbestaan maar het ook minder begin voorkom. Die Tweede Wêreldoorlog het egter ’n groot transformasie in die ontwerp van kerke gebring. Denominasies in sbyvoorbeeld Afrika en Suid-Amerika het nie meer net gefokus op dit wat in Europa gedoen is nie, maar het self ’n eie konteks en karakter aangeneem (Norman 1990:280).

Dreyer (2016:140) noem dat groter, mooier en luukser kerkgeboue ’n teken is dat kerke groot waarde heg aan strukture en stabiliteit. Dit kan ook vir ’n kerk ’n teken van vooruitgang wees. NG Koedoeskop, wat dien as die subjek vir hierdie studie se empiriese hoofstuk, het onlangs ’n kerksaal voltooik wat beslis vir die gemeente ’n teken van vooruitgang is.

Kerkgeboue is vir gemeentes so belangrik dat dit as die hoogste prioriteit beskou word wanneer daar ’n nuwe gemeente gestig word. Wanneer ’n gemeente finansieel swaarkry, is die grootste vrees van die lede dat hulle die gebou kan verloor. Wanneer die gebou dan verkoop moet word, sterf gemeentes gewoonlik finaal (Dreyer 2016:140-141).

## 4.3 GEREFORMEERDE KERKGEBOUE IN SUID-AFRIKA

Kerkgeboue staan steeds prominent uit in baie dorpe, maar die "statigheid" is nie meer in alle gevalle teenwoordig nie. In groot stede is die kerke weggesteek agter die groot wolkekrabbers. Dit is opvallend hoe baie dorpe se hoogste gebou die kerktoring is. Wanneer daar in Afrikaanse bronne na die geskiedenis van NG Kerkgeboue gesoek word, word dit gou duidelik dat die geskiedenis van die geboue vir baie lidmate baie belangrik is. Daar is van etlike gemeentes wat 'n belangrike verjaardag gevier het, se kerkgebougeskiedenise 'n studie gedoen.

Die eerste kerkgebou is gestig kort nadat Jan van Riebeeck op 6 April 1652 in die Kaap aan wal gegaan het. Van Riebeeck is deur die Vereenigde Oost-Indische Kompagnie gestuur om 'n halfwegstasie na die Ooste te vind. Daar ontstaan toe 'n nedersetting aan die voet van Tafelberg en langs die Liesbeekrivier. Omdat van Riebeeck selfs 'n Christen en van Gereformeerde geloofsoortuiging was, word hierdie kerktradisie in die Kaap gevestig.[2]

Daar was aanvanklik nie 'n geskikte plek van aanbidding nie en het die gemeente tussen die ou fort (op die Parade) en die kasteel geswerf. Die eerste sooi is gespit in 1672, twintig jaar nadat Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het. Op die Groote Kerk se webtuiste[3] is daar 'n lang vertelling oor die geskiedenis van die kerkgebou. Dit beskryf ook hoe die gebou later weens swak konstruksie teen tien maal die koste herbou is. Dit wys daarop dat die steen op steen in die Nederduitse Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika baie belangrik is.

Die bevolking groei om verskeie redes maar dit is weens die aankoms van die Franse Hugenote, wat uit hulle land verdryf is weens die vervolging van Protestante deur die Rooms-Katolieke kerk, dat die Protestantse geloofsgemeenskap in Suid-Afrika versterk.

---

[2] https://www.ngkerk.org.za/geskiedenis (geraadpleeg op 12 Junie 2018)

[3] http://grootekerk.org.za/geloofsgemeenskap/geskiedenis/ (geraadpleeg op 12 Junie 2018)

Die aantal gemeentes neem stadig toe en teen 2 November 1824 (tydens die stigting van die eerste sinode) is daar reeds veertien gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.[4]

Nadat die Groote Kerk in die Kaap as eerste kerk opgerig is, is die volgende 13 gemeentes gestig tot en met die eerste sinodesitting: Stellenbosch (1686), Paarl (1691), Tulbagh (1743), Swartland (1745), Graaff-Reinet (1792), Swellendam (1798), Caledon (1811), George (1813), Uitenhage (1817), Cradock (1818), Beaufort-Wes (1820), Somerset-Wes (1819) en Worcester (1821). Paarl is die kerk met die oudste kerkgebou tans in Suid-Afrika. Beide die Groote kerk en Stellenbosch se kerk is herbou (*Jaarboek van die NG Kerk* 2015:157-185).

Die NG Kerke in Suid-Afrika vermeerder tot só 'n mate dat daar teen 2007 ongeveer 1150 kerke is (Strauss 2008:786). Beukes (1994:101) wys daarop dat Koorts in sy boek *"Beginsels vir gereformeerde kerkbou"* skryf dat daar tot en met die sewentigerjare nog geen nuwe kerkontwerp wat eietyds of oorspronklik is in Suid-Afrika ontstaan het nie. Tot en met hierdie tyd is kerke opgerig met min of meer dieselfde grondvorm uit een van die tydperke van kerkontwerp in Europa. Hy onderskei dan drie verskillende boustyle:

- *Ou Boerekerk*. Hierdie kerkgeboue is stigtelik in voorkoms en het 'n gewyde atmosfeer. Daar word hoofsaaklik by die Gotiese boustyl geleen maar ook Romaanse en Barokelemente is sigbaar.



NG Middelburg is 'n goeie voorbeeld van hierdie boustyl.

- *Neo-Bisantynse kerkvorm*. Hierdie kerke neem 'n ses- of agthoekige vorm aan en word met rooi-geel siersteen gebou. Hierdie boustyl is volgens Beukes (1994:102) glad nie geskik vir die Protestantse erediens nie.




Die NG Kerk op Koster is 'n goeie voorbeeld hiervan.

- *Kappie-/TentKerk*. Hierdie ontwerp het in die vyftigerjare ontstaan toe Frank Lloyd Wright van die VSA met die dak die simboliek van biddende hande wou uitbeeld. Omdat hierdie ontwerp se dak skuins is, is alles in die kerk skuins en beskryf Koorts (1974:61) dit as "deurmekaar" en nie in ooreenstemming met die Christelike geloof waarin rus en balans 'n ideaal is nie.



Die NG Kerk Berg-en-dal in Bloemfontein is ’n goeie voorbeeld van die Kappie-/ TentKerk

Volgens Harris et al. (2010:13) het die Protestantse kerkargitektuur uit Nederland en Engeland ’n duidelike invloed op die Kaap se kerkbou gehad. Vanaf 1859 is kerke opgerig in die styl van ’n Waenhuis- of Saalkerk. Hierdie tipe kerk het ’n reghoekige vorm gehad en was niks anders as ’n houtraam met ’n grasdak nie. Boumateriaal wat beskikbaar was is gebruik en later van tyd is van hierdie kerke tot ’n L-vorm of Kruiskerkvorm vergroot (Harris et al. 2010:13).

Harris et al. (2010:13) beskryf die Kruiskerk se grondplan as die Griekse kruis met kort arms. Die een arm sou dan gebruik word vir die konsistorie en die ander arm vir kerkbanke. Die fokus aan die binnekant van die kruiskerk was veral op die kansel gerig. Anders as die Saal-/Waenhuiskerk is Kruiskerke nie met klip gebou nie maar eerder met siersteen wat gepleister is. GerhardMoerdijk, wat bekend is vir sy ontwerp van die Voortrekkermonument, het meer as 70 kerke ontwerp. Hy was ook ’n voorstander van die Kruiskerkvorm en het weggedoen met die Neo-Gotiek in Suid-Afrika weens die fel sonlig. Sy doel was om ’n boustyl eie aan Suid-Afrika te ontwerp.

In die laat 19de eeu ontstaan ’n vernuwingsbeweging en word daar opnuut besin oor die Protestantse kerkboukuns. Liturgiese vereistes kry in hierdie periode nuwe lewe en daar word spesifiek gefokus op ’n vaste vorm vir die liturgiese ruimte. Daar word nuut besin oor verskeie elemente in die liturgiese ruimte, van kuns tot die doopvont (Harris et al. 2010:14).

Verskeie argitekte, soos Johan de Ridder (1927-) en P de W Hartman, het tussen die jare 1950 en 1980 kerke ontwerp. In hierdie tyd het die bou van kerke om verskeie demografiese en politieke redes skerp afgeneem. Ná hierdie tyd het verskeie veranderings in die behoeftes van gemeentes plaasgevind. Veral ná 2000 is daar meer en meer elektroniese media, soos rekenaars en projektors, ingebring. In ouer kerkgeboue is hierdie nuwe elemente soms onvanpas en versteek dit ander argitektoniese elemente. By enkele nuwe kerke wat gebou is het die argitek hierdie behoeftes in ag geneem tydens die ontwerp (Harris et al 2010:14).

Die meeste Afrikaanse kerkgeboue is in die twintigste eeu gebou deur argitekte wat ook lidmate van dié kerk was. Tot in die 1960's was daar geen spesifieke riglyne vir die bou van 'n kerk vir beide die buitenste en binneruim nie. Argitekte moes hul eie afleidings en interpretasies vorm en toepas. Eers in 1966 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk n verslag van die destydse Noord- en Suid- Transvaal gepubliseer waarin die ontwerp van kerke bespreek is (Le Roux 2008: 20).

Le Roux (2008:24-27) noem drie argitekte wat 'n groot rol gespeel het in die ontwerp van kerke in Suid-Afrika. Die drie word geïdentifiseer as: J Anthonie Smith (1910-1997) wat meer as sestig kerke ontwerp het, Johan de Ridder (1927-) met nagenoeg vyf en dertig kerke en Wynand Louw (1883-1967) wat op sy eie en in vennootskap met ander (soos Gerhard Moerdijk) 120 kerke ontwerp het.

Tymbios (2017:66) lig uit dat die sosio-politieke situasie van die tyd waarin baie kerke in die twintigste eeu ontwerp is ook 'n belangrike rol gespeel het. Argitekte soos Gerhard Moerdijk, wat self in 'n konsentrasiekamp by Standerton aangehou is, was gedetermineerd om 'n ontwerp eie aan die Suid-Afrikaanse kultuur te vestig. Hy fokus sterk daarop om onderskeid te tref tussen die uitheemse en inheemse boustyle met die doel om 'n tipies Suid-Afrikaaanse styl in te bring.

## 4.4 GESKIEDENIS VAN NG GEMEENTE KOEDOESKOP

Volgens die argiewe van NG Koedoeskop, spesifiek ook die eerste notuleboek van die kerkraad, het die stigtingsvergadering van hierdie gemeente op 4 November 1957 plaasgevind binne die Ring van Krokodilrivier (Notule 1957:1). Koedoeskop is geleë in Limpopo, ongeveer 100 km noord van Brits en 45 km Suid van Thabazimbi. Ten tyde van die stigting het hierdie gemeenskap hoofsaaklik uit boerebestaan. Omdat dit vir boere ver was om na die naaste dorpe te reis om eredienste by te woon, het die behoefte aan 'n kerkgebou groter geword.

*NG Koedoeskop se grense strek ongeveer 25 km noord, 50 km suid, 50 km oos en 15 km wes van Koedoeskop.*




Die argiewe van NG Koedoeskop (Notule 1957:1) toon dat die kerkraad besluit het dat daar ook 'n pastorie gebou moes word. Nadat die pastorie afgehandel is, is daar begin om 'n kerk te bou. Die algemene gesprek in die notules toon dat die finansies die bepaler was van die ontwerp van die kerk. Die goedkoopste opsie is gekies omdat daar nie baie fondse beskikbaar was nie. Op 6 Julie 1963 word die hoeksteen van die kerk gelê en die gebou in gebruik geneem. Die kerkgebou het oor die jare min of meer dieselfde vorm behou behalwe vir 'n nuwe dak wat in 2007 opgesit is omdat die leiklipdak begin insak het.

Een prominente verandering aan die liturgiese ruimte was die aanbring van ’n projektor en skerm. Die skerm is oorspronklik aan die regterkant van die kansel aangebring met die projektor wat voor in die kerk op ’n tafeltjie staan. Dit het ook later verander in ’n skerm bo teen die muur, agter die kansel, met die projektor wat teen die dak gemonteer is.




Hoeksteen aan die voet van die kerktoring by NG Koedoeskop. Hartman, wat vroeër genoem is, was een van die argitekte.

Koedoeskop gemeente begin in 2016 om ’n saal en kombuis aan te bou. Vir byna 60 jaar het die gemeente klaargekom sonder ’n funksionele kombuis en was daar geen ruimte vir buite-erediensaktiwiteite soos teedrink ná die erediens, begrafnisetes en kategeselesse op die terrein nie. Binne net twintig jaar is daar ’n beduidende verskil te sien in die aansig van die kerk. Omdat tegnologie verbeter kan die kerk herstel word met nuwe produkte op mark namate die gebou se instandhouding dit verlang.



Foto van NG Koedoeskop voor die jaar 2000. Die kerk se dak was toe van leiklip.



Foto van NG Koedoeskop in 2017, ná die ingebruikneming van die kerksaal.

Op 5 November 2017 word die kerksaal ingewy met die viering van die gemeente se 60ste verjaardag. Vir die eerste keer kan die gemeente onderdak funksies hou en is daar ‘n hele nuwe dinamiek wat loskom rondom die bediening in die gemeente. Die saal is nie in dieselfde styl as die res van die kerkgebou ontwerp nie. Dit is volgens moderne boumetodes en met byderwetse materiaal ingerig volgens die praktiese behoeftes van die gemeente.

Daar is duidelik in hierdie twee geboue wat langs mekaar staan te sien hoe ’n verskil van sestig jaar lyk. Die kerk is gebou vir die behoeftes van die gemeente van sestig jaar

gelede en die saal is gebou vir die behoeftes van vandag. Die saal werk vir die behoeftes van die gemeente vandag baie goed. Die kerk, aan die ander kant, bied verskeie uitdagings wat betref die huidige behoeftes van die gemeente. Daar is byvoorbeeld min spasie vir multimediatoerusting. Luidsprekers is moeilik om in te stel weens die akoestiek van die gebou. Hierdie probleme bewys dat die behoeftes van vandag deur ’n middeweg met die estetiese van gister versoen moet word.

Soos daar ook vroeër genoem is, het gemeentes deur die eeue heen veranderings aan kerke aangebring ten einde hul geboue aan te pas by die spesifieke konteks se behoeftes en omstandighede. In NG Koedoeskop se kerkgebou is dit ook die geval. Die installering van nuwe, meer moderne tegnologie bly deurlopend.

Koedoeskop het ook, soos in die empiriese gedeelde van hierdie studie op uitgebrei sal word, twee ander preekpunte. Abei hierdie punte is op buurdorpe en het elkeen ook ’n geskiedenis van sy eie. Rooiberg se kerkgebou was oorspronklik ‘n klein skooltjie. Hierdie geboutjie is omskep in ’n kerkie wat bestaan uit die kerk (liturgiese ruimte en banke), kombuis en ’n kapel. Dit is ’n klein en intieme gebou waar die liturgiese ruimte in die res van die kerk invloei.

Die derde preekpunt, Kromdraai, beskik oor ’n klein kerkgeboutjie wat met skenkings uit die gemeenskap gebou is. Hierdie kerkie bestaan slegs uit een saaltjie met ’n kombuis en badkamer. Daar is ’n kateder en tafel voor in die kerk wat dien as die elemente in die liturgiese ruimte. Eenvoudig, maar prakties genoeg dat daar elke Sondag ’n erediens plaasvind. (Hierdie voorlopige beskrywing van die drie preekpunte in Koedoeskop word in die empiriese hoofstuk uitgebrei en met foto’s toegelig).

Alhoewel hierdie gemeente eintlik relatief jonk is, gegewe die feit dat daar NG Gemeentes in Suid-Afrika is wat al meer as drie honderd en vyftig jaar oud is, is die gemeente ryk aan geskiedenis. Enkele lidmate in die gemeente is al die volle sestig jaar van die gemeente se bestaan lidmate van die gemeente en was teenwoordig met die afstigting. Hierdie persone vertel met groot ywer die geskiedenis van die kerk.

Koedoeskop gemeente is nie meer deel van die Ring van Krokodilrivier nie maar wel van Northam. Koedoeskop is die vierde oudste van vyf gemeentes in die Ring met NG

Northam as die oudste, NG Thabazimbi, NG Dwaalboom ouer en NG Limpopo wat jonger is as Koedoeskop gemeente. Die gemeente het tans om en by vierhonderd lidmate en sien haarself as ’n missionêre gemeente (Niemandt 2007:149).

Alhoewel die struktuur van die kerkgebou steeds grotendeels dieselfde is, is daar duidelike veranderinge wat aan die liturgiese ruimte aangebring is. Die tradisionele borde weerskante van die preekstoel, wat die liedere en teks vir die diens aangedui het, is verwyder. Daar is lugversorging geïnstalleer omdat die klimaat van die area waarin die kerk is in die somermaande baie warm en in die wintermaande baie koud is. Die dwars banke aan die regterkant van die kansel is verwyder om plek te maak vir ’n meer moderne musiekbediening en skilderye wat sekere Bybelverhale vertolk is weerskante van die kansel aangebring. Daar is ook nuwe beligting vir die kansel geïnstalleer en die gemeente is tans in ’n proses om die hele kerkgebou se beligting te verander.

## 4.5 DIE KERKGEBOU NA 2000

“Met hoeveel vreugde, geloof en eerbied is die eerste steen van menige Gereformeerde Kerkgebou nie gelê nie” (Harris et al. 2010:4) Dit is die woorde uit *Van Seringboom tot Kerkgebou* wat spesifiek fokus op die gereformeerde kerke wat in Suid-Afrika gebou is. Dit weerspieël iets van die tradisie van die Suid-Afrikaanse volk wat deur die eeue groot waarde aan kerkgeboue geheg het.

Mills (1956:13) skryf reeds in 1956 dat die ontwerp van kerkgeboue altyd ’n moeilike taak was, maar dat dit in daardie tydselfs moeiliker geword het. Hierdie studie kom meer as sestig jaar later en toon dat die kerk se ontwerp deur die afgelope dekades selfs meer gekompliseerd geraak het. ’n Argitek moet die ware sin van die tradisie volledig verstaan en alle elemente in ag neem om werklik ’n kerk in ’n sensitiewe, praktiese en kontemporêre styl te kan ontwerp.

Die bekende kerkargitekte in Suid-Afrika is onder andere Van Rijsse en Moerdijk. Hierdie geboue is vir ’n spesifieke tydvak en konteks ontwerp en voldoen nie noodwendig aan al die behoeftes van die 21ste eeu nie. Kerkgeboue moet ook mettertyd verander namate die praktiese behoeftes van die gemeente verander (Harris et al. 2010:4).

Geboue wat in die jaar 2000 opgerig is, is ontwerp vir die tegnologiese vooruitgang en ruimte wat dít vereis. Alhoewel daar in hierdie tyd nie baie NG Kerke gebou is nie, blyk dit in alle denominasies die geval te wees. Geboue voor 2000 het dit nie regtig in ag geneem nie omdat die meeste van die tegnologiese uitvinding nog nie in daardie tyd bestaan het nie.

Reeds in 1990 voorspel Norman (1990:291) dat die kerk van die toekoms se gewig van die Noordelike na die Suidelike Halfrond van die wêreld verskuif. Die verandering wat uitgewys word is die feit dat kerke in hierdie tyd gebou word om nie uitsluitlik vir die liturgie te bestaan nie. Kerk is nie meer net ’n plek waar misteries gevier word nie. Dit is eerder geboue vir die samekoms van God se mense. Kerke is duz nie meer net ’n plek met een doel nie. Dit is nou ’n plek vir liturgie, gesprek en verskeie ander sosiale en leersame funksies (Norman 1990:291).

Kerkargitektuur het in die 21ste eeu drastiese veranderinge ondergaan. Daar is sterk fokus op evangelisasiewerk of soos dit in die NG Kerk beter vertaal word, “missionêre kerkwees”. Kerke se ontwerp word eenvoudiger ter wille van koste. Selfs kerke wat dit kan bekostig om groter en duurder te bou, verkies om die geld eerder te paan tegnologie as aan tradisie te spandeer (Forman[4]).

Forman[2] beweer dat kerke vandag nie meer net een doel kan dien nie. Kerke word gebou en ingerig om eredienste sowel as gemeenskapsaktiwiteite te huisves. Die term “bid box” of “warehouse church” word gebruik om die vorm en struktuur van die hierdie tipe kerk aan te dui. Daar is ook die tendens om bestaande strukture wat vir ander doeleindes ontwerp is in ’kerkgeboue te omskep. Soms word dit gedoen deur slegs die naambord voor die kerk te verander, en in ander gevalle word die buitenste ruimte “versier’’ om meer soos ’n kerk te lyk.

Dit blyk dat hedendaagse kerkgeboue nie dieselfde vorms het as in die verlede nie. Ruimte is steeds van uiterste belang maar nou verskillende redes. Kerkgeboue is nou meer gefokus daarop om veeldoelig te wees. Forman[4] noem selfs dat tradisionele kerke sommige van die sogenaamde “soekergelowiges” afskrik en dat ’n meer neutrale gebou inklusiwiteit verkondig.

Suid-Afrika is nie ’n uitsondering op hierdie tendens nie. In Suid-Afrika het die grootste aantal NG Kerke tradisionele kerkgeboue wat in die twintigste eeu of vroeër ontstaan het. Daar is egter ’n alaant kerke wat nuut gebou is of wat reparasies gedoen het om by hierdie nuwe styl in te pas. Baie van die ander kerkdenominasies wat nie só ’n lang geskiedenis soos die NG Kerk het nie, en meer onlangs kerke geplant het, het ook nuwe boustyle gevolg.

Strauss (2011:102) skryf in sy boek *Gereformeerdes onder die Suiderkruis*, dat kerke met moderne ontwikkelings, vrae, en metodes moet tred hou, of dit nou kleredrag, leerstellings, etniese kwessies, tegniese hulpmiddels of leefstyle insluit. Dit is ook

---

[4] http://www.multibriefs.com/briefs/exclusive/church_building_design_trends_21st_century.html#.WxkFZCOB3Y0, geraadpleeg op7 Junie 2018.

belangrik dat nuwe antwoorde, style, middels en gebruike vanuit die gemeente self ontwikkel.

## 4.6 SAMEVATTING

Die kerk het 'n baie lang en gedetailleerde geskiedenis wat baie oorsigtelik in hierdie hoofstuk genoem is ten einde by die NG Kerk se geskiedenis uit te kom. Die NG Kerk het self 'n geskiedenis wat oor meer as drie honderd en vyftig jaar strek. Hierdie verloop is ook oorsigtelik genoem om uit te kom by die punt waar die NG Kerk vandag is. Omdat NG Koedoeskop deel in die geskiedenis en tradisie wat van laasgenoemde geskiedenis, is daar oorsigtelik verwys na die geskiedenis van NG Koedoeskop.

Dit het geblyk dat kerke deur die eeue heen liturgies sowel as esteties aangepas het by die konteks van die tyd te pas. Soos wat die samelewing verander en die tegnologie vooruitgegaan het, het kerke daarop gereageer en is geboue en ruimtes verander vir nuwe behoeftes. Dit was ook die geval by die NG Kerk ken die fokus van hierdie studie, NG Koedoeskop. Hierdie gemeente het ook in 'n geskiedenis van net meer as sestig jaar verskeie veranderings ondergaan om aan te pas ter wille van die gemeente se behoeftes.

Hierdie verskynsel dat die kerk konstant besig is om te beweeg en aan te pas, lei na die empiriese hoofstuk van hierdie studie. In hierdie hoofstuk word gekyk na wat moontlik 'n volgende stap in hierdie konstante aanpassing en beweging van die kerk kan wees.

# 5 TOE-EIENING VAN DIE LITURGIE IN DIE NG GEMEENTE KOEDOESKOP

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word Osmer (2008) se “normatiewe navorsingstaak” ingespan om die praktyk te verken. Nadat daar in die metodologie gedeelte gesoek is na die beste metode vir die empiriese ondersoek van hierdie studie, is die fokusgroepmetode uitgewys as die mees geskikste metode. Nadat verskeie bronne oorweeg is, het dit duidelik geword dat die objek van van hierdie studie die beste verken sal word deur die liturgietoe-eiening van erediensgangers te ondersoek, en wel volgens die fokusgroepmetode.

Daar word in elke groep ongeveer ses tot agt persone uitgewys wat voldoen aan die spesifieke kriteria en wat ’n sinvolle bydrae tot die gesprek in die groep kan lewer. Die navorser van hierdie studie tree dan op as moderator van elke gesprek om toe te sien dat die gesprek op ’n sekere onderwerpgefokus bly. Daar word aan elke groep ’n stel vrae gevra wat semi-gestruktureer is en dus aan die groep geleentheid gee om vrylik opinies te opper.

Hierdie ondersoek word gedoen in ’n plattelandse gemeente in die NG Kerk. Die gemeente wat dien as die subjek vir die studie beskik oor drie verskillende preekpunte waar daar elke Sondag ’n erediens plaasvind. Die gemeente se lidmaattal is egter van só ’n aard dat daar slegs een predikant in die gemeente is. Dit het tot gevolg dat daar ’n groot uitdaging is ten opsigte van die voorganger by al die eredienste.

Soos vroeër uitgewys is, word sakramente, wat wesenlik deel is van die Nederduitse Gereformeerde tradisie, slegs deur gelegitimeerde en bevestigde predikante bedien. Wanneer daar in Koedoeskop gemeente ’n sakrament bedien moet word, is die uitdaging dat die een prediker nie op verskeie preekpunte kan voorgaan nie. Hierdie preekpunte is, soos in baie ander plattelandse Nederduitse Gereformeerde Kerke, baie ver uitmekaar geleë, en die geografiese uitleg van die gemeente is dikwels te groot vir die prediker om na meer as een preekpunt op ’n Sondag te reis.

Samesmelting van gemeentes of preekpunte is in sodanige geval baie moeilik omdat die preekpunte geografies ver van mekaar af is. Baie van die lidmate is nie bereid of in staat om weeklik ver afstande te reis om eredienste by te woon terwyl daar 'n moontlikheid bestaan dat die erediens op die tuisdorp kan plaasvind nie.

## 5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK – FOKUSGROEPE

Daar is tydens hierdie empiriese ondersoek vier verskillende fokusgroepgesprekke gehou. Die gemeente bestaan uit verskillende geografiese gebiede in 'n baie diverse gebied. Binne die grense van die gemeente is daar mynbougemeenskappe, boerderygemeenskappe, aftreedorpies en kleinboerdery-/plotgemeenskappe. Daar is jonger lidmate in die gemeente wat begin om te werk en opkomende boere, en in dieselfde gebied is daar afgetrede persone wat uit die stede na die platteland verhuis het. Dit laat toe dat die navorser 'n wye verskeidenheid persone kon nader om aan die fokusgroepe deel te neem.

### 5.2.1 NG Koedoeskop

NG Gemeente Koedoeskop het die nodige goedkeuring gegee dat hierdie studie binne die gemeente kan plaasvind. Anonimiteit van die gemeente hoef nie behou te word nie, soos die etiese klaringsbrief Addendum B *getuig.* Hierdie gemeente bestaan uit drie verskillende preekpunte wat ongeveer veertig kilometer van mekaar af is. Die gemeente het dus 'n baie wye bedieningsarea.

Elkeen van die preekpunte van die gemeente se konteks verskil van die ander s'n. Die kerk se grootste preekpunt, waar die meeste lidmate eredienste bywoon, is op Koedoeskop. Hierdie gebied bestaan hoofsaaklik uit 'n boerderygemeenskap met 'n groot wildreservaat waar private eienaars erwe besit. Daar is ook 'n groot aantal naweek-/vakansiegangers wat op Sondae eredienste, maar in die week in die stede werk. Volgens die Vrouediensbediening van Koedoeskop se notule van die vergadering

gehou op 23 Oktober 2017, is die sestigste bestaansjaar van die gemeente op 5 November 2017 gevier.

Volgens mondelinge oorlewering van lidmate wat teenwoordig was voor die gemeente afgestig het, is daar meer as veertig kilometer te perd gereis na die naaste dorp om ’n erediens by te woon. Weens hierdie afstande het hierdie reis nie weekliks geskied nie, eerder kwartaalliks tydens Nagmaal-/doopgeleenthede. Soos die behoefte groter geword het, het NG Thabazimbi aan Koedoeskopgemeenskap ’n skenking gemaak ten einde ’n kerk te plant. ’n Privaat donateur het aan die NG Kerk gegee’n stuk grond daarvoor gegee.

Vir baie jare was NG Koedoeskop ’n suksesvolle gemeente maar die demografie van die area het begin verander. Daar is myne geopen en ook weer toegemaak, wat klein myndorpies met inwoners agtergelaat het. Hierdie gemeenskappe het mettertyd ook by Koedoeskop gemeente ingeskakel.

Namate die behoefte ontstaan het en daar nie enige ander kerke nader was nie, het Koedoeskop gemeente ’n groter geografiese area begin bedien. Omdat dit nie maklik is vir lidmate om ver te reis nie, het daar meer preekpunte in die gemeente ontstaan. In 2003 is ’n ou skoolgebou op die ou myndorp, Rooiberg, aan die gemeente geskenk. Die gebou is in ’n kerk omskep en het Koedoeskop gemeente se tweede preekpunt geword.

Rooiberg is vandag ’n klein gewese myndorpie wat geleidelik ’n toeristeaantreklikheid geword het met verskeie wildsplase en “lodges”. Die lokale wat in praktiese liturgiese ruimtes verander is bedien elke Sondag ongeveer 30 lidmate wat die eredienste bywoon.

Die derde preekpunt van die gemeente is ’n klein kerkgeboutjie wat deur die gemeenskap opgerig is. Alhoewel hierdie kerkie nie aan NG Koedoeskop behoort soos die ander twee kerke nie, is NG Koedoeskop die gemeente wat die meeste by hierdie kerk bedien. Daar word ook een maal per maand ’n erediens aangebied deur die Hervormde gemeente van Bela-Bela (ongeveer 60 km vanaf die kerk).

Kromdraai is ’n gemeenskap wat bestaan uit plotte war almal ongeveer 8,5 hektaar beslaan. Dit het tot gevolg dat hierdie gemeenskap ver uitmekaar woon en dat Kromdraai oor ’n baie wye area strek. Omdat die afstande so groot is, het dit tot gevolg dat die persone wat op Kromdraai woon, almal die eredienste by die gemeenskapskerk bywoon. Dit veroorsaak dat die eredienste se bywoning baie divers is. In een erediens is daar by geleentheid opgemerk dat daar van die NG Kerk, die Hervormde Kerk, die Katolieke Kerk, die Apostoliese Kerk en selfs ’n Jood teenwoordig was.

By elkeen van hierdie punte is ’n fokusgroepgesprek gevoer met die navorser as fasiliteerder. Elke groep het uit tussen vyf en agt persone bestaan. Indien daar nie tydens hierdie drie groepe ’n versadigingspunt in die datainsamelingsproses bereik word nie, sal daar, soos vroeër genoem, ‘n gesamentlike byeenkoms van hierdie drie groepe gehou word ten einde ’n vierde groepgesprek te hou (Given 2008:195).

Daar is by elkeen van hierdie groepe persone geïdentifiseer wat sinvolle bydraes tot die onderwerp sal kan lewer. Persone is genooi wat die tendense van die gemeente goed ken, weet hoe die gemeente funksioneer en die uitdagings van die geografie ken. Die gesprek is opgeneem en gedikteer en vir verwysingsdoeleindes bewaar. Daar is ook by elke persoon asook by die gemeente die nodige toestemming verkry om hierdie ondersoek te doen, alles volgens die voorskrifte van die Navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Teologie en Religie van die Universiteit van Pretoria.

Die volgende vrae is deur die gespreksleier aan die groepe gestel en elke gesprek is in hierdie spesifieke rigting gefokus.

1. Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie? (Die term “toe-eiening” word aan die groep verduidelik.)
2. Hoe sou dit, volgens jou, a. die liturgie en b. die belewenis (toe-eiening) beïnvloed indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies in die erediens teenwoordig is nie, maar wel virtueel (bv. op die geprojekteerde skerm voor in die liturgiese ruimte)?

3. Is daar na jou mening enige aspekte/momente/sakramente van die liturgie, wat nie sal kan voortgaan indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel?
4. Sou die, uitsending van ’n virtuele liturgie op ’n skerm in die erediens, jou belewenis van die erediens beïnvloed? (Indien “Ja”, spesifiseer asseblief waarom. Indien “Nee”, spesifiseer asseblief ook waarom.)
5. Dink jy dat ’n virtuele liturgie ’n moontlike, werkbare oplossing kan wees vir ’n tekort aan liturge (dominees/leraars) in plattelandse gebiede?

Elke groep het dus die geleentheid om vrylik gesprek te voer in ’n semigestruktureerde opset. Die gespreksleier bestuur die groep om by ’n spesifieke vraag te hou sonder dat die groep beïnvloed word om nie vrylik enige gevoel/toe-eiening met die groep te deel nie. Die gesprekke is opgeneem en gedokumenteer en as Addendum A aangeheg (Riazi 2016:82).

### 5.2.2 Verwerking van data

Na afloop van die drie fokusgroepgesprekke word die inligting wat by hierdie gesprekke ingewin is, in hierdie hoofstuk bespreek. Al die inligting verwys na die drie gesprekke soos uiteengesit in Addendum A. Elkeen van die gesprekke word afsonderlik bespreek en daarna as geheel saamgevat om vas te stel of die navorsing versadig is al dan nie. Indien die navorsing nie versadig is nie, sal ’n vierde fokusgroepgesprek gehou word om te verken of enige nuwe inligting ingesamel kan word (Grady 1998:26).

Die prosedure wat tydens die fokusgroep gesprekke gevolg word is as volg:

1. Lidmate wat eredienste bywoon by die spesifieke preekpunt word gekontak en gevra om deel te wees van die groepgesprek.

2. Voordat die gesprek begin, word lidmate gevra om ’n vrywaringsvorm te teken en daar word aan die groep verduidelik dat sekere vrae gevra word en dat

elkeen ’n mening in gespreksvorm mag bydra. Die navorser tree as gespreksleier (semigestruktureerd) op.

3. Die gesprek word elektronies opgeneem en na afloop van die gesprek getranskribeer.

Vereiste vir deelname:

1. Die persoon moet langer as twee jaar reeds ’n lidmaat van die gemeente wees en die eredienste in die gemeente gereeld bywoon.
2. Die deelnemer moet verteenwoordigend wees van die hele preekpunt se lidmate. Die spesifieke konteks waarbinne die preekpunt homself bevind moet in die verteenwoordiging van die lidmate na vore kom.
3. Daar is beide mans en vrouens by elke groep ingesluit;
4. Beide ouer en jonger lidmate is by die groep ingesluit.

Omdat die navorser van hierdie studie self die leraar is van die gemeente wat ondersoek word, is die fokusgroepdeelnemers deur die navorser geïdentifiseer. Die groepgesprekke is ook deur die navorser gereël. Omdat die navorser by al die deelnemers aan die groepgesprekke goed bekend is, was die gesprekke van nature gemaklik en oop vir enige kommentaar.[5]

Die navorser is bewus van die feit dat, omdat hy self die leraar van die gemeente is en die een is wat die fokusgroepgesprekke gelei het, daar reaktiwiteit kon ontwikkel. Die wete dat hierdie verskynsel kon plaasvind, het daartoe gelei dat daar te alle tye gepoog is om dieproses te bestuur.

---

[5] Vir meer inligting oor die Metodologie wat gebruik is tydens hierdie studie, sien gerus die metodologie afdeling in hoofstuk 2.

#### 5.2.2.1 Gesprek 1 – Koedoeskop

By hierdie preekpunt van die gemeente is ’n groep persone geïdentifiseer wat beide die konteks ken en verteenwoordigend is van die meerderheid van die mense wat by hierdie preekpunt kerk bywoon. Die persone wat geselekteer is, is in staat om die verskillende vrae te verstaan en openlik en te kan uitbrei en eie opinies te kan deel (Stewart & Shandansanie 2015:57).

Die groep vergader in die kerkgebou se konsistorie, wat vir baie jare die sentrum van vergaderings in die gemeente is. Hierdie preekpunt is die enigste van die drie punte wat oor ’n konsistorie beskik. Daar is ses mense teenwoordig waarvan almal gereelde kerkgangers is en almal meer as twee jaar lank lidmate in die gemeente is. Almal is bekend met die gemeentekonteks en die tradisies en rituele wat eie is aan die gemeente. Tydens die gesprek word die semigestruktureerde vrae gevra en die groep word bestuur om by die onderwerp te hou, maar steeds vryheid gegun om enige opinie met die groep te deel (Osmer 2008:63).

Fokusgroepe word saamgestel uit persone van verskillende ouderdomme om vas stel of die toe-eiening van die erediens van generasie tot generasie verskil. McIntosh (2002:9) wys daarop dat kerkleiers sensitief geword het vir die feit dat daar verskillende generasies by ’n erediens is wat elk verskillende én ooreenstemmende behoeftes het. Volgens McIntosh is daar by enige geleentheid npotensieel vier generasies teenwoordig.

Die persone wat in fokusgroep teenwoordig is, is van ’n wye verskeidenheid ouderdomme en albei geslagte. Daar is ouer lidmate sowel as jonger lidmate (almal oor die ouderdom van 20). Die groep is gemaklik met die geskiedenis van NG Koedoeskop se Koedoeskop preekpunt.

Die fokusgroep bestaan uit:

- twee persone wat ouer as 65 is
- twee persone tussen die ouderdomme van 35 en 65

- twee persone onder die ouderdom van 35 jaar

Die volgende data is deur die fokusgroepgesprekke ingewin by die Koedoeskop preekpunt van die gemeente. Die inligting wat verskaf is, gaan hier bondig weergegee word:

a. Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie? (Die term "toe-eiening" word aan die groep verduidelik.)

In hul reaksie op hierdie vraag het die deelnemers sterk gefokus op die persoonlike toe-eiening van die liturg. Die feit dat hy teenwoordig is en kan oogkontak maak, dat sy/haar lyftaal aanskou kan word is belangrik. Hierdie faktore kan egter ook alles in 'n uitsending geskied. Daarom dat die groep sommer vroeg in die gesprek begin uitlig dat die idee om beeld en klank van een preekpunt na 'n ander te stuur steeds lyftaal en oogkontak tussen die gemeente en die liturg sal verseker.

b. Hoe sou dit, volgens jou, a. die liturgie beïnvloed en b. die belewenis (toe-eiening) indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies in die erediens teenwoordig is nie, maar wel virtueel (bv. op die geprojekteerde skerm voor in die liturgiese ruimte)?

By hierdie vraag is die algemene gevoel in die groep dat die proses van die erediens nie beïnvloed sal word as die liturg nie fisies teenwoordig is nie. Daar word vorige belewenisse gedeel waar daar in ander gemeentes na die prediker gekyk is wat op die skerm te siene was en dat dit positief beleef is. Die liturg word ook deur een deelnemer vergelyk met 'n persoon wat by 'n konsert optree. Die hele gedagte dat die kunstenaar ver op die verhoog is en datalmal eintlik na die persoon op groot skerms kyk, word genoem.

Die groep het wel uitgewys dat sou die tegnologie faal, die afwesigheid van 'n fisiese liturg die liturgie sou beïnvloed. Kragonderbrekings en internetkonneksieprobleme is

genoem wat moontlik die skakel tussen die sender en ontvanger kan onderbreek. In só geval sal die liturgie tot so ’n mate beïnvloed word dat dit nie kan voortgaan nie. Dit sal ’n negatiewe invloed op die toe-eiening van die liturgie hê.

c. Is daar na jou mening enige aspekte/momente/sakramente van die liturgie, wat nie sal kan voortgaan indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel?

By hierdie vraag is daar sommige liturgiese elemente uitgelig wat nie noodwendig goed sal kan funksioneer indien die liturg slegs virtueel teenwoordig is nie. Elemente soos die doop, waar die liturg tradisioneel die water op die baba se kop drup, is genoem. As die liturg nie teenwoordig is nie, sal hierdie handeling nie kan voortgaan nie. Die bevestiging van kerkraadslede en belydenisaflegging, wat nie tydens elke erediens plaasvind nie, maar seisoenaal is, is ook geleenthede wat wat moontlik nie sonder die liturg se fisiese teenwoordigheid sou kon voortgaan nie.

Die groep was dit eens dat die liturg by hierdie uitsonderlike gevalle eerder selfs teenwoordig moet wees om die liturgiese momente te behartig. By elke ander erediens, waar daar nie van hierdie uitsonderings teenwoordig is nie, en die gebruiklike elemente van die liturgie voorkom (gebed, prediking, votum, seëngroet, sang, geloofsbelydenis, skulderkenning, ens.) sal die diens normaal kan voortgaan. Dit sal nie deur die afwesigheid van die liturg beïnvloed word nie.

d. Sou die, uitsending van ’n virtuele liturgie op ’n skerm in die erediens, jou belewenis van die erediens beïnvloed? (Indien “Ja”, spesifiseer asseblief waarom. Indien “Nee”, spesifiseer asseblief ook waarom.)

By hierdie vraag het almal in die groep “nee” geantwoord. Daar word eredienste genoem wat reeds op televisie gekyk word en dat hierdie gebruik reeds positief ervaar word, soveel te meer wanneer die persoon wat preek aan die persoon bekend is. Sommige deelnemers noem dat hulle by ander kerkdenominasies eredienste bygewoon

het waartydens die liturg slegs virtueel en nie fisies teenwoordig was nie. Die deelnemers vertel dat die belewenis positief was en dat die liturgie normaal kon voortgaan sonder enige negatiewe invloed. Daar word met opgewondenheid na hierdie geleenthede verwys.

Die groep noem dat die liturgie nie negatief beïnvloed sal word e indien die liturg nie fisies teenwoordig is nie. Hulle lig uit dat die liturg wel op ander wyses gereeld met die gemeente sal moet kontak maak waar hy/sy wel fisies teenwoordig is. Hierdie reëing is om te verseker dat die liturg nie van die gemeentelede vervreem word nie en hulle steeds die leraar van die gemeente sal ken.

e. Dink jy dat ’n virtuele liturgie ’n moontlike, werkbare oplossing kan wees vir ’n tekort aan liturge (dominees/leraars) in plattelandse gebiede?

Almal in die groep het “Ja” geantwoord op hierdie vraag. Daar was egter die kantaantekening dat sodanige beeldsending moontlik slegs ’n uitvoerbare oplossing kan wees indien die tegnologiese infrastruktuur dit toelaat.

Daar word ook genoem dat die gebruik om ’n gemeente se liturg slegs op een preekpunt te laat preek en dan die beeld na ander preekpunte te stuur, minder druk op die liturg sal plaas. Wanneer liturge lang tye op die pad deurbring, gaan daar kosbare tyd verby wat eerder op ’n ander wyse benut sou kon word.

Die groep lig ook uit dat die “gemeenskap van gelowiges” ’n baie belangrike komponent van die erediens is. As dit nie vir die gemeenskap van gelowiges was nie, sou die lidmate eerder by die huis na die dienste wat reeds op die televisie beskikbaar is, kon kyk. Daarom moet daar moeite gedoen word om die liturg sgereeld by dié preekpunte uit te kry waarnatoe daar weekliks uitgesaai word. Dit sal verseker dat die lidmate steeds goed bekend bly met die liturg wat hulle elke week op die skerm sien.

Daar word deur een deelnemer gevra hoe die liturgiese ruimte beïnvloed sou word indien die hele liturgie op die skerm gaan afspeel. Sou die bestaande elemente, soos

die kansel, dan nog nodig wees indien daar nie fisies ’n prediker teenwoordig is om op die kansel te staan nie?

**Opsomming**

Die groep was dit eens dat die liturgie op die voorgestelde wyse uitgesaai sou kon word sonder dat die toe-eiening van die liturgie beïnvloed sal word. Die liturgie kan normaal voortgaan, mits daar nie tegnologiese probleme intree nie. Daar is enkele elemente in die erediens wat nie sal kan voortgaan nie omdat persoonlike kontak met die liturg belangrik is. Die groep lig uit dat beeldsending ’n positiewe oplossing kan wees vir die uitdagings van die Woordbediening op afgeleë plekke en selfs verdere voorstelle gedoen om die uitsendingsmoontlikhede te ondersoek vir siek/ou mense wat nie eredienste by die kerkgeboue kan bywoon nie.

Die volgende punte kan saamgevat word om op te som watter kerngedagtes uit hierdie fokusgroepgesprek na vore gekom het:

- Persoonlike kontak met die liturg is belangrik.
- Daar is ’n mate van persoonlike ervaring wat nie verlore gaan nie omdat oogkontak en lyftaal steeds toe-geëien kan word.
- Die liturgie sal steeds normaal kan voortgaan al is die liturg nie fisies teenwoordig nie.
- Sou die tegnologie faal, sal die liturgie direk en drasties beïnvloed word.
- Sommige elemente van die erediens sal nie kan plaasvind indien die liturg nie teenwoordig is nie, bv. die doop. (Die roetine- liturgiese elemente sal wel normaal kan voortgaan.)
- Deelnemers wat reeds ’n “uitsending van die liturgie” ervaar het, het dit baie positief beleef.
- Uitsending van die liturgie sal druk op die liturg verminder.

- Daar is ’n besorgdheid oor die benutting van elemente in die liturgiese ruimte (kansel, tafel, Bybel, ens.).

#### 5.2.2.2 Gesprek 2 – Rooiberg

Tydens die tweede gesprek word daar op Rooiberg in die “kapel” gesit, wat ’n klein vertrek langs die kerk is. Daar word om ’n tafel gesit soos daar tydens vergaderings gedoen word. Die persone wat vir die gesprek geselekteer is is almal afgetrede ouer lidmate, weens die feit dat daar oorheersend ouer persone op die dorp woon. Rooiberg is nie meer ekonomies aktief soos in die verlede toe daar mynbouaktiwiteite was nie. Die dorp het mettertyd in ’n aftree-/rusplek verander, soos vroeër genoem is. Al die persone wat teenwoordig is woon al meer as vyf jaar op die dorp en is ook almal meer as vyf jaar in die gemeente. Hulle is elkeen goed bekend met die gemeentekonteks, -tendense en -tradisies.

Volgens die gemeente se lidmaatregisters, is daar slegs enkele persone wat jonger as veertig is wat in hierdie deel van die gemeente woon. Die volgende data is deur die fokusgroepgesprekke by die Rooiberg-preekpunt van die gemeente ingewin:

a. Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie? (Die term “toe-eiening” word aan die groep verduidelik.)

By hierdie vraag word aangedui dat die liturg vir die groep as ‘n aanknopingspunt by die erediens dien. Die liturg bring die hele groep elemente bymekaar. Daar word genoem dat sommige liturge die aanknopingspunt beter bymekaar kry as ander.

Daar word gepraat van die toeganklikheid van die liturg; Dat jy die “vrymoedigheid” moet hê om met hom/haar te gaan praat. Die groep verwys na jare gelede toe die predikant op die preekstoel geplaas is en eintlik nie baie toeganklik was vir die gemeentelede nie. Daar kon nie maklik met hom gepraat word nie.

Dit word duidelik dat die rol van die liturg in die erediens is om iemand te wees wat die gesprek tussen die gemeente en God lei, maar ook iemand moet wees wat die lidmate ken en vrylik mee kan praat, al is dit nie tydens die diens nie. Voor of ná die diens moet hulle die vrymoedigheid kan hê om met die liturg in kontak te tree.

b. Hoe sou dit, volgens jou, a. die liturgie beïnvloed en b. die belewenis (toe-eiening) indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies in die erediens teenwoordig is nie, maar wel virtueel (bv. op die geprojekteerde skerm voor in die liturgiese ruimte)?

Die meeste deelnemers aan die groep was dit eens dat die virtuele teenwoordigheid van die liturg nie vir hulle ’n probleem sal wees nie. Daar word uitgewys dat dit nie dieselfde sal wees as om by die huis TV te kyk nie, want hier is die gemeenskap van gelowiges bymekaar en jy is nie alleen nie.

Die groep begin ook reeds hier erken dat dit dalk aan die begin ’n vreemde beginsel sal wees en dat sommige mense nie noodwendig van die begin af gewoond sal wees aan hierdie manier van bediening nie. Daar word ook kommer uitgespreek oor bydraes vir die gemeente wat moontlik kan skade ly indien die mense nie kerk toe kom by die geleenthede wanneer die liturg nie fisies nie maar wel virtueel teenwoordig is.

c. Is daar na jou mening enige aspekte/momente/sakramente van die liturgie, wat nie sal kan voortgaan indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel?

By hierdie vraag lig die groep uit dat daar nie werklik enige aspekte van die liturgie is wat nie sal kan voortgaan nie. Die persoonlike kontak tussen gemeente en liturg gaan slegs verlore gaan. Die groep noem dat lidmate dalk nou kan rondkyk en fokus verloor want daar is nie’ ‘n liturg wat elkeen fisies in die oë kyk nie. Die emosionele kontak gaan verlore indien die persoon nie fisies teenwoordig is nie.

Daar word uitgelig dat hierdie verskynsel iets is waaraan jy gewoond sal moet raak, dat mens nie in die pad van tegnologie moet staan nie, maar dat jy jouself sal moet instel om gereed te wees vir die nuwe tipe bediening.

Dit is duidelik dat die groep van mening is dat hierdie tipe bediening iets is waaraan hulle gewoond sal kan raak en dat daar nie ’n element (behalwe vir uitsonderlike elemente, soos die doop) is wat nie sal kan voortgaan nie.

d. Sou die, uitsending van ‘n virtuele liturgie op ‘n skerm in die erediens, jou belewenis van die erediens beïnvloed? (Indien “Ja”, spesifiseer asseblief waarom. Indien “Nee”, spesifiseer asseblief ook waarom.)

In antwoord op hierdie vraag het die groep twee kernaspekte uitgewys. a. Die lidmaat se gesindheid teenoor die manier waarop die erediens gaan plaasvind, b. Hoe die diens deur die liturg aangebied word. Indien hierdie twee aspekte in ag geneem word, sal dit nie die belewenis van die liturgie beïnvloed nie.

Sekere persone in die groep wys uit dat, indien jy reg ingestel is daarvoor, jy ’n boodskap op die TV by die huis ook kan kry as jy vir die predikers daarop luister. Maar die beswaar is dat mens nie daardie persoon ken nie. Persoonlike kontak met die liturg kom weer na vore.

Die groep deel ook mee dat die “bates” wat by die uitsendingspreekpunt gebruik word met die ander preekpunte gedeel sal kan word. Hier word spesifiek na die musiek verwys. Indien die preekpunt waarvandaan daar uitgesaai word ’n goeie musiekbediening het, kan die ander punte wat nie noodwendig die nodige kundige lidmate het nie, ook daarby baatvind.

e. Dink jy dat ’n virtuele liturgie ’n moontlike, werkbare oplossing kan wees vir ’n tekort aan liturge (dominee/leraar) in plattelandse gebiede?

Die groep is dit eens dat beeldsending ’n bruikbare oplossing kan wees vir die uitdaging by preekpunte waar daar nie elke Sondag ’n leraar kan wees nie. Hulle wys uit dat byna al die elemente van die erediens soos dit weekliks plaasvind, normaal sal kan voortgaan. Die grootste probleem wat dit groep uitlig, is om mense se denke te swaai sodat hulle aan die nuwe manier van bediening gewoon kan raak. Dit blyk dat die groep sensitief is vir mense wat tradisievas is en moeilik ’n groot verandering in die liturgiese ruimte sal aanvaar.

Laastens word daar deur deelnemers aan die gesprek vertel dat hulle reeds by vorige gemeentes (ander denominasies as die NG Kerk) hierdie verskynsel ervaar het en dit basies gewoond geraak het. Daar word ook genoem dat die gemeente bewus moet wees van die geweldige beginkapitaal wat nodig is om die toerusting aan te koop om eredienste te kan uitsaai.

**Opsomming**

By Rooiberg het die fokusgroep gemaklik en met vrymoedigheid gemeen dat die uitsending van ide liturgie sal kan werk sonder om enige van die elemente in die liturgie skade aan te doen. Daar word gewys op sommige uitsonderlike elemente, soos die doop, wat nie sal kan plaasvind sonder die fisiese teenwoordigheid van die liturg nie. Die groep wys ook daarop dat persoonlike kontak met die liturg baie belangrik is en dat dit nie verlore moet gaan nie. Die liturg sal op die een of ander wyse steeds goeie kontak moet hou met die lidmate van die preekpunte waarheen die liturgie uitgesaai word. Die groep is ook opgewonde oor die kwaliteit van sekere elemente wat kan verbeter indien die liturgie uitgesaai word, soos die musiekbediening. Die groep wys wel daarop dat sommige lidmate baie sterk vashou aan die tradisie en dat hierdie skuif sensitief hanteer sal moet word sodat almal dit gewoond kan raak.

Die kernpunte wat in die hierdie fokusgroepgesprek na vore gekom het:

- Die liturg is die aanknopingspunt wat die gesprek tussen God en gemeente lei.
- Die liturg moet toeganklik wees vir lidmate om maklik mee te kommunikeer.
- Die virtuele liturg sal vir ’n bepaalde tyd ’n vreemde beginsel wees.
- Uitsending van die liturgie by die kerk verskil van uitsending by die huis, want die medegelowiges is by die kerk ook teenwoordig.
- Daar is uitsonderlike elemente van die liturgie wat nie sal voortgaan nie, byvoorbeeld die doop.

#### 5.2.2.3 Gesprek 3 – Kromdraai

Kromdraai se kerk is, soos vroeër genoem, nie die eiendom van NG Gemeente Koedoeskop nie. Dit is ’n kerk wat op die grond van ’n NG Koedoeskop-lidmaat deur die gemeenskap gebou is. NG Koedoeskop gebruik hierdie kerkgebou as ’n derde bedieningspunt en elke Sondag se erediens vind by hierdie preekpunt plaas.

Die eredienste word deur verskeie van die gemeente se lidmate bygewoon, maar soos in die geval van Rooiberg, is hierdie gemeenskapslede oorheersend afgetrede persone. By hierdie preekpunt aaanbid meestal ouer lidmate.

Die volgende data is deur die fokusgroepgesprekke ingewin by die Kromdraai-preekpunt van die gemeente:

a. Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie? (Die term “toe-eiening” word aan die groep verduidelik)

Die groep begin om uit te wys dat die liturg die liturgie ordelik laat geskied. “Hy lei ons in” en “hy maak die wêreld stil” is terme wat deur die deelnemers gebruik word. Daar

word ook in die groep gefokus op die atmosfeer wat in die erediens geskep word. Die groep dui ook die feit aan dat die liturg die een is wat almal se konsentrasie moet behou. Die oorgang van een element in die liturgie na die volgende een word deur die liturg hanteer en hy behou die lidmate se aandag.

Een deelnemer in die groep dui aan dat die liturgie ’n ritueel is wat ’n sekere vorm aanneem. Hierdie vorm kan, volgens die deelnemer, deur enige iemand aangebied word, dit hoef nie noodwendig ’n leraar of ouderling te wees nie. Enige persoon kan voorgaan maar moet by die spesifieke volgorde van die ritueel bly.

b. Hoe sou dit, volgens jou, a. die liturgie beïnvloed en b. die belewenis (toe-eiening) indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies in die erediens teenwoordig is nie, maar wel virtueel (bv. op die geprojekteerde skerm voor in die liturgiese ruimte)?

By hierdie punt noem die eerste deelnemer dat die verskynsel dat mense slegs by die huis bly en dienste op die TV kyk reeds baie in die gemeenskap voorkom. Die deelnemer lig uit dat daar geen verbinding is as die liturg nie teenwoordig is nie en dat die gemeenskap van gelowiges in gedrang gebring word.

By hierdie groep word die persoonlike kontak met die liturg ook beklemtoon. Die feit dat jy voor en ná die diens met die liturg kan praat en persoonlik met hom/haar kontak kan maak, is van groot belang. Daar word gewys op die “gevoel” wat by die erediens geskep word. Die atmosfeer wat deur die liturg geskep word, speel ‘n belangrike rol.

Die gemeenskap van gelowiges is vir hierdie groeplede ’n baie belangrike onderwerp en hulle voel dat sou hierdie manier van bediening plaasvind, dit moontlik die gemeenskap nie meer bymekaar sal bring nie. Lidmate sal nie meer tussen medegelowige wees nie, maar sal alleen wees.

c. Is daar na jou mening enige aspekte/momente/sakramente van die liturgie, wat nie sal kan voortgaan indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel?

Die groep wys hier op die feit dat só 'n tipe bediening iets is waaraan die lidmate van die gemeente gewoond sal moet raak. Die feit bly dat die erediens steeds kan voortgaan al is daar nie noodwendig fisies 'n liturg teenwoordig nie. Daar word ook genoem dat die erediens atmosfeer sal verloor as daar na 'n "prent" gekyk word.

Sommige deelnemers in die groep dui aan dat indien die liturg nie fisies teenwoordig is nie, mens nie die intieme ervaring sal hê nie en dat hulle self, in so 'n geval, nie sal kerk toe kom nie. Daar word genoem dat daar 'n stroom is wat vloei tussen die lidmate en die liturg en dat hierdie stroom nie sal kan vloei indien die liturg nie fisies teenwoordig is nie.

By hierdie groep is dit ook duidelik dat daar voorheen ervarings was van videovertonings voor in die kerk wat nie positief ervaar is nie. Die gevoel is dat die aanvoeling vir die direkte erediens verloor gaan word omdat die liturg nie teenwoordig is en kan aanskou wat in die erediens gebeur nie.

Daar word verwys na 'n ou storie wat vertel is van hoe mense op plase en afgeleë plekke, saamgekom het om na die "draadloos" te luister. Die erediens is op die draadloos uitgesaai en die gemeenskap wat nie die eredienste kon bywoon nie, het bymekaar gekom en saam gesit en luister na die uitsendingdiens. Dit is tot 'n mate 'n eietydse weergawe daarvan, maar die gemeenskap moet steeds bymekaar kom.

d. Sou die uitsending van 'n virtuele liturgie op 'n skerm in die erediens jou belewenis van die erediens beïnvloed? (Indien "Ja", spesifiseer asseblief waarom. Indien "Nee", spesifiseer asseblief ook waarom.)

Die groep het deur die bespreking van die vorige vrae ook hierdie vraag aangeraak. Dit word duidelik dat in hierdie groep se spesifieke konteks die belewenis van die erediens baie sterk gepaard gaan met die bewussyn van wie die liturg is en dat daardie liturg

deel van die gemeenskap moet wees sodat daar voor, tydens en ná die erediens fisiese kontak met daardie persoon akan wees. Die atmosfeer wat in die erediens deur beide die liturg en die teenwoordigheid van ander gelowiges geskep word, is vir die groep belangrik. Die vrees is dat ’n uitsending van die liturgie juis hiérdie samehorigheid in gedrang gaan bring.

e. Dink jy dat ’n virtuele liturgie ’n moontlike, werkbare oplossing kan wees vir ’n tekort aan liturge (dominee/leraar) in plattelandse gebiede?

Alhoewel hierdie groep deur al die vrae relatief negatief was teenoor die uitsending van die liturgie, was daar sommige mense wat wel ingestem het dat dit ’n uitvoerbare oplossing sal kan wees vir afgeleë plattelandse gebiede waar daar nie elke Sondag fisies ’n liturg teenwoordig kan wees nie. Die fisiese kontak op ander plakke sal egter net van groot belang wees. Dat die gemeente sowel as die liturg nie “aanvoeling” vir mekaar sal verloor nie, en dat die samekoms van die gemeenskap van gelowiges nie verlore gaan nie is ook beklemtoon.

**Opsomming**

Hierdie groep, wat slegs uit ouer deelnemers bestaan het, het uitgelig dat die gedagte om ’n liturg virtueel teenwoordig te hê, moontlik te vreemd sal wees. Die persoonlike kontak wat verlore gaan weeg swaarder as die voordele wat gewen sal word indien die liturg op slegs een preekpunt hoef te preek. Die groep wys uit dat die toe-eiening van die liturgie sal skade ly indien die liturg nie fisies teenwoordig is nie. Vorige ervarings van opgeneemde boodskappe aan die gemeente is nie positief ontvang nie en die groep is dit eens dat die teenwoordigheid van die liturg vir hulle ’n baie belangrike rol speel. Die groep is van mening dat die uitsending van die liturgie sou kon werk mits daar sterk leierskap by die lidmate betrokke is wat die gemeenskap van gelowiges kon bind en dat die liturg gereeld by ander geleenthede met die gemeentelede kontak maak.

Die kernpunte wat in die hierdie fokusgroepgesprek na vore gekom het:

- Die liturg is die gespreksleier in die erediens.
- Die liturg is die voorganger van die ritueel wat plaasvin.;
- Om “televisie” te kyk het nie dieselfde waarde as om die liturg fisies teenwoordig te hê nie.
- Die uitsending van die liturgie kan die gemeenskap van gelowiges in gedrang bring.
- Die uitsending van die liturgie is ’n bediening waaraan gemeentelede gewoond sal moet word.
- Die intieme ervaring met die liturg gaan verlore.
- Die liturg moet deel wees van die gemeenskap van gelowiges.
- Die uitsending van die liturgie sal kan werk indien die liturg genoegsaam by ander geleenthede wel fisies teenwoordig is.

## 5.3 GEVOLGTREKKING UIT NAVORSINGSDATA (FOKUSGROEPE)

Na afloop van die drie fokusgroepgesprekke by die drie verskillende preekpunte van die NGK Koedoeskop blyk dit dat die dataversameling versadig is. Daar is by die derde groep slegs enkele nuwestukke inligting wat ingewin is, wat grootliks aansluit by dit wat die twee vorige groepe gesê het. Die punt van "data saturation" (Grady 1998:26) is bereik en data kan nou effektief oorweeg word vir die gevolgtrekking.

### 5.3.1 Bevindinge vanuit die fokusgroepe

Dit blyk uit al die data wat by die drie groepe versamel is, dat die groepe by die eerste vraag (*Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie?*) uitwys dat die liturg die een is wat die gesprek of ritueel tussen die gemeente en God lei. Dit lyk ook asof die liturg die een is wat verseker dat die verloop van die liturgiese elemente ordelik geskied, terwyl die lidmate se aandag behou word. Daar is ook gefokus op die wyse waarop die liturg met die liturgie voorgaan.

Op die volgende vraag is daar baie bespreking in die groepe gevoer. Op die vraag oor hoe dit die liturgie sou beïnvloed en die deelnemers se toe-eiening van die liturgie sou beïnvloed indien die liturg nie fisies maar wel virtueel teenwoordig is, het die gesprekke meer en meer uitgebrei namate die deelnemers oor die onderwerp gedink het, Die algemene gevoel was dat die liturgie wel beïnvloed sal word, maar nie noodwendig benadeel sal word deur die fisiese afwesigheid, maar virtuele teenwoordigheid van die liturg nie.

Dit blyk ook dat jonger deelnemers die verskynsel byna dadelik goedgekeur het en vermeld het dat dit nie werklik vir hulle 'n verskil sou maak of die liturg fisies of virtueel teenwoordig is nie. Die ouer deelnemers, soos dié by die derde preekpunt op Kromdraai wat meestal uit afgetrede persone bestaan het, was dit duidelik dat hierdie verandering dadelik 'n kontroversiële skuif sou wees vir die liturgie.

Die groepe is uitgedaag om na te dink oor spesifieke elemente in die liturgie wat, na hulle mening, nie sou kon voortgaan indien die liturg nie fisies teenwoordig is nie maar wel virtueel. Dit het na vore gekom dat die liturgiese elemente wat die meeste gebruik word by eredienste (votum, seëngroet, prediking, sang, gebed, offergawes, seëngroet, Nagmaal) sou kon voortgaan sonder enige werklike tekortkominge. Daar is egter sekere elemente uitgewys wat nie sal kan voortgaan indien die liturg nie fisies teenwoordig is nie. Die doop was een so ’n voorbeeld. Die ritueel waatydensr die water op die baba (of persoon) se voorkop gedrup word, moet deur die liturg self geskied, en daarvoor moet die liturg teenwoordig wees.

Dit het ook by al die groepe na vore gekom dat die idee dat die liturg nie fisies teenwoordig is in die erediens nie, ’n gedagte is waaraan lidmate gewoond sal moet raak. Dit is moeilik om te voorspel wat die effek daarvan op die meerderheid lidmate sal wees en daar was daar deurlopend kommer by die ouer mense dat die kerk lidmate sal verloor indien die leraar nie fisies teenwoordig is nie.

Die volgende vraag is hierná gestel: “Sou die uitsending van ‘n virtuele liturgie op ’n skerm in die erediens jou belewenis van die erediens beïnvloed?”. Die algemene gevoel was dat dit nie so seer die belewenis van die liturgiese elemente as sodanig sal beïnvloed nie, maar wel die persoonlike kontak met die liturg in gedrang bring. By al die groepe blyk dit duidelik dat die persoonlike kontak van die uiterste belang is.

Die lidmate kommunikeer nie noodwendig met die liturg tydens die erediens nie, maar die “handdruk voor en aná die diens” ken “gesels” met die liturg is van uiterste belang. Dit is egter nie moontlik indien die liturg slegs virtueel teenwoordig is nie. Die wedersydse oogkontak en die intimiteit van die erediens se atmosfeer kan deur die fisiese afwesigheid van die liturg skade aangedoen word.

Op die laaste vraag aan die groepe, naamlik of die deelnemers dink dat die uitsending van die liturgie ’n bruikbare oplossing kan wees vir afgeleë plekke waar dit nie haalbaar is om elke Sondag ’n liturg fisies teenwoordig te hê nie, was die antwoord oorheersend “Ja”. Die idee dat daar by al die plekke waar daar ’n behoefte daaraan is ’n erediens

moet wees het by al die deelnemers swaarder geweeg as die tekortkominge wat die uitsending van die liturgie sal meebring.

### 5.3.2 Kernpunte uit die empiriese navorsing

Uit die empiriese navorsing het die volgende voor- en nadele van die uitsending van die liturgie na vore gekom:

Voordele:

- Die meeste van die liturgiese elemente in die gereformeerde tradisie kan normaal voortgaan.
- Die preekpunte waar die liturgie uitgesaai word, kan deel in die liturgiese hulpmiddels wat by die punt teenwoordig is waarvandaan daar uitgesaai word (bv. musiekbegeleiding).
- Die liturgie kan steeds toe-geëien word indien gelei deur 'n bekende liturg.
- Die gemeenskap van gelowiges kom steeds bymekaar en die lidmaat is nie alleen by die huis soos wanneer die liturgie na elke persoon uitgesaai word op die televisie nie.

Nadele:

- Persoonlike kontak tussen die lidmate en die liturg is afwesig wanneer die liturg nie fisies teenwoordig is nie.
- Sekere uitsonderlike elemente van die liturgie kan nie plaasvind nie, byvoorbeeld die doop of bevestiging van kerkraadslede.
- Sommige lidmate (meer moontlik ouer lidmate) sal die verskynsel as vreemd ervaar omdat dit nie tradisioneel is nie.

## 5.4 KONKLUSIE

Nadat die empiriese navorsing vir hierdie studie afgehandel is, word daar nou ’n konklusie vir die empiriese studie saamgestel. In die volgende hoofstuk word die samevatting van die hele studie, literatuur- sowel as empiriese navorsing, saamgevoeg om die slotsom van die studie te vorm.

Wat die empiriese navorsing betref, blyk dit volgens die deelnemers dat die uitsending van die liturgie wel ’n bruikbare oplossing kan wees vir afgeleë plattelandse gebiede waar dit nie haalbaar is om by elke erediens ’n liturg fisies teenwoordig te hê nie. Met die uitsending van die liturgie kan die erediens normaal voortgaan maar daar is enkele tekortkominge wat in ag geneem moet word.

Die fisiese kontak tussen die liturg en die lidmate is nie teenwoordig nie, wat beteken dat dit op ’n ander wyse vervang sal moet word. Dit wil sê dat die liturg by ander gemeentegeleenthede by die lidmate van die betrokke preekpunte moet uitkom om gereelde kontak met hulle te bewerk. Sekere elemente van die liturgie verg die absolute teenwoordigheid van die liturg en daar sal by hierdie geleenthede ’n alternatiewe plan gemaak moet word om te verseker die liturg is teenwoordig.

Die implementering van hierdie beginsel in die praktyk sal sensitief moet geskied om te verseker alle lidmate verstaan dat die liturgie steeds volledig voortgaan en dat die liturg, alhoewel nie fisies teenwoordig, wel steeds die doel dien om ’n gesprek tussen God en gemeente te bewerk.

Laastens het dit by alle fokusgroepe na vore gekom het dat hierdie opsie nooit die teenwoordigheid van die fisiese liturg sal kan vervang nie, en altyd tweede opsie sal bly waar dit werklik nie moontlik is vir ’n liturg om teenwoordig te wees nie. Osmer (2008) se normatiewe taak het in hierdie hoofstuk gehelp om die praktyk te verken. Nadat die praktyk verken is deur NGK Koedoeskop se lidmate as deelnemers te gebruik, kan die slotsom nou geformuleer word. In die volgende hoofstuk word die resultate van die empiriese studie saamgevat en ook met die literatuurstudie geëntegreer. Osmer (2008) se pragmatiese taak word in die volgende hoofstuk oorweeg.

# 6 GEVOLGTREKKING

## 6.1 INLEIDING

In ’n poging om elemente van die erediens te vernuwe, na gelang die mens se behoeftes mettertyd verander en nuwe teologiese insigte verkry word, is daar in hierdie studie beskryf wat die erediens is, hoe die liturgie in die erediens tuiskom en waar die erediens afspeel. In hoofstuk 3 is daar vlugtig gekyk na die geskiedenis van kerkargitektuur met spesifieke fokus op die NG Kerk in Suid-Afrika. Die argitektuur is ontleed om te toon dat, alhoewel geboue en simbole baie belangrik is en deel van die identiteit van ’n bepaalde geloofsgroep of denominasie vorm, dit ook gaandeweg verander namate lidmate se behoeftes verander. Hierdie verskynsel van kerke wat verander stem ooreen met dit wat besig is om met kerke regoor die wêreld te gebeur (Niemand 2007:14).

Een spesifieke verandering waarop gefokus is, is die teenwoordigheid van die liturg in die erediens. Die gebruik om elke Sondag, volgens die tradisie, ’n leraar op die “kansel” van elke gemeente in elke dorp te hê, is nie meer oral in Suid-Afrika in NG gemeentes haalbaar nie. Die redes hiervoor is ook bestudeer en uitgewys. Dit skep bepaalde uitdagings vir baie kerke, so ook vir die NG gemeente wat as subjek vir hierdie studie gedien het.

Die tegnologie wink as ’n moontlike oplossing vir hierdie uitdaging deur gebruik te maak van beeldsending. Die konsep dui daarop dat ’n liturg by een preekpunt in ‘n gemeente preek en dat die liturgiese ruimte deur middel van kameras opgeneem en na een of meer ander preekpunte gebeeldsend word. Die lidmate van hierdie preekpunte ervaar dus die hele liturgie soos dit plaasvind, maar eien dit op ’n alternatiewe wyse toe.

Beeldsending skep ruimte om meervoudige preekpunte tegelyk te bedien met slegs een liturg. Die liturgie speel, op die ander preekpunte waar die liturg nie is nie, twee-dimensioneel op ’n skerm af. Hierdie gebruik beïnvloed egter elke vorm van simboliek en die elemente van die liturgie direk, en daar moet moet genoegsame inligting ingewin

word om te verseker dat hierdie stap, indien dit die volgende stap in die bediening in die kerk is, liturgies sensitief gedoen word.

## 6.2 GEVOLGTREKKING UIT DIE LITERATUURSTUDIE

In die literatuurstudie het dit duidelik geword dat die erediens ’n ruimte is waar die lidmate met God in gesprek tree. Die liturg is die fasiliteerder van hierdie gesprek tussen die gemeente en God saam met verskeie elemente wat in die liturgie gebruik word.

Ruimte speel ’n belangrike rol, aangesien juis die ruimte waarin die liturgie plaasvind deur hierdie studiegeraak word. Deur die geskiedenis van die liturgie en die erediens word daar getoo dat die behoeftes van lidmate verander. Die konteks verander en die wêreld verander, en dit het tot gevolg dat die behoeftes in die erediens ook verander. Die rituele wat gebruik word en die elemente in die liturgie vernuwe.

Daar word ook getoon dat namate die elemente van die liturgie volgens die vereistes van die konteks en die tyd vernuwe of verander, , die liturgiese ruimte ook aangepas word (Harris et al. 2010:4). Deur die eeue heen wys die argitektuur dat die verandering in liturgie ’n direkte impak op die verandering van die kerkboustyl het. Daar is na verskillende eras in die geskiedenis gekyk waartydens bepaalde boustyle ontwikkel het. Hierdie verandering in die geskiedenis illustreer dat die liturgie, die liturgiese ruimte, die hele erediens, buigbaar is na gelang die behoeftes van lidmate met verloop van tyd ontwikkel en verander. Strauss (2011:102) skryf dat kerke moet tred hou met die ontwikkeling van vrae en uitdagings van die tyd. Daarná kan die vernuwing vanuit menslike kreatiwiteit self ontwikkel.

Daar is uitgewys hoe die behoeftes in veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verander het. Gemeentes op die platteland se kontekste het ontwikkel na ’n punt waar die tradisionele vorm van bediening, met ’n liturg wat elke Sondag beskikbaar is om eredienste te hou, nie meer haalbaar is nie. Hierdie verskynsel van verandering is op een lyn met dit wat deur die geskiedenis van die kerk gebeur.

Daar is uitgewys op watter wyse die plattelandse gebiede ontwikkel het en watter faktore ’n rol in hierdie verandering gespeel het. Gemeentes wat eens op ’n tyd ’n groot getal lidmate gehad het, het sodanig verklein dat dit nie meer ekonomies is om ’n voltydse liturg aan te stel nie. Die aanvraag na ’n gereformeerde erediens is steeds sterk teenwoordig, maar die voorsiening is nie altyd haalbaar nie.

Alternatiewe planne word gemaak om steeds elke Sondag ’n liturg op die kansel te hê maar dit is in baie gevalle nie meer moontlik nie. Weens die feit dat baie gemeentes geografies groot is, is dit moeilik vir predikers om van een preekpunt na ’n volgende te reis. Met tegnologie wat in die laaste twintig na dertig jaar eksponensiële vooruitgang beleef het, kan beeldsending van die liturgie ’n moontlike oplossing bied. Die tegnologie het ook stelselmatig in die gereformeerde erediens in Suid-Afrika ingesyfer. Beelde wat op skerms vertoon word is in die meeste NG Kerke niks nuuts nie. Die tegnologie maak dit moontlik dat een liturgiese ruimte op twee verskillende plekke teenwoordig kan wees. Hierdie verskynsel word in verskeie ander kerkdenominasies reeds waargeneem.

Ten einde te verken of virtuele toe-eiening van die liturg in die erediens vir die lidmate van die NG Kerk sal kan werk, word een NG Kerk kwantitatief verken. Die omvang van hierdie studie word beperk tot slegs een NG Kerk, maar ’n kwantitatiewe studie sou hierdie verskynsel by verskeie NG Kerke en selfs ander gereformeerde kerke kon toets.

In die empiriese hoofstuk word berig oor fokusgroepgesprekke wat met deelnemers uit die NG Kerk Koedoeskop gehou is. Hierdie gemeente ervaar reeds die verskynsel wat uitgewys is. Daar is een hoofkerkgebou en twee ander preekpunte op buurdorpe. Die lidmate by die preekpunte op die buurdorpe kan nie ’n liturg bekostig nie, omdat die gemeenskappe te klein is. Die drie preekpunte deel ‘n leraar wat moet ry van een punt na die volgende om eredienste waar te neem.

Daar is ’n fokusgroepgesprek gehou by al drie die preekpunte en kandidate is gekies wat verskillende ouderdomsgroepe en albei geslagte verteenwoordig. Die groepe het verskeie opinies en gedagtes gedeel oor die rol van die liturg in die erediens, die invloed van die liturg op die toe-eiening van die liturgie en die invloed wat die virtuele teenwoordigheid van die liturg in die erediens sou hê.

## 6.3 GEVOLGTREKKING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Daar kan nou gekyk word na die bevindinge van die empiriese ondersoek ten einde te bepaal of die praktyk aantoon of die uitsending van die liturgie sou kon dien as ‘n alternatiewe metode van bediening al dan nie. Indien dit wel ’n oplossing is, word daar ’n moontlike model voorgestel waarvolgens die uitsending van die liturgie gedoen sou kon word.

Volgens Beukes (1993:42-43) kom die besondere dienswerk van die ampsdraers tot uitdrukking in die erediens. Die ouderlinge en diakens het elkeen bepaalde rolle wat om in die erediens te speel. Die liturg is die een wat die Woord verkondig en die sakramente bedien. Omdat dit juis die liturg en sy rol in die erediens is wat deur hierdie studie aangeraak word, word kernpunte van die fokusgroepgesprekkewat vir die toe-eiening van die liturgie in ag geneem moet word, nou uitgelig:

a. *Persoonlike kontak met die liturg is baie belangrik*. By al die groepe word dit duidelik dat die persoonlike kontak tussen die liturg en die lidmate wat in die erediens is baie belangrik is. Dit is duidelik dat persoonlike kontak wesenlik deel is van hierdie kerk se kultuur. Die persoonlike kontak tussen die liturg en die lidmate behels die groet voor die erediens en die saamkuier ná die erediens. Die kontak tydens die erediens is ook belangrik, die oogkontak wat gemaak word tussen die liturg en die lidmate, sowel as die liturg se persoonlike aanvoeling vir dit waarmee die lidmate tydens die erediens besig is.

   Hierdie resultaat stem ook ooreen met White (2000:84) wat uitwys dat oogkontak ’n belangrike deel van kommunikasie is. Hy noem die kanaal tussen die lidmate en die liturg moet oop wees sonder enige beperkinge.

b. *Elemente van die liturgie*. Die groepe het gemeen dat die elemente van die liturgie wat meestal in hierdie kerk se tradisie gebruik word “normaal” sal kan voortgaan sonder enige negatiewe invloed op die toe-eiening daarvan. Daar

word wel uitgewys dat sommige elemente in die liturgie persoonlike kontak verlang. Elemente soos die doop, waar die liturg fisies teenwoordig is om die simboliese water te gebruik, sal nie kan plaasvind nie.

c. *Tegnologiese uitdagings*. Die groepe beklemtoon uit dat die tegnologie van ’n goeie gehalte moet wees sodat die toe-eiening van die virtuele liturg ononderbroke en van ho ëkwaliteit kan wees. Die aanvanklike koste om die infrastruktuur vir die uitsending van die virtuele liturgie aan teskap is hoog.

d. *Ouer en jonger lidmate*. Dit blyk uit die fokusgroepe dat die jonger lidmate wat deelgeneem het meer oop is vir verandering in die erediens as wat die ouer lidmate is. Die ouer lidmate is van mening dat die gedagte dat die liturg nie teenwoordig is nie ’n vreemde idee is waaraan hulle moeilik mettertyd gewoond sal moet raak. Hulle spreek deurlopend kommer uit dat die “gemeenskap van gelowiges” in gedrang kan kom indien die liturg nie teenwoordig is nie. Jonger lidmate het meestal dadelik ingestem en gesê dat die verandering nie ’n groot aanpassing sal wees vir hulle toe-eiening van die liturgie nie.

e. *Plaasvervanger vir persoonlike kontak*. Ouer en jonger deelnemers aan die gesprekke het dit duidelik gestel dat persoonlike kontak baie belangrik is, soos by punt a. uitgewys is. Hulle bied as moontlike oplossing hiervoor aan dat alternatiewe geleenthede vir persoonlike kontak geskep kan word. Dit wil sê dat die liturg by ander gemeenteaktiwiteite baie betrokke moet wees om sover moontlik persoonlik met die lidmate kontak te behou.

f. *Antwoord op kernvraag*. Die groepe is dit almal eens dat, alhoewel daar sekere uitdagings en tekortkomingee gaan wees, die uitsending van die liturgie’n uitvoerbare oplossing vir die uitdagings van ’n tekort aan liturge in die praktyk kan wees.

## 6.4 ANTWOORD OP KERNVRAAG

Daar word nou weer gekyk na die kernvraag wat voor die aanvang van hierdie studie gevra is om te bepaal of daar ’n antwoord na vore gekom het. Daar sal ook gepoog word om hierdie vraag op grond van die literatuurstudie en empiriese hoofstuk se bevindinge te antwoord.

Die kernvraag:

*Watter invloed het die fisiese aan- of afwesigheid van die liturg in die liturgie op die toe-eiening van erediensgangers?*

### 6.4.1 Die invloed van die aanwesigheid van die liturg op die toe-eiening van die erediensganger

Deur die geskiedenis van die liturgie het dit duidelik geword dat die teenwoordigheid van die liturg deur die eeue heen ‘n groot rol in die liturgie gespeel het. Die liturg is die fasiliteerder van die liturgie. God inisieer ’n sekere ritueel en/of gesprek tussen die erediensgangers en God. In die NG Kerktradisie is dit ook die geval. Die “dominee” is fisies teenwoordig in die erediens om die gesprek tussen gemeente en God te fasiliteer. Daar is spesifieke liturgiese elemente wat deel is van die tradisie wat weekliks herhaal word, of slegs op sekere tye gevier word.

Die empiriese ondersoek het getoon dat die fisiese teenwoordigheid van die liturg in die erediens vir die meeste kandidate steeds baie belangrik is. “Persoonlike kontak” is die term wat die kandidate tydens die fokusgroepgesprekke gebruik het. Persoonlike kontak tussen die liturg en die gemeente blyk ’n wesenlike deel te wees van die NG gemeente Koedoeskop, wat gedien het as subjek vir hierdie ondersoek.

Uit die verkenning oor die invloed van die teenwoordigheid van die liturg in die liturgie, blyk dit dat die liturgie nie sal kan voortgaan, of tot sy volle reg sal kom, indien die liturg nie (fisies of virtueel) teenwoordig is nie. Dit blyk egter dat die liturgie sou kon

voortgaan, indien die liturg nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel. Hierdie sin weerspreek die vorige sin; kontroleer asb. Die eerste stellinglyk na dieouer mense se gevoel, terwyl die jonger lidmate die tweede stelling steun. Maar dit sal uitgespel moet word.

### 6.4.2 Die invloed van die afwesigheid van die liturg op die toe-eiening van die erediensganger

Nadat dit na vore gekom het dat die aanwesigheid van die liturg van uiterste belang is vir die voortgang van die liturgie binne die spesifieke tradisie van die NG Kerk, word die invloed van die fisiese afwesigheid van die liturg wat wel virtueel aanwesigis, nou ondersoek.

Dit blyk dat indien die liturg virtueel deur middel van beeldsending aanwesig is, die toe-eiening van die liturgie deur die lidmate beïnvloed sal word. Die invloed blyk minder te wees by jonger lidmate en meer by ouer lidmate. Die tradisie dat die liturg altyd fisies teenwoordig is, sal noodsaak dat lidmate die virtuele teenwoordigheid van die liturg gewoond sal moet raak.

Die belangrikste gebied waarop die toe-eiening van die liturgie beïnvloed sal word, is deur die verlies aan persoonlike kontak tussen die lidmate en die liturg. Alhoewel daar sekere alternatiewe maniere voorgestel is om hierdie kontak te behou, is dit een element wat deur middel van uitsending verlore raak.

Nog ’n invloed op die toe-eiening van die liturgie deur die lidmate, is dat sommige van die elemente van die gereformeerde tradisie van die NG Kerk nie sal kan plaasvind deur uitsending van die liturgie nie. Die doop noodsaak byvoorbeeld die teenwoordigheid van die liturg vir persoonlike kontak.

Die finale antwoord op die ondersoekende vraag kan as volg geformuleer word:

Die teenwoordigheid van die liturg is van kritiese belang vir die toe-eiening van die liturgie deur die erediensganger. Die teenwoordigheid hoef nie noodwendig fisies te wees nie, alhoewel dit wesenlik deel is van die tradisie en die eerste keuse bly. Die teenwoordigheid van die liturg kan ook virtueel wees, en alhoewel hierdie teenwoordigheid nie dieselfde toegeëien sal word as die fisiese teenwoordigheid nie, sal die liturgie steeds gedeeltelik produktief kan voortgaan.

Met hierdie antwoord in gedagte, blyk dit dat die uitsending van die liturgie ’n saak is wat in die Nederduitse Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika moontlik’n uitvoerbare oplossing kan bied vir gemeentes in afgeleë plattelandse gebiede waar die behoefte aan ’n erediens van hierdie kerkdenominasie ontstaan. Hierdie behoefte sal deur middel van beeldsending bevredig kan word mits dit met die nodige versigtigheid aangepak word. Die konteks van die gemeente sal ook in gedagte gehou moet word. Omdat elke gemeente anders is en anders funksioneer, is daar nie ’n definitiewe model wat by alle gemeentes sal kan werk nie. Hier volg egter ’n model vir die uitsending van die liturgie wat as vertrekpunt gebruik kan word.

## 6.5 MODEL VIR DIE UITSENDING VAN DIE LITURGIE

Die volgende model word uit hierdie studie se bevindinge saamgestel. Dit kan dien as moontlike model vir die implementering van uitsending van die liturgie. Hierdie model is voorlopig, aangesien daar verskeie tekortkominge in die studie is, wat ook hierna uitgewys sal word.

- Die uitsending van die liturgie geskied slegs in kontekste waar daar meer as een preekpunt/gemeente is wat behoefte het aan ’n liturgie, maar ’n liturg nie die punt kan bereik nie. Die fisiese teenwoordigheid van ’n liturg in die erediens bly altyd die eerste keuse.
- Elke element van die liturgie wat tydens die beeldsending gebruik word, moet deeglik oorweeg word ten einde die lidmate vir wie die liturg fisies teenwoordig is sowel as dié wat die virtuele liturgie ontvang, kan bereik.
- Die infrastruktuur wat vir die beeldsending van die liturgie gebruik word moet van hoë gehalte wees ten einde die liturgie ononderbroke uit te saai.
- Daar moet in ag geneem word dat sekere elemente van in die liturgie nie deur middel van uitsending kan werk nie en alternatiewe planne sal gemaak moet word ten einde hierdie elemente tot hul reg te laat kom. Die doop is n voorbeeld van een só ’n element.
- Fisiese kontak met die liturg sal deur middel van ander gemeentelike aktiwiteite as die erediens moet geskied ten einde die verhouding tussen die liturg en lidmate te behou.
- Daar sal ’n kultuursensitiewe benadering gehandhaaf moet word wanneer beeldsending in ’n geloofsgemeenskap geïmplementeer word.
- Daar sal deurlopende vernuwing moet kom ten einde die beeldsending relevant en produktief te hou ten opsigte van die liturgie sowel as tegnologiese vooruitgang.

- Beeldsending van die liturgie kan na meer as een punt plaasvind, volgens die konteks se vereistes.

- Beide liturge en selektiewe lidmate sal opgelei moet word om die uitsending van die liturgie te bemeester.

- Beukes 1993:36-37 noem dat daar nêrens in die Bybel bepaalde riglyne vir die inrigting van die erediens uitgestippel word nie. Tog is God ’n God van orde en moet die erediens ordelik geskied binne hierdie bepaalde tradisie. Daarom sal daar ’n sensitiwiteit vir orde moet wees met die uitsending van die liturgie.

## 6.6 BEPERKINGS

Na afloop van die hierdie studie, word dit duidelik dat daar steeds ’n sekere aantal elemente is wat nog nie verken/getoets is nie. Daar is dus nog ruimte vir verdere studie oor hierdie onderwerp Maar dit val nie binne die beperkte omvang van ’n MTh-studie nie. Die omvang van hierdie verhandeling verhoed dat die navorser die volgende ook nog verken:

- Die uitwerking van die toe-eiening van ’n virtuele liturg/liturgie in verskillende NG Kerkkontekste
- Die uitwerking van die toe-eiening van die virtuele liturg/liturgie in ander kerkdenominasies in Suid-Afrika
- Die totale impak van ’n virtuele liturg op ’n erediens en die invloed daarvan op die geloofsgemeenskap
- Die tegnologiese uitdagings en tekort aan/beskikbaarheid van tegnologiese infrastruktuur in afgeleë kerke in Suid-Afrika
- Die invloed op verskillende generasies van lidmate in ’n gemeente
- Die totale effek op elkeen van die verskillende liturgiese elemente wat in die NG Kerktradisie tuis is
- Die beskikbaarheid van die kennis van tegnologie wat benodig word vir die implementering van ’n virtuele liturgiese ruimte
- Die ooreenkomste en/of verskille tussen die resultate van hierdie studie pvan beeldsending en ander vorms van multimedia wat gebruik word om ‘n virtuele liturgie te skep, soos televisie en radio
- Die ooreenkomste, en of verskille tussen die resultate van hierdie studie tvan beeldsending en internetgebaseerde vorme van virtuele liturgie, soos ’n e-Kerk en aanlyn- virtuele kerke.

## 6.7 AANBEVELINGS

In hierdie deel kom die pragmatiese navorsingstaak (Osmer 2008) na vore. Daar word nou uitgewys hoe die betrokke onderwerp moontlik in die praktyk ktoegepas kan word. Die liturgie en erediens in hul geheel is ’n baie komplekse en breë onderwerp. Hierdie studie het bloot ’n klein gedeelte daarvan aangeraak. Die erediens binne die NG Kerk kan baie meer breedvoerig verken word. Die verskillende elemente van die liturgie in hierdie kerktradisie kan verken word en die manier waarop elkeen van hulle, vandag, in die liturgie funksioneer.

Sodra elkeen van die liturgiese elemente geïdentifiseer is, kan bepaal word wat die invloed van die virtuele liturgie op die onderskeie elemente sal wees. Saam met die invloed op elke element sal die konteks waarin die liturgie afspeel ook in ag geneem moet word. Elke gemeente se konteks verskil van die volgende een s’n en daarom sal die beeldsending van die liturgie nie in alle kontekste dieselfde toe-geëien word nie.

### 6.7.1 Navorsing

Eers nadat die nodige verkenning/navorsing van beide die liturgie/liturgiese elementeen die konteks gedoen is, kan daar gepoog word om beeldsending in die praktyk te oorweeg. Daar sal dan goedskiks ook ’n studie gemaak kan word oor die invloed/impak wat beeldsending op ’‘n bepaalde gemeente/geloofsgemeenskap het. Hierdie studie was nietemin ’n eerste stap in die groter proses.

Indien hierdie konsep, ná verdere navorsing en verkenning, in die praktyk toegepas word nom as alternatiewe bedieningsmetode in afgeleë kerke te dien, sal studente in die betrokke kerkdenominasie daarvoor opgelei kan word. Opleiding in die liturgie en homiletiek sal liturge toerus om eredienste te lei met sensitiwiteit vir die voor- en nadele van beeldsending van die liturgie in die praktyk.

Dit het tydens hierdie studie ook duidelik geword dat daar nog nie baie navorsing aangaande hierdie onderwerp gedoen is, enveral nie met betrekking tot die

gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie. Hierdie onderwerp het baie potensiaal om verder verken te word.

Nadat dit duidelik geword het dat die tegnologie ook al vinniger t lidmate se lewens en die kerk binnedring, sal daar ook meer en meer studie gedoen kan word oor die impak wat dit op die liturgie en kerk in die breë het. Daar is reeds verskeie behoeftes wat in die kerk hanteer word en verder aangepak kan worddeur van die tegnologie gebruik te maak. Die webtuiste *Business insider* berig op 24 Augustus 2017 oor ’n Japannese maatskappy wat ’n robot vervaardig het om te help met sekere dienste in die tempel. Hierdie robot word spesifiek ook aangewend tydens begrafnisseremonies om voor te lees en te sing (Siciliano & Reuters:2017).[6]

Alhoewel hierdie vernuwing dalk ’n baie drastiese stap is wat moontlik ver van die huidige tradisie en behoeftes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk lê, wys dit op die immer ontwikkelende tegnologie se invloed op alle terreine.

### 6.7.2 Opleiding

Opleiding sal aan bestaande leraars gegee kan word deur middel van VBO-kursusse. Kerklidmate sal ook opgelei moet word ten einde die beeldsending van die liturgie moontlik te maak, wat beteken dat opleiding in die gebruik van hardeware sowel as sagteware oorweeg sal moet word.

---

[6]http://uk.businessinsider.com/japanese-company-unveiled-robot-priest-technology-pepper-soft-bank-robotics-religion-2017-8?IR=T, geraadpleeg op 26 Julie 2018.

## BRONNE


Armstrong, R.S., 1986, *The Pastor-Evangelist in Worship*, The Westminster Press, Philadelphia.

Babbie, E. & Mouton, J., 2001, The practice of social research. Oxford. University Press, Cape Town.

Barnard, A.C., 1981, *Die Erediens*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.

Barnard, M. & Wepener, C., 2012, "Reclaiming space for learning in liturgical contexts: Cracks in the maxim of the uselessness of liturgical ritual", *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 68(2), Art. #1184, 8 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v68i2.1184

Beukes M.J.D.P., 1993, *Erediens 1*, Sigma Press, Pretoria.

Beukes M.J.D.P., 1994, *Erediens 2*, Sigma Press, Pretoria.

Wepener, C.J. & Van der Merwe, J., (reds.) 2009, *Ontdekkings in die Erediens*, Lux Verbi, Wellington.

Christenson L.B., Johnson B., Turner, L.A., 2015, Research Methods, Desighn, and Analysis. Twelfeth edition, Global edition, Pearson education limited, England.

Chupungco, A.J., 1992, Liturgical Inculturation: *Sacramentals, Religiosity, and Catechesis,* Liturgical Press, Collegeville, Minnesota.

Chupungco, A.J., 1997, Handbook for liturgical studies, *Introduction to Liturgy: volume 1,* Liturgical Press, Collegeville, Minnesota.

Chupungco, A.J., 1999, Handbook for liturgical studies, *The Eucharist: volume 3,* Liturgical Press, Collegeville, Minnesota.

Chupungco, A.J., 2000, *Liturgical Time and Space*, Liturgical Press, Minnesota.

Cilliers, J., 2011, 'Liturgy as space for anticipation', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 67(2), Art. #1020, 7 pages, http:// dx.doi.org/10.4102/hts. v67i2.1020.

Cobb, P.G., 1992, 'The architectural se ng of the liturgy', in C. Jones, E. Yarnold & G. Wainwright (eds.), *The study of liturgy*, pp. 528–541, SPCK, London

De Klerk, B.J., Vaartversnelling vra verdieping van ons liturgie. *In die Skriflig/In Luce Verbi,* [S.l.], v. 33, n. 3, p. 311-330, Aug. 1999. ISSN 2305-0853 Available at: <https://indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/view/630/511>. Date accessed: 26 July 2018. doi: https://doi.org/10.4102/ids.v33i3.630.

De Klerk, B.J.& Leuschner, F.W., 2007, Die atmosfeer in die erediens deur die loop van geskiedenis, in *Verbum Et Ecclesia* JRG 28(1).

De Wet, J.W., 1983, Die erediens met die oog op die dowe, die outeur, Pretoria.

Dressel, L.C., 1987, Dit het aand geword: die herkoms en inkleding van die aanddiens, NG Kerk-Jeugboekhandel, Bloemfontein.

Dreyer, W.A., 2016, 'Empiriese perspektief op kerkwees', in 'Praktiese ekklesiologie – Kerkwees in die 21ste eeu', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 10, 72(5), a4379 http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i5.4379.

Edersheim, A., 1874, *The Temple and services, as they were at the Time of Jesus Christ, Religious Tract Society*, Michigan.

Edmunds. H., 1999, *The Focus Group Research Handbook*, NTC Business Books, Illinois, USA.

Fern, E.F., 2001, *Advanced Focus Group Research*, Sage ,California.

Forman, R.C., Church building design trends in the 21$^{st}$ century, viewed on 7 June 2018 fromhttp://www.multibriefs.com/briefs/exclusive/church_building_design_trends_21st_century.html#.WxkFZCOB3Y0.

Foster, J., 1972, *Church History 1, The First Advance*, *AD 29-500*, Hollen Street, Slough, UK.

Gadamer, H.G., 1975, *Truth and Method*, Sheed & Ward, London.

Given, L.M., 2008, *SAGE Encyclopedia of Qualitative Research Methods*, Sage, California.

Grady, M.P., 1998, *Qualitative and action research: A practitioner Handbook*, Phi Delta Kappa Educational Foundation, USA.

Harris, C.T., Noëth, J.G., Sarkady, N.G., Schutte, F.M. en Van Tonder, J.M., 2010, *Van seringboom tot kerkgebou: Die argitektoniese erfenis van die Gereformeerde Kerke,* Administratiewe Buro, Potchefstroom.

Hendriks, H.J., 2012, "Die toekoms van die klein plattelandse gemeente'', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 68(2), Art. #1287, 8 pages.

Heyns, J.A., 1982, *Die erediens in 'n veranderende wêreld*, Instituut vir Toekomsstudies, Potchefstroom.

Jones, C., 1992., *The Study of Liturgy*. Rev. ed., London, SPCK.

Kieckhefer, R., 2004, *Theology in Stone: Church Architecture from Byzantium to Berkeley*, Oxford University Press, New York.

Kloppers, E., 2017, 'Klinkende ruimte. Reformasie deur die kerklied'*, HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 73(1), a4561. https://doi.org/ 10.4102/hts.v73i1.4561

Krueger A.R. & Casey, M.A., 2015, *Focus Groups*: *A practical guide for applied research*, Sage , Singapore.

La Grange, M., 2013, "Instrument vir die kritiese analise van PowerPoint® in die erediens", Ongepubliseerde mini-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

La Grange, M., 2013, "Multi-Media in die erediens. 'n Ruimtelik-liturgiese ondersoek", Ongepubliseerde mini-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Le Roux, S.W., 2008, Die soeke van drie argitekte na 'n planvorm vir Afrikaanse Gereformeerde kerkbou, *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 22(2). November 2008.*

Liamputtong, P., 2011, *Focus Group Methodology: Principles and Practice*, Sage , London.

Long, T.G., 1989, *Beyond Worship Wars: Building Vital and Faithful Worship*, Alban Institute, United States of America.

Long, T.G., 2001. *Beyond the Worship wars: Building vital and faithful worship.* The Alban Institute, Connecticut.

Malherbe, P.A., 2009, "Die rol van die liturgie in die fasilitering van 'n ontmoeting tussen God en 'soekers'", Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Matthee, F.J.N., 2015, "An Auto-Ethnographic exploration of the World of Warcraft: Raiding as liturgical ritual", Ongepubliseerde mini-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

McGrath, A.E., 2007, Christian Theology, An Introduction, Blackwell Publishing, Oxford.

McIntosh, G.L., 2002, *One Church, four generations: understanding and reaching all ages in your church*, Tyndale House, Wheaton.

Mills, E.D., 1956, *The Modern Church*, Architectural Press, London.

Morgan, D.L., 1997, *Focus Groups as Qualitative Research*, Sage , USA.

Mouton, D., 2014, Kruisgewys elektroniese artikel,

*https://www.gemeentes.co.za/attachments/208_Só raak ontvolking plattelandse kerk, besoek op 4 Junie 2018.*

Müller, J., 1988, *Die erediens as Fees*, NG Kerkboekhandel, Pretoria

Müller, J., 1990, *Die erediens as Fees*, NG Kerkboekhandel, Pretoria.

Nel, M., 2015, 'Benutting van liturgiese ruimte in Pinksterkerke', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 71(2), Art. #2844, 7 pages. hp://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i2.2844

Neuman, W.L., 2000, Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 4Th ed. edn, Allyn and Bacon, Boston.

Niemandt, N., 2007, *Nuwe Drome vir nuwe werklikhede*. Lux Verbi,Bybelmedia, Wellington.

Noordmans, O., 1939, *Liturgie*, Amsterdam.

Norman, E., 1990, *The House of God: Church Architecture, Style and History*, Thames & Hudson, London.

Pieterse, H.J.C. 1991. *Gemeente en Prediking*. NG Kerkboekhandel, Pretoria.

Poggenpoel, M., 1998, 'Data analysis in qualitative research', in A.S. de Vos, H. Strydom, C.B. Fouché, M. Poggenpoel, E. Schurink, & W. Schurink (eds.), *Research at grass roots: A primer for the caring professions*, Van Schaik, Pretoria. 004

Osmer, R.R., 2008, *Practical Theology: An Introduction,* Eerdmans , Michigan.

Osmer, R.R., 2011, 'Practical theology: A current international perspective', HTS Teologiese Studies/Theological Studies 67(2), #Art. 1058, 7 pages. http://dx.doi.org 10.4102/hts.v67i2.1058.

Raizi, A.M., 2016, *The Routledge Encyclopedia of Research Methods in applied linguistics: Quantative, qualitative, and mixed-methods research*, Routledge,Oxford, UK.

Ramshaw, G., 2009, *Christian Worship, 100 000 Sundays of Symbols and Rituals*, Fortress, Minneapolis.

Ray, D.R., 2000, *Wonderful Worship in Smaller Churches*, Pilgrim Press, Ohio.

Saldaña, J., 2013, *The coding manual for qualitative researchers,* 2nd edn., Sage, London.

Schoeman, W.J., Joubert, S., 2015, *The Exploration of Congregations in South Africa: A Practical Theological perspective*, Acta Theologica 22.

Senn, F.C., 2016, *Embodied Liturgy: Lessons in Christian Ritual*, Fortress, Minneapolis.

Smith, D.M., 1992. *The Apartheid City and beyond: Urbanization and social change in South Africa,* Witwatersrand University Press, Johannesburg.

Smuts, A.J., 1987, *Praktiese Teologie in Suid-Afrika: Perspektiewe op die Erediens 3,* NG Kerkboekhandel, Pretoria.

Steward, D.W. & Shamdasani, P.N., 2015, *Focus Groups: Theory and Practice*, Sage, California.

Strauss, P., 2011, *Gereformeerdes onder die Suiderkruis, 1652-2011: Die verhaal van vier Afrikaanse Kerk*e*,* Sun Press, Bloemfontein.

Swinton, J. & Mowat, H., 2015, *Practical Theology and Qualitative Research*. SCM Press, Norfolk, UK.

Theron, P.M., 2015, 'Coding and data analysis during qualitative empirical research in Practical Theology', *In die Skriflig* 49(3), Art. #1880, 9 pages. hp://dx.doi. org/10.4102/ ids.v49i3.1880

Torgerson, M.A., 2007, *An Architecture of Immanence: Architecture for worship and ministry today*, Eerdmans, Michigan.

Tymbios, M.A., 2017, "Cementing Belief: Tracing the History of Modernist Afrikaans Church Architecture", 1955-1975. Unpublished Thesis, University of Stellenbosch.

Van Tonder, B.J., 2010, "'n Nuwe taak vir 'n nuwe tydverskuiwing in die kommunikasie van die evangelie binne 'n hedendaagse konteks, Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria.

VanSlyke, S.P., 2010, Ritual Space, Liturgy, 25:1, 1-3, https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/04580630903209736?needAccess=true&journalCode=ultg20 (16 Julie 2018).

Van Wyk. J.J.R. 1986, *Die gebruik van Oudiovisuele hulpmiddels in die erediens*, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Vos, C.J.A., 2010, ‘Godsbeelde in die liturgie’, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 66(2), Art. #790, 5 pages. DOI: 10.4102/hts.66i2.790.doi.org/10.4102/hts. v70i1.2644.

Wainwright, G. & Westerfield Tucker, K.B., 2006, The oxford history of christian worship, Oxford University Press, Oxford.

Wepener, C.J. 2003a, “Liturgie en versoening vóór die Reformasie: 60 - 312AD”. Liturgy and reconciliation before the Reformation: 60-312 AD. Practical Theology in South Africa. 18/1, 231 – 256.

Wepener, C.J. 2003b., “Liturgie en versoening vóór die Reformasie: 312 - 600AD”./ Liturgy and reconciliation before the Reformation: 312-600 AD. Practical Theology in South Africa. 18/2, 194 - 210.

Wepener, C.J. 2005, “Researching Rituals. On the use of participatory action research in liturgical studies”, Practical Theology in South Africa, 20/1, 109-127.

Wepener, C., 2009, From Fast to Feast: A ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts, Peeters, Leuven.

Wepener, C.J., 2011, ‘Nuwe tendense buite-om die erediens van die 21ste eeu: ’n Beskrywende liturgie-historiese en hedendaagse verkenning’, NGTT, 52, 1 & 2 Maart en Junie 2011.

Wepener, C.J. & Bartlett, A., 2014, ‘Die erediens as fees of die fees as erediens?: ’n Andrew Murray pryswenner ’n kwarteeu later herlees’, Verbum et Ecclesia 35(2), Art. #1249, 8 pages. http:// dx.doi.org/10.4102/ ve.v35i2.1249

Wepener, C.J., 2014, ‘Liturgical inculturation or liberation? A qualitative exploration of major themes in liturgical reform in South Africa’, *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 70(1), Art. #2644, 8 pages. https:// dx4 ó

Wescoat, B.D. and Ousterhout, R.G., 2012, *Architecture of the sacred: space, ritual, and experience from classical greece to byzantium, Cambridge University Press, Cambridge.*

Willimon, W.H., 1981, *Integrative Preaching: The Pulpit at the Center,* Parthenon, Nashville, Tennessee.

White, J.F., 2000, *Introduction to christian worship. 3Rd ed., re v. and expanded. edn., Abington Press, Nashville.*

White, J.F., 2003, *Protestant Worship and Church Architecture: Theological and Historical Considerations,* Wipf and Stock,Eugene, Oregon.

White, L.M., 1990, *The Social Origins of Christian Architecture, Volume 1, Building God's House in the Roman World: Architectural Adaptation among Pagans, Jews and Christians*, The John Hopkins University Press, USA.

Whytock, J.C., 2018, 'The reformation of space for public worship: Past and present – Continuing the discussion', *In die Skriflig* 52(3), a2307. h ps://doi. org/10.4102/ ids.v52i3.2307.

Yates, N., 2008, Liturgical Space: christian worship and church building in western Europe 1500-2000, Ashgate, England.

## Gemeentebronne


Die Handleiding van die erediens, 2007, Bybelmedia, Wellington.

Handelinge van die Vyfde Vergadering van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal, Pretoria, 17 April tot 3 Mei 1968. P 624-637.

*Jaarboek van die NG Kerke, 2015, Bybelmedia.*

Notule, November 1957, 1, Ring van Krokodilrivier, Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal.

Notule, Oktober 2007, 1, Notule van die Algemene Vrouediensvergadering, NG Kerk Koedoeskop.

NG Kerk Jaarboek, 2015, NG Kerk MSW, Wellington.

https://www.radford.edu/rbarris/art216upd2012/15th%20century%20architecture%20Brunelleschi%20to%20Alberti.html besoek op 20 Junie 2018.

# ADDENDUM A

## Fokusgroepgesprekke
## NG Koedoeskop (18 Junie 2018)
## *Koedoeskop*

Elke persoon wat aan hierdie fokusgroep deelgeneem het, het ’n oorwoëtoestemmingsvorm (*informed consent* form) van die Universiteit van Pretoria onderteken en neem vrywillig aan die studiedeel. Om elke persoon wat deelneem aan die studie se identiteit te beskerm, word daar slegs na persone verwys as persoon 1, persoon 2 ens. Hier volg die gesprek wat in die groep gevoer is (sonder redigering van taalgebruik):

**1. Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie? (Die term “toe-eiening” word aan die groep verduidelik.)**

***(Daar word kortliks vir die groep verduidelik waaroor die studie handel en agtergrond gegee van die motivering vir die studie.)***

Persoon 1: Ek dink die liturg se rol daar waar ek sit en hom sien is dit sy oogkontak wat hy met mense maak, sy emosies wat jy kan beleef en wat jy kan sien, sy gevoel. So dit is hoe ek dit sien.

Persoon 2: Ek wonder net, as jy bekend is aan die liturg as hy lewendig daar op die skerm sou wees, kan jy hom nie presies dieselfde beleef as wanneer jy hom lewendig in die kerk sien nie? Miskien nie 100% nie, maar dit voel tog of dit baie naby kan wees.

Persoon 1: Dit wat Nico gesê het is baie belangrik, as hy aan jou bekend is. Vir my om te gaan luister vir Angus, ek het hom nog nooit in my lewe ontmoet nie, is dit totaal anders teenoor jy wat in die gemeente is, jy is die leraar van die gemeente. En om dan

op die skerm te sien, al is jy op Rooiberg of Kromdraai is dit jy wat ons sien. Jy is bekend so ek dink nie dit gaan ‘n verskil maak nie.

Persoon 2: Dit maak dit anders as televisie.

Persoon 3: Ek dink die feit dat jy bekend is, dit is lekkerder om na iemand te luister wat bekend is, al kyk jy vir hom op ’n skerm.

Persoon 2: Maar jy kyk hom ook in die oë, soos wat ons hom hier in die oë kyk. As hy vir die kamera kyk hom kyk jy hom in die oë.

Persoon 1: My vraag is net, dit kan van enige plek af wees, as hy by die moedergemeente hier is, dit is baie meer mense. Die voorsang en musiek en alles wat daarmee gepaard gaan, dra dit nie maklik ’n beeld uit anderkant toe as wanneer hy voor agt na tien mense by Rooiberg gaan staan nie? Dit is eintlik ’n teenvraag.

Persoon 2: Is die tegnologie al voldoende dat ons dit sou kon doen?

Persoon 1: Ek dink ons het daardie ding deurgetrap. Die vraag is eintlik dat dit eerder van die groot deel van die gemeente uitgesaai word na anderkant toe. Al jou hulpmiddels is hier.

Persoon 2: Sou dit ’n wisselwerking kon wees? As jy van Rooiberg af preek en daar is nie ’n musiekbediening nie, sou die begeleiding van hier af kon kom vir al drie punte?

**2. Hoe sou dit, volgens jou, a. die liturgie beïnvloed en b. die belewenis (toe-eiening) indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies in die erediens teenwoordig is nie, maar wel virtueel (bv. op die geprojekteerde skerm voor in die liturgiese ruimte).**

Persoon 3: Ek glo nie dit sal die proses beïnvloed nie. As jou tegnologie reg is, sal dit nie die proses beïnvloed nie.

Persoon 2: Maar meeste van ons was seker al in groot gemeentes waar daar gelyktydig óf na die kerksaal toe .óof na ’n deel, selfs Hartenbos se kerk is snaaks gebou daar is skerms, baie mense sit en kyk na die skerm.
Persoon 4: Dit laat my baie dink soos om na ’n konsert te gaan kyk. Daar onder, so klein staan ’n persoon en sing, en jy kyk eintlik maar net op die skerms die hele tyd. Ek dink nie dit beïnvloed die proses nie.

**3. Is daar na jou mening enige aspekte/momente/sakramente van die liturgie wat nie sal kan voortgaan indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel?**

Persoon 1: Ek dink sulke goed met die Nagmaalbediening en die doop is uitsonderlike gevalle. Dit sal baie moeilik wees met die doop en belydenisaflegging.

Persoon 2: Maar Nagmaal is nie ’n probleem nie. Ons kan ’n ouderling hê wat uitdeel hier, wat instaan as dit daardie kant gesê word.

Persoon 4: Ek dink iewers moet mens .‘‘n lyn trek. Soos met ’n troue gaan jy dominee daar wil hê, en met ’n begrafnis.

Persoon 6: Dit is bietjie onpersoonlik.

Persoon 1: Maar ek dink net hierdie is nou spesifiek vir plattelandse gevalle, dit is nie nou vir die stad nie. Dink ek mens kan elke val jou goed so reël. En orden dat wanneer dit Nagmaal is, en wanneer dit doop is, en wanneer dit belydenis van geloof is dat dit nie oor ’n skerm hoef plaas te vind nie. Jy doen dit fisies op die plek waar dit is, want dit is eenmalige goed. Hierdie wat ons oor praat is basies Sondag se diens. So ek dink nie ons moet dit oor dieselfde kam skeer nie. Daardie wat Nico van gepraat het is

persoonlike kontak, roep die ouens vorentoe, kom gee mekaar ’n handdruk en al sulke dinge is persoonlike kontak wat ’n ou nie moet afwater nie.

Persoon 2: Maar weet jy van die buitepunte, byvoorbeeld Rooiberg of Kromdraai sal dit dalk graag wil sien.

Persoon 1: Maar ek bedoel daar waar dit fisies plaasvind, wil mens nie het daar moet ’n ouderling wees wat die hand moet skud nie.

Persoon 4: En om ’n ouderling te bevestig?

Persoon 2: Dit is darem eintlik maklik genoeg al moet jy die kerkraadslid van Kromdraai hiernatoe laat kom vir daardie spesifieke dag, die res van Kromdraai sit nog op Kromdraai maar hulle sien darem hoe dit gebeur. So dit is een ou wat ry.

Persoon 4: Ek dink ook die gemeente sal makliker “Ja” sê vir ’n roetine-erediens om oor ’n skerm te gebeur as vir iets soos ’n troue of ’n doop wat nie ...

Persoon 2: Die Nagmaal een kan dalk ook nog n uitsondering wees. Ek het nogal gevoel omdat ons ’n gemeente was waar die ouetehuis byvoorbeeld reg langs die kerk was en daar was ’n verbinding gewees en die mense kon op televisieskerms kon hulle kyk wat aangaan in die kerk. En daar het hulle byvoorbeeld vir bedlêende mense ’n ouderling en diaken wat Nagmaal gelyktydig bedien het in die aftreeoord terwyl dit in die kerk oor bedien was. Ek dink nie dit gaan noodwendig ’n probleem skep as ons Nagmaal hier bedien en daar sit twintig mense op Rooiberg en jy het ’n ouderling en diaken daar wat dit gelyktydig saam bedien nie. Ek weet nie, dit is van die praktiese goed wat ons seker maar in die praktyk sal moet kyk.

**4. Sou die, uitsending van ’n virtuele liturgie op ’n skerm in die erediens jou belewenis van die erediens beïnvloed? (Indien “Ja”, spesifiseer asseblief waarom. Indien “Nee”, spesifiseer asseblief ook waarom).**

Persoon 6: Ek dink nie so nie want ons persoonlik kyk, as ons nie kerk toe kom nie op die TV kerk. En jy kry nog die boodskap wat jy wil hê.

Persoon 4: Ja, ek dink dit gaan oor wat jy self daarvan maak.

Persoon 5: Ons was ook een keer in Pretoria in ’n kerk gewees, ’n groot kerk, en toe was daar oor soos ’n “live streamin”g gewees by ’n ander kerk en ons het op ’n skerm gekyk en dit was vir my nog steeds “wow” gewees. Want die boodskap wat hy gelewer het, het my geraak.

Persoon 2: Dit is die slegte deel van tegnologie, as so iets sou gebeur soos die krag gaan af.

Persoon 5: Of hier waar die sein nie so goed is nie. Dit het voordele en sy nadele.

**5. Dink jy dat ’n virtuele liturgie ’n moontlike, werkbare oplossing kan wees vir ’n tekort aan liturge (dominee/leraar) in plattelandse gebiede?**

Persoon 2: Ja
Persoon 1: Ja
Persoon 4: Ja
Persoon 6: Ja
Persoon 5: Ja
Persoon 7: Ja
Persoon 3: Ja, mits die infrastruktuur dit toelaat.

Persoon 1: Dit gaan ook oor kostes. En alles. Ons sit regtig met ’n situasie waar ons ’n predikant moet kry op Rooiberg, kos ons argumentsonthalwe, ek weet nie wat die presiese bedrag is nie, maar se X bedrag. En as jy die tegnologie het. Nie dat mens die aantal mense opweeg teen die aantal geld nie. Maar enige een wat werklik die

predikant nodig het kan hom bel en sê, kom kuier vir my of maak .‛‘n draai by my. Die woordverkondiging is net om vir jou vir .‛‘n versterking en bevestiging, jy gaan nie nou tot bekering kom nie, jy is lankal al tot bekering. So hierdie is net vir jou om die boodskap te kry en die krag te kry vir die week saam met gemeenskap van gelowiges. EN daarom dink ek regtig dit is iets wat ons hele noordelike Sinode wat so wyd lê definitief kan probeer.

Persoon 4: Ek dink ook dit gaan maak dat ons beter kyk na ons dominees. Want ’n dominee wat twee na drie ure op die pad spandeer op ’n Sondag ...

Persoon 7: Die tyd kon aan mense spandeer word.

Persoon 2: Maar ek dink dit gaan krities belangrik wees dat die dominee by ander punte uitkom, by ander geleenthede. Dit hoef nie noodwendig die Sondag te wees nie. Maar vir hulle moet dit nog steeds “ons dominee” en ’n bekende dominee wees wat hulle daar sien. So hy kan nie nou net ’n Rooiberg of Kromdraai ignoreer en daar sien hulle hom net op die skerm nie. Daar sal ander geleenthede moet wees waar hulle hom wel kan sien.

Persoon 3: As die dominee die dag hier gepreek het, het jy geleentheid om voor en na die diens met hom te gesels, wat daardie mens dan glad nie het nie. Inteendeel ek dink dan gaan die predikant dalk selfs meer uit sy pad uit moet gaan om by daardie punte uit te kom, nie in kerkverband tydens dienste nie, maar andersins.

Persoon 7: Watse invloed gaan dit hê om predikante op te lei? Gaan daar nog soveel predikante wil predikant word?

Persoon 2: Eintlik gaan dit oor geld. Want as ons dit kon bekostig, dan het ons ’n predikant op Rooiberg en Kromdraai ook gehad. Maar ons kan nie. Ons gemeente kan dit nie bekostig nie en dit geld vir die grootste deel van die platteland van Suid-Afrika. So as dit lewensvatbaar is, dan stel ons ’n predikant aan.

Persoon 2: Maar weet julle hoeveel beteken dit, ons was nou in Mosselbaai lank gewees en ons het nou hierdie dienste wat hier opgeneem was daar luister. En ’n ou sit in die vreemde maar ’n ou voel bekend. Dit is ongelooflik, jy kan by so ’n geleentheid vir iemand ’n “link” gee dat hulle sou kon lewendig inskakel. As ek daar in Ierland sit, wil [ek] Sondagoggend deel wees van hierdie erediens. Sal die tegnologie dalk daarby [kan] uitkom dat hulle sal deel wees? Dit is nog ons gemeente.
Persoon 7: Ek het ’n voorbeeld .. .voorstel. Laat jy nog steeds wil hê dominee moet deel wees van jou gemeente, soos op Rooiberg en dat hulle nie geïgnoreer moet word nie, soos wat jy nou gaan uitsaai by ander kerke maak jy dalk ’n beurt om eenkeer hier uit te saai maar dan gaan jy fisies Rooiberg toe. Eenkeer ’n maand.

Persoon 1: Ek dink niks is “exact” nie. Dit is vir ons altyd ’n vreemde begrip want ons het dit nog nie regtig beleef nie, maar die positief is, ek dink ons moet dit doen maar dit gaan die klein goedjies, ’n Sondag hier, ’n Sondag Kromdraai... daai tipe goed sal in die praktyk self in plek val, ons sê dit is beter as dit net hier vanaf is. Met al die singery en al die instrumente en alles wat hier is, want lofprysing is ook ’n groot deel van jou liturgiese gebeurtenis wat gebeur op ’n Sondag. Maar dit is dinge wat regtig eers as dit begin en ons pas dit toe, gaan ons kan sê dalk ’n Sondag op Kromdraai, of andersins net hiervan af maar dienste eenkeer ’n maand daar en eenkeer daar. Niks is “exact” nie. Ons kan dit in elk val in die praktyk uitsorteer.

Persoon 4: Ek wonder net, as jy uitsaai, hoekom sal mense dan nog wil kerk toe kom? Hoe gaan jy dit voorkom dat mense steeds kerk toe kom? As jy gaan “live stream”, soos Nico voorgestel het.

Persoon 7: Die Bybel sê van die samekomste

Persoon 2: Ons moet versigtig wees met daardie een. Mens sal dit net beskikbaar stel vir mense wat rêrig nie kan kerk toe kom nie.

Persoon 5: Moet net nie die “link” vir mense gee nie, behalwe wat soos landuit is, of uit provinsie uit is. Hulle moet na jou toe kom en jou bel en dit met jou bespreek.

Persoon 4: Maar ’n ou tannie wat in Leeupoort in die bed lê wat baie siek is, sy kan dan ook deel wees van die kerk. So daar is voordele en nadele.

Persoon 2: Maar ons moet baie sterk wees oor die teedrink. Want dit is integraal deel van die gemeenskap van saamwees. As daardie ding gaan verswak of wegval, dan kan hierdie hele ding uitmekaar uit val. Selfs mense wat kerk toe kom en dan net sit in die kar en dan uitspring en ry, is net so goed soos daardie ou wat net dit en kyk op die televisieskerm. Jy mis die interaksie tussen lidmate. En ons sal dit moet sterk propageer.

Persoon 4: Ek wil weet hoe gaan dit die opset van die kerk voor die liturgiese ruimte beïnvloed, want tegnies gaan die preekstoel nie meer nodig wees nie, die skerm gaan moet groter wees. Jy kan op enige ander plek gaan kerk hou, jy kan in die saal gaan kerk hou, as daar stoele en ’n skerm is.

Persoon 2: As die musiekbediening besig is sal mens graag die fokus daar wil hê, as die predikant besig is, sal jy die fokus op hom wil he, iemand sal moet daardie kamera moet fokus en draai. Jy sal dalk ’n fotograaf of twee moet oplei. Die ideaal sal wees dat dit lewendig moet wees.

Persoon 1: Ek dink kom ons begin dit net. Ons het lankal gepraat daaroor.

Persoon 5: Ek wonder, as ek kan terugkom by die kamera wat fokus op die musiek en fokus op die dominee, daar sal seker tegnologie wees waar die kamera self skuif, dat daar nie twee kameras moet wees of iemand wat fisies daar sit nie.

Persoon 2: Die aanvanklike koste, daar sal ’n paar kameras moet wees.

# Fokusgroepgesprekke
# NG Koedoeskop (19 Junie 2018)
# *Rooiberg*

Elke persoon wat aan hierdie fokusgroep deelgeneem het, het ’n oorwoëtoestemmingsvorm van die Universiteit van Pretoria onderteken en neem vrywillig aan die studie deel. Om elke persoon wat deelneem aan die studie se identiteit te beskerm, word daar slegs na persone verwys as persoon 1, persoon 2, ens. Hier volg die gesprek wat in die groep gevoer is (sonder redigering van taalgebruik):

**1. Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie? (Die term “toe-eiening” word aan die groep verduidelik)**

***(Daar word kortliks vir die groep verduidelik waaroor die studie handel en agtergrond gegee van die motivering vir die studie.)***

Persoon 3: Hy is vir my ’n aanknopingspunt.

Persoon 1: Ek dink hy speel ’n baie belangrike rol want ek het al agtergekom waar sekere leraars is, is die kerk bywoning swak. Dit hang net af hoe hy dit vir jou aanbied. Dit is die groot rol wat dit speel. As ek by die kerk kom, groet ons mekaar en ons praat met mekaar en dan kom hy aan die woord. Hoe hy begin met dit, speel ’n baie groot rol. Daar is persoonlike kontak.

Persoon 3: Dit bly maar vir nog ’n aanknopingspunt, ek voel vry om daar te wees.

Persoon 2: Ek wil by die ander aansluit met dié dat dit is nie lewensbelangrik dat jy onmiddellik deur die dominee gegroet word as jy by die kerk kom nie. Maar dit is goed om te weet wie die preek gaan doen. Of wie gaan die fasiliteerder wees. Soos die ander ook sê, dit is ’n aanknopingspunt en daar is persone wat dit minder goed doen as ander.

Persoon 2: Toe ons “laities” was, dominee was daar op .’‘n troontjie geplaas, hy was regtig op ’n troon, baie respek vir hom gehad, soos nou ook maar jy het nie daaraan gedink om met die dominee te praat nie.

Persoon 1: Mens moet die vrymoedigheid hê om na die predikant toe te gaan en dat hy met jou kan praat. Kom ons sê ek en sy het ’n probleem, dat ons die probleem saam kom oplos. Ek is ouer maar dit geld nie vir my nie, ek respekteer my predikant, hy is my leraar en hy moet vir my die Woord uitdra na my toe. Maar ’n ou moet die vrymoedigheid hê om met hom te gaan praat.

Persoon 2: Dit laat my dink aan Sondag se preek waar die prediker gepraat het waar Paulus vir die gemeente sê: “Wie is Paulus en wie is Apollos”, ons doen net die werk van die Here, die een is die beter as die ander een nie.

**2. Hoe sou dit, volgens jou, a. die liturgie beïnvloed en b. die belewenis (toe-eiening) indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies in die erediens teenwoordig is nie, maar wel virtueel (bv. op die geprojekteerde skerm voor in die liturgiese ruimte)?**

Persoon 2: Ek sal natuurlik nie ’n probleem hê daarmee nie.

Persoon 4: Ek ook nie.

Persoon 2: Vir my, as ek jou kan sien staan dan is jy mos teenwoordig.

Persoon 3: Ja, dit is mos asof jy hier is, dit net daardie fisiese goed wat dan kort. Maar dit bly nog dieselfde waar ek sit en die preek aanhoor waar jy teenwoordig is. Omdat ek jou ken en die mense rondom jou en voel deel van dit waarnatoe jy gaan. By die huis as jy TV kyk is jy alleen.

Persoon 5: As jy TV by die huis kyk, kan jy in jou “pajamas” in die bed lê, hier moet jy “op dress” as jy kerk toe kom.

Persoon 1: Ek en Koos het juis gister bietjie daaroor gepraat, baie mense gaan sê maar hoekom moet ek nou gaan ek kan net so wel op die TV dit kyk as wat ek my nou moet aantrek. Die groot ding is die bydraes wat gaan skade ly. Dit is my eerlike opinie (as die mense tuis bly) gaan jy nie meer daardie deel hê nie, waarvoor moet ek nou kerk toe gaan ek kan netsowel hier sit.

Persoon 5: Die ander ding is ook, hier in Rooiberg self is nou soveel verskillende groepe, hulle sit eintlik en wag om mense na hulle oor te trek.

Persoon 2: Ek het nou ’n vraag: “As die kamera hiernatoe kom en jy kan hier kom fisies wees en dan beeld jy dit na Kromdraai of Koedoeskop toe?”

**3. Is daar na jou mening enige aspekte/momente/sakramente van die liturgie wat nie sal kan voortgaan indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel?**

Persoon 2: Nee, ek kan nie dink nie. Net behalwe omdat daar nou nie ’n persoon daar voor staan nie kan mense dalk bietjie sit en rondkyk. Die dominee kan hom nie sien as hy by die venster sit en uitkyk nie. Die diens volg sy normale prosedure, ek kan nie dink dat iets kan verlore gaan gedurende die gesprek nie. Dit is net die persoonlike kontak wat minder gaan wees. Maar ons sien ons liturg elk val nie elke Sondag nie.

Persoon 5: Mens het partykeer nodig om net met die persoon paar woorde te praat al is dit voor en na kerk. Die persoonlike kontak is nodig omdat ons ’n uitgebreide gemeente is en so ver van mekaar af is, het mens partykeer nodig vir persoonlike kontak.

Persoon 2: Ek glo nie Nagmaal sal ’n probleem wees nie. Daar is in Rooiberg baie min babatjies wat gedoop word.

Persoon 5: Ek dink die emosionele kant van die ding is afgesny. Dit is vir my soos om TV te kyk. Dit is onpersoonlik.

Persoon 3: Ek dink dit is grotendeels ’n persoonlike ding. Dit is iets waarmee jy jouself sal moet vereenselwig mee.

Persoon 2: Mens moet ook nie in die pad van tegnologie staan nie. Ons weet wat die situasie in Koedoeskop gemeente is. Daar is min predikers. Hier is net twee mense wat kan preek.

**4. Sou die, uitsending van ’n virtuele liturgie op ’n skerm in die erediens jou belewenis van die erediens beïnvloed? (Indien “Ja”, spesifiseer asseblief waarom. Indien “Nee”, spesifiseer asseblief ook waarom.)**

Persoon 3: Dit hang af van jou gesindheid.

Persoon 2: Daar is twee dinge, gesindheid is die een ding en dit hang af wie die liturg is, hoe die boodskap aangebied word. Angus doen dit goed. Maar hier ken ons vir jou. Ons verwagting is dat ons ’n goeie preek gaan kry. Maar nou kom daar ’n ander persoon en jy ken nie die ou nie.

Persoon 5: Jy moet reg ingestel wees. Jy moet ontvanklik wees vir die boodskap, maak nie saak wie dit aanbied nie. Want ek dan kon ek maar net sowel op die TV gekyk het, maar jy ken nie daardie predikante wat op die TV die dienste hou nie maar jy luister na hulle. Ons luister elke Sondagaand na Angus, want die Afrikaanse diens is nou heeltemal opgeskort. Toe die Afrikaanse dienste op was het ons elke Sondagaand gekyk en mens put soveel kos uit die Woord wat jy daar ook kry.

Persoon 1: Ek dink aan die begin sal dit bietjie moeilik gaan tot mens gewoond is met dit.

Persoon 5: Jy ondervind dit self, as jy die musiek bring. Jy moet dit verskriklik hard sit dat die mense dit kan volg. Hulle raak heeltemal agter of hulle is vooruit. Ons het volledig die liedboek met orrelbegeleiding op CD maar ons het al hoeveel maal probeer hulle kan net nie daarmee sing nie. Ek dink daar moet iemand voor wees wat hulle begelei. Hulle raak so verward met die musiek.

**5. Dink jy dat ’n virtuele liturgie ’n moontlike, werkbare oplossing kan wees vir ’n tekort aan liturge (dominee/leraar) in plattelandse gebiede?**

Persoon 3: Ja, dit kan. Dit hang ook af van daardie mense se gesindheid. Hoe hulle dit wil ervaar.

Persoon 1: Ek glo so.

Persoon 2: Dit kan definitief werk.

Persoon 1: Mens moet dit net gewoond raak.

Persoon 5: Gaan die kollekte gewoonweg opgeneem word? Bêre ons die geld in kluis tot iemand kom?

Persoon 2: Die kollekte sal nie ’n probleem wees nie.

Persoon 2: Die grootste probleem is om die mense te kry om dit positief te aanvaar.

Persoon 4: Meeste charismatiese kerke doen dit. Die kamera alleen gaan jou omtrent R25 000 gaan kos en ’n rekenaar van R35 000.

Persoon 5: Daar is van die ouer mense wat hulle koppe bietjie daarom moet kry.

Persoon 4: EK kom uit ’n kerk uit, in Pretoria, waar hulle al hulle eredienste direk op die “net” uitsaai. Ek skakel elke aand op hulle erediens in en ek is al basies gewoond daaraan. Miskien moet mens eers dink daaraan as mens dink aan ouetehuise om dit direk op die “net” uit te saai. Dat mense daarop daar kan inskakel.

Persoon 4: Neem die hele erediens met sang en alles op? Want ek weet as jy die sang ook opneem, loop jy jou vas in ’n paar landswette.

Persoon 1: Jy sal jou skeeftrekkers kry aan die begin, maar sal sien met tyd ons gaan kerk toe soos gewoonweg.

# Fokusgroepgesprekke
# NG Koedoeskop (19 Junie 2018)
# *Kromdraai*

Elke persoon wat aan hierdie fokusgroep deelgeneem het, het ’n tm oorwoëtoestemmingsvorm van die Universiteit van Pretoria onderteken en neem vrywillig aan die studie deel. Om elke persoon wat deelneem aan die studie se identiteit te beskerm, word daar slegs na persone verwys as persoon 1, persoon 2, ens. Hier volg die gesprek wat in die groep gevoer is:

**1. Watter rol speel die liturg (dominee/leraar) in die erediens vir jou persoonlike toe-eiening van die liturgie? (Die term “toe-eiening” word aan die groep verduidelik.)**

***(Daar word kortliks vir die groep verduidelik waaroor die studie handel en agtergrond gegee van die motivering vir die studie.)***

Persoon 1: Hy laat dit ordelik gaan.

Persoon 3: Hy lei ons in. Hoe ek dit sien, die voorsang kom ons in dan lofprys ons die Here en dan kom die liturg en lei hy ons deur Woord en deur die diens. Hy maak ons rustig voor die Here. Dit is die algemene ding vir die hele diens. Wat my opgeval het, is storietjies. Dit is interessant. Die storie, jou inleiding wat jy gee, voor jy die Woord oopmaak. Daar is ’n opbou, jy vertel vir ons ’n storie. Al het dit nie betrekking tot Suid-Afrika nie, jy gebruik ’n storie en dan bou ons op. Dan vertel jy vir ons ’n les in die lewe. En dit is wat belangrik is; die lesse wat ons uit die lewe moet kry. Al het ons baie dinge deurgemaak, moet daar lesse wees voor die Woord vir ons geopen word. Want nou gaan die Woord vir ons oopgemaak word en nou gaan ons uit die Woord lees.

Persoon 1: Daar is ook so ’n ding dat jy skep ’n atmosfeer met jou storie en jy vang mense se aandag. Onmiddellik as jy begin daardie storie vertel, dan luister die mense,

want dit is mos nou iets buite die norm. En dan luister hulle daarna en dan vang jy hulle aandag. Dan kan jy hulle aandag hou dwarsdeur die erediens.

Persoon 3: Jy haal die wêreld uit ons uit. Die groot ding is net ons kan nie altyd konsentreer nie so die liturg moet ons aandag trek. Want mens kan net so lank konsentreer.

Persoon 2: Die goeie definisie van ’n liturg is die leier van ’n ritueel. Dit is hoe hulle dit beskrywe. Dit is wat ’n liturgie is, dit is ’n ritueel. Die liturg is die leier van die ritueel. Dit is ’n vorm waarvolgens jy werk. Dit maak nie saak, dit het niks met die persoon te doen nie. As jy nou sê dit moet ’n dominee wees, dit hoef nie ’n dominee te wees nie. Dit hoef nie ’n ouderling te wees nie. Enige iemand wat dit lei, moet daardie volgorde volg.

**2 Hoe sou dit, volgens jou, a. die liturgie beïnvloed en b. die belewenis (toe-eiening) indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies in die erediens teenwoordig is nie, maar wel virtueel (bv. op die geprojekteerde skerm voor in die liturgiese ruimte).**

Persoon 2: Dit gebeur al so baie hier dat die mense liewers na die televisie kyk, omdat hy dan vryheid het. Hy gee in werklikheid nie aandag nie. Hy luister wanneer hy wil en hy luister wanneer hy nie wil nie. Maar daar is geen verbinding nie. As jy dit doen, kan jy netsowel na elke ou se huis toe, hy kan dit met sy “computer” dit by die huis opvang. Dan bring jy daai gemeenskap met die liturg en gemeenskap bring jy in gedrang. Dit is een ding waarvoor ek nie, die tegnologie is baie, baie lekker, jy kan “Skype” dan gaan jy nou naderhand sê maar elke ou sit by die huis, jy het ’n “laptop” en nou preek ons nie. Ek hoef nie meer daar by hulle te kom nie want ek kom daar by hulle met die prentjie. Dis dieselfde as wanneer jy ’n brief skrywe, dan kan jy netsowel ’n brief voorlees. Dit is nie volgens my, is dit heeltemal, dit is nou my gevoel. Ek weet waar daar plekke is wat hulle dit doen. Maar hulle moet net kyk hoe val hulle getalle.

Persoon 4: Wanneer iemand fisies met jou kontak het. Met die Woord. Dan vestig jy jou aandag op hom en jy voel meer geborg, amper so iets. En jy luister meer na hom. Daai ander persoon ken jy nie. Daar is geen verbintenis tussen jou en hom nie. Maar jou predikant, jy vertrou hom, hy gee vir jou berusting hy gee vir jou vertroue. Jy sal eerder na ’n predikant wil luister as na ’n televisie kyk. Wat ook hier ter sprake kom, dink ek, as jy in ’n kerk sit en die predikant lewer sy preek, dan luister almal, almal beleef, jy is ’n gemeente. Jou broers is hier by jou. Maar as jy voor die televisie sit, is jy alleen. En by die televisie kan die telefoon lui en hy steur jou. Of daar is ’n klop aan die deur, daar is die hele tyd iets wat daarop kan inbreuk maak. Ek luister baie keer, as ek nie kerk toe kom nie, luister ek na ’n preek. En dan sê die prediker: “erwyl jy jou koffie drink,” of “erwyl jy dit doen” kan ek maar met jou praat. Dit is nie vir my ’n heilige oomblik nie. Jy dink nie jy is ’n engel nie. Jy wil eerder in ’n kerk is waar daar stilte is, en ’n rustige atmosfeer. Om op die televisie te kyk, is verkeerd.

**3. Is daar na jou mening enige aspekte/momente/sakramente van die liturgie, wat nie sal kan voortgaan indien die liturg (dominee/leraar) nie fisies teenwoordig is nie, maar wel virtueel?**

Persoon 3: Dit is ’n stap waaraan mens sal moet gewoond word. Mense moet gewoond word aan dit, ek kom na die huis van die Here toe. Al is daar ’n prentjie van die dominee op die muur. Dit is ’n ding waaraan ons sal moet gewoond word, ons sal moet aanpas. Ons sal moet baie aanpas, veral ons ouer mense. Vir die jonger mense kan dit dalk werk. Baie mense gaan nie kerk toe kom nie. Want gemeenskap van die gemeente. Dit is die hele ding wat die ding bind, wat ons regkry om die liturg te aanvaar. Maar ons sal moet baie gewoond word as dit “ge-stream” word. Die ding is dit sal dalk gebeur dat ons nie anders kan nie.

Persoon 1: Ons verloor atmosfeer. Die atmosfeer van die kerk as ons na ’n prentjie daar kyk. En daar moet iemand daar wees wat die ding aan die gang hou.

Persoon 3: Kom ons kom terug na die musiek, na vir voorsang. As ek nie sing nie, wat gaan gebeur? As ons net die woorde opsit, wat gaan gebeur. Sannie gaan ’n C sing en

Piet gaan so sing. Heeltemal uit pas uit. As ons dit nie so hanteer nie, gaan dit 'n deurmekaar storie wees.

Persoon 4: Ek sal die dag bietjie laat geslaap het, sou ek kerk toe gekom het as die predikant daar was. Maar omdat hy nou nie daar is nie en ek kyk na 'n beeld, na 'n prentjie ...

Persoon 3: Die fisies jy [is] hier, jy groet ons met die hand. Die oogkontak is altyd daar. Jy kyk vir die lidmate. Jy doen dit al dink jy nie so nie. Jy kyk vir almal so die oogkontak is. Die "body language" is daar. Maar daardie oogkontak is nie daar nie.

Persoon 4: Kan ek dit rofweg stel. As ek verlief is op 'n vrou, wil ek haar hier by my hê. Ek wil nie haar op televisie sien en ons kommunikeer net met mekaar nie. Ek wil haar hier hê, dit voel en dit beleef. En ek wil die predikant beleef. Ek wil nie daar prentjie kyk nie. Ek sal nie kerk toe kom nie.

Persoon 1: As die liturg hier is en hy praat, is daar 'n stroom wat heen en weer beweeg. Maar as ek na daardie prentjie kyk, is dit plat en dood. Jy kry nie daai stroom na jou kant toe nie of terug nie.

Persoon 2: Ons het al hier predikante (toe hulle die liggaamsmodel, toe hulle dit so mooi aan ons verkoop het), het ons van mense van Witrivier, waar ek persoonlik nou die predikante ken, het videos gemaak wat hulle hier gespeel het. Dit is nie naastenby as wanneer die ou daar staan en met jou praat [nie]. Jy ken nie daardie mense nie. Jy ken die predikant. Dit is dieselfde wanneer jy met iemand "Skype"; dit is glad nie dieselfde as wanneer jy met iemand persoonlik praat nie. Dit is nou dieselfde, dit is intieme familie, en jy kan nie met hulle praat en jy luister nie, dit is net nie dieselfde as direk nie. Ek verstaan waar die hele ding heengaan ... kom. Omdat daar minder mense is, hulle kan nie bekostig, hulle kan nie die predikant bekostig nie. Maar ons kan nog altyd ander predikers bekostig. In die jare wat ek in die NG Kerk is, het ek op Koedoeskop vir die eerste gehoor dat 'n ouderling betaal is om te preek. Nooit van te

vore by enige ander plek, of in die Hervormde kerk het hulle die ouderling betaal as hy die dag die predikant se werk moet oorneem nie. Dit was sy liefdeswerk, dit is deel van sy werk, dit is waarvoor hy aangestel is. As ons net van die predikant afhanklik is, ons gaan hom nie meer laterhand kan bekostig in werklikheid nie. Jy gaan dit nie oorkom deur die tegnologie in te span en die predikant kan dan wyer preek nie.

Persoon 3: Hoekom sal ons kerk toe kom om hier te kom TV kyk? En dit is wat die mense gaan maak, hulle sal nie kerk toe kom nie, hulle sal TV kyk by die huis.

Persoon 5: Weet jy wat my net bekommer is, ok ons kyk nou vir jou daar, maar jy gaan jou aanvoeling vir die gemeente verloor. As hier nou nuwe gemeentelede aankom, hoe gaan jy dan weet?

Persoon 1: Dit kan werk.

Persoon 3: Aanpassing. As ons net teruggaan in die tyd, nou kom ek by Tolla van der Merwe se storie, wat almal gehoor het, van die radio. Wat het die mense gedoen? Die een ou, hulle het ver gebly van mekaar af. Die een ou het 'n radio gehad, die ander ouens het nie radio gehad nie, die opvangs was nie daar nie. Dan het hierdie ou die trekkerbattery uitgehaal en ingesit. Dan het die dominee gepreek en dan het die hele storie gegaan oor hoe meer, hoe verder die diens gaan sit almal en luister tot die battery doodgaan. Dit is deel van die storie, dit is deel van die tradisie soos dit was. As dit so moet kom, sal ons moet aanpas.

Persoon 2: Terwyl die diakens en ouderlinge daar is. Diaken het geen meer werk in die kerk vandag nie. Hy het eintlik nie 'n bestaansreg nie. Die ouderlinge is al presies op dieselfde plek omtrent. Ons het bedieninge en die bedieninge doen alles. En die ouderlinge gaan en hulle sê: "Ja". Dit is selde dat jy hoor hulle sê nee. Want die ouderling word nie meer betrek nie, hy is nie meer deel van daardie ding nie. Niemand wil ouderling word nie, niemand wil diaken word nie. Het [ons] onsself gevra hoekom nie? Maar kom ons nie nou daaroor praat nie. Kom ons kyk, waar die mense dit toepas,

het hulle gemeentes gegroei of het hulle gekrimp? Hulle het nou daardie en hulle het ’n voorganger wat nou op die preekstoel gaan staan en dan praat hy en dan lei hy die diens basies terwyl die ander daar gaan. Hulle is nou al half-half terug na wat dit was. Die nuwe Apostolies, het heeltemal weggebreek daarvan. Hulle praat met mekaar en hou konferensies, en alles op die internet. Hulle is baie voor die NG Kerk. Hulle het meer deel, nie ouderlinge nie, jy word opgelei, en op ’n sekere stadium word jy toegelaat om die diens te lei. En twee, drie mense lei partykeer die diens op dieselfde tyd. Hulle het weggegaan van daardie goed af. Want hulle het gesien hulle val uitmekaar uit. Die mense het nie meer kerk toe gekom nie, want as jy kerk toe kom, dan kan dit liewers wees soos die ouetehuis wat hulle dit doen op party plekke. Daar word “gestream” na die ouetehuis toe. Hulle doen dit sommer met draad, nie met internet nie. En dan het hulle ’n televisie daar en al die ou mense wat nie kan kerk toe kom nie, luister daarna. Maar dit is net 50 treë van die kerk af. Maar die predikant het langs hulle gebly. Maar die oomblik wat jy begin oor ‘’n honderd kilometer, daar is party goed wat heeltemal gaan afsterf. Kromdraai se mense gaan baie meer mense wegbly van die kerk af. Ag, ek kan maar net so wel bly want die predikant is mos nie daar nie.

Persoon 3: Tensy dit “gestream” word op ’n kanaal wat almal toegang het tot. Dat die ou dan toegang het by die huis. Dan is die gemeenskap van gelowiges daarmee heen. Tensy die mense besluit ons kom in groepe saam om die diens te kyk.

Persoon 1: Ek voel dit kan werk, dit kan werk dat jy dit doen. Maar dan het jy iemand nodig, ’n sterk leier in daardie groep wat dan in plek van die dominee daar is en tussen in daar werk. Iemand wat die gemeente bind of ’n paar mense wat die gemeente bind dat hulle nog kerk toe kom vir daardie gebondenheid. En dan kom die mense nog kerk toe omdat hulle nog daar is, trek hulle die mense, hulle trek hulle bymekaar.

Persoon 2: Jy moet jou predikant darem nog een of ander tyd sien ook.

Persoon 4: Nou gaan ek miskien heeltemal afgaan maar toe ek ’n jongman was, was ek diaken. Al die vrouens het hoede gedra en die predikant het sy toga gedra. Toe kom

hulle en hulle haal die hoede af, die predikant hang sy toga op, en daar het baie dinge nuut gekom. Die diens moet bly, sodra jy "hom" ook weg vat en jy kyk na prentjies, jy kyk na 'n preek, dan is dit nie vir my meer kerk nie. Dit is nie meer kerk nie. Jy moet 'n predikant voor jou hê, en ek sal sê as dit 'n baie groot gemeente is, sê tot in Vaalwater wat 'n predikant nodig het, moet hy ten minste eenkeer 'n maand soontoe gaan en as daar nie iemand is wat 'n preek kan lewer hierdie kant nie, dan kan hulle dalk iets op die skerm vir hulle gooi. Net om daardie samehorigheid te behou.

Persoon 2: Kom ons draai hom om, en jy preek hier vanaf vir Koedoeskop. En dan kyk jy hoe gou preek jy die gemeente leeg. In ons gemeente, en daar is nie 'n rede in die wêreld hoekom dit by ander gemeentes sal beter of slegter gaan nie.

**4. Sou die uitsending van 'n virtuele liturgie op 'n skerm in die erediens, jou belewenis van die erediens beïnvloed? (Indien "Ja", spesifiseer asseblief waarom. Indien "Nee", spesifiseer asseblief ook waarom.)**

*Die groep het tydens vorige vrae se besprekings hierdie vraag ook aangeraak.*

**5. Dink jy dat 'n virtuele liturgie 'n moontlike, werkbare oplossing kan wees vir 'n tekort aan liturge (dominee/leraar) in plattelandse gebiede?**

Persoon 3: Ja.

Persoon 5: 'n Ou sal moet gewoond raak daaraan. Ons was nou so gewoond van kleintyd af dat die predikant daar voor staan. Dit sal 'n aanpassing wees.

Persoon 3: Daar sal, die punt wat hulle sal moet doen ... Hulle sal 'n groepie van die gemeente bymekaar kom en dit dan beleef, anders gaan dit een-een dan gaan dit nie werk nie. As jy net hierdie gesin het, wat op hierdie plaas bly dan is hulle heeltemal alleen. Hulle moet bymekaar kom. Soos 'n preek luister groep, of 'n selgroep.

Persoon 1: Dan het hulle daardie kerngroep wat die mense trek en die mense bind.

Persoon 2: As jy daar van die muur af, kan jy nie sien hier is nuwe mense nie, dan neem jy aan hier is nuwe mense of kuiergaste. En dan heet hulle welkom daar vandaan af waar jy preek. Nou hoe persoonlik of hoe onpersoonlik is dit om welkom geheet te word in die kerk? Gaan jy dan voel, kyk ek wil graag in hierdie kerk wees? Dit is ’n punt wat ek wil maak.

Persoon 4: Weet jy wat beteken vir my baie? Hierdie samesang. As ons saamsing en ons sing lekker, dan voel jy ’n eenheid. Maar as jy daar anderkant is, is jy alleen. Jy sing buitendien nie saam nie, jy kyk net. Kyk hoeveel predikante kom hiernatoe en sê ons het nog nooit gehoor mense sing so lekker nie.

Persoon 1: Maar as ons nou daardie prentjie op die muur het, hier in ons gemeente. Ons kom die oggend en sing vooraf en ons doen alles want elkeen is deel van die kougom en hier is iemand anders wat kollekte opneem. Daardie groep trek die mense, nie elke Sondag nie. Maar as daar n probleem is ...

Persoon 2: Dit kan werk, maar ek wil graag weet of dit gaan werk.

**ADDENDUM B**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Department Practical Theology**

**LETTER OF INTRODUCTION AND INFORMED CONSENT**

**FOR PARTICIPATION IN ACADEMIC RESEARCH**

**Title Of The Study:**

Beeldsending van die liturgie: 'n Ruimtelik-liturgiese ondersoek

**Researcher:**

Rev. Marco la Grange

Tel: 078 824 6966

Email: marcolagrange@icloud.com

---

You are cordially invited to participate in an academic research study due to your experience and knowledge in the research area, namely Practical Theology. Each participant must receive, read, understand and sign this document *before* the start of the study. If a child is 7 to 17 years old and is requested to partake in a research study, the parent/legal guardian must give consent. Children from 7 to 17 years old are also required to sign an assent form.

- **Purpose of the study**: The purpose of the study is to determine what the effects are on a person and the liturgy, during a service in a congregation, whether the liturgist is present or not. In other words, will a virtual liturgy be possible? The results of the study may be published in an academic journal. You will be provided with a summary of our findings on request. No participant's name will be used in the final publication.

- **Duration of the study**: The study will be conducted over a period of 4 months and its projected date of completion is August 2018.

- **Research procedures**: The study is based on a literature study and focus groups.
- **What is expected of you**: To partake in the focus-group discussion.
- **Your rights**: Your participation in this study is very important. You may, however, choose not to participate and you may also stop participating at any time without stating any reasons and without any negative consequences. You, as participant, may contact the researcher at any time in order to clarify any issues pertaining to this research. The respondent as well as the researcher must each keep a copy of this signed document.
- **Confidentiality**: All information will be treated as confidential and no name needs to be stated on any part of the questionnaire. You, as a person, will be kept anonymous and only the data will be used for research purposes.

## WRITTEN INFORMED CONSENT

I hereby confirm that I have been informed about the nature of this research.
I understand that I may, at any stage, without prejudice, withdraw my consent and participation in the research. I have had sufficient opportunity to ask questions.

Respondent: ______________________

Researcher: ______________________

Date: ______________________

Contact number of the Researcher: Cell: 078 824 6966

## VERBAL INFORMED CONSENT *(Only applicable if respondent cannot write)*

I, the researcher, have read and have explained fully to the respondent, named

________________________________________ and his/her relatives, the letter of introduction. The respondent indicated that he/she understands that he/she will be free to withdraw at any time.

Respondent: ______________________

Researcher: ______________________

Witness: ______________________

Date: ______________________